

**HUWELIKSVERWAGTINGS VAN DIE
FORMEEL OPGELEIDE
SWART LAAT-ADOLESENT EN DIE
IMPLIKASIES DAARVAN VIR 'N
HUWELIKSVOORBEREIDINGSPROGRAM**

deur

MARIA GERTRUIDA STEYN

voorgelê luidends die vereistes vir die graad

DOCTOR EDUCATIONIS

in die vak

SELKUNDIGE OPVOEDKUNDE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

Promotor: Professor E Wiechers

November 1996

Hierdie studie word met liefde opgedra aan

my man, Johan

VERKLARING

Studentenommer: 552-775-9

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat

"Huweliksverwagtings van die formeel opgeleide swart
laat-adolescent en die implikasies daarvan vir 'n huweliksvoorbereidingsprogram"

my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het, deur middel
van volledige verwysings aangedui en erken het.

M Steyn

Steyn M G (Mev)

4 November 1996

Datum

Not that we are fit (qualified and sufficient in ability)
of ourselves to form personal judgements or to claim or count
anything as coming from us, but our power and ability and
sufficiency are from God.

11 Corinthians 3:5 (Amplified Bible)

DANKBETUIGINGS

Aan U, my God en Koning, al die eer en die dank vir die vermoë om hierdie studie te kon voltooi!

Graag betuig ek my dank teenoor:

- My studieleier, professor E Wiechers vir haar motivering en leiding met die studie.
- Professor G D Kamper van die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing aan die Universiteit van Suid-Afrika, wat met sy besondere toewyding en opregte belangstelling in my onderwerp, my behulpsaam was met die empiriese ondersoek en die interpretering daarvan.
- Die biblioteekpersoneel van die Universiteit van Suid-Afrika vir die fotostatering en aanstuur van artikels en boeke - dié diens is uitstekend. In die besonder wil ek Carlien de Beer, vakreferent vir Opvoedkunde, bedank vir haar vriendelikheid en hulpvaardigheid.
- Sabrina Cahill vir die proefleeswerk en taalversorging.
- Zanné van Niekerk vir die tik van die tabelle.
- Berra Kemp van die Departement Rekenaardienste van die Universiteit van Suid-Afrika vir die statistiese verwerkings.
- My man, Johan, vir sy begrip, liefde en ondersteuning.
- My kinders, Marga, Erin, Nicola en Wim wat geduldig met die rekenaar gekompeteer het om my aandag.
- My sussie en kollega, Rina, wat dieselfde pad geloop het en altyd met 'n begrypende oor en opregte belangstelling na my geluister en my aangemoedig het. As sub-hoof het sy my baie tegemoet gekom met die werksindeling hierdie jaar, sodat ek in staat was om my aandag aan my studies te gee.
- My familie vir hulle deurlopende belangstelling en aanmoediging. My ma, Miemie Pretorius, vir haar ondersteuning, belangstelling en gebede wat my gedra het. Maxi, vir haar hulp en ondersteuning en Jo wat met haar besondere taalvaardigheid die teks versorg het. Dan dink ek ook aan my

geliefde ouma wat in die loop van die jaar oorlede is en wat ek ook soms ter wille van my studies afgeskeep het. Ek dink ook aan my pa, Fanie Schoeman, met wie ek hierdie mylpaal graag sou wou deel.

- My skoonfamilie vir hulle belangstelling.
- My vriendinne en kollegas: Darleen, Rona, Madaleen en Sheryl vir hulle belangstelling en ondersteuning. 'n Besondere woord van dank aan my gebedsvriendin, Regina, wat my so ondersteun het met haar gebede, liefde en belangstelling.

Miemsie Steyn

November 1996

Pretoria

OPSOMMING

HUWELIKSVERWAGTINGS VAN DIE FORMEEL OPGELEIDE SWART LAAT-ADOLESSENT EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR 'N HUWELIKSVOORBEREIDINGSPROGRAM

Deur: Maria Gertruida Steyn
Graad: Doctor Educationis
Departement: Sielkundige Opvoedkunde
Universiteit: Universiteit van Suid-Afrika
Promotor: Professor E Wiechers

Suid-Afrika se samelewingstrukture beleef tans 'n grootskaalse morele aanslag wat manifesteer in verskeie patologiese verskynsels waarvan gebrekkige huweliksverhoudings een van die belangrikste vorm.

Verwestersing word deur die literatuurbevindinge van die onderhawige studie uitgesonder as die enkele grootste oorsaak van disfunksionele huweliksverhoudings in swart geledere. Die Westerse kultuur het 'n uiteenlopende impak op swart mans en vrouens. Die vrou bevind haar as gevolg van verwestersing in 'n baie gunstiger posisie, terwyl die man vanweë verwestersing baie in terme van status en gesag prysgee. Dit is gevolglik verstaanbaar dat hy in 'n groot mate waarde bly heg aan die tradisionele kultuur wat hom bevoordeel het. Hierdie spanning tussen tradisionele en Westerse gebruike het tot gevolg dat man en vrou die huwelik met verskillende verwagtings betree.

In terme van die fokus van die onderhawige studie het die vraag ontstaan of die swart persoon wat **formele opleiding** ondergaan in dieselfde mate die dilemma van kulturele verskeurdheid ondervind soos wat in tersaaklike literatuur voorgehou word. Hierdie studie handel spesifiek oor die invloed van Westerse en tradisionele inhoude op die huweliksverwagtings van die formeel opgeleide swart laat-adolessent. By wyse van 'n empiriese ondersoek, aangevul deur literatuurgegewens, is bepaal in watter mate voorgenoemde diskrepansie by die

formeel opgeleide swart laat-adolescent voorkom. Die volgende geld as die belangrikste bevindinge aangaande hierdie groep:

- Hulle beskou hulself deurgaans as verwesters.
- Die voltallige nukleêre gesin word as die ideale gesinsvorm beskou.
- Hulle is deurgaans begerig dat die ilobolotransaksie deel van die huweliksluiting vorm.
- Die meerderheid verwerp die opsie om kinderloos in die huwelik te bly.
- In hul verwagtings word 'n hoë prioriteit geplaas op kenmerke van die Westerse huwelik, naamlik
 - ◆ kommunikasie,
 - ◆ probleme wat onderling deur huweliksmaats bespreek word,
 - ◆ emosionele ondersteuning,
 - ◆ gelykheid en vennootskap in die huwelik, en
 - ◆ getrouheid in die huwelik.
- Albei geslagte is geneë om 'n huweliksvoorbereidingsprogram by te woon.
- Spesifieke potensiële huweliksprobleemareas het te make met
 - ◆ fisiese aanranding,
 - ◆ alkoholmisbruik, en
 - ◆ buite-egtelike verhoudings.

Dié stand van sake impliseer dat die formeel opgeleide swart laat-adolescent 'n eiesoortige huweliksvoorbereidingsprogram benodig wat hom/haar vir Westerse huwelikseise toerus, maar wat ook voorsiening maak vir tradisionele insprake wat steeds 'n appél tot hom/haar rig.

SUMMARY

MARRIAGE EXPECTATIONS OF THE FORMALLY TRAINED BLACK LATE ADOLESCENT AND THE IMPLICATIONS THEREOF FOR A MARRIAGE PREPARATION PROGRAMME

By: Maria Gertruida Steyn
Degree: Doctor Educationis
Department: Psychology of Education
University: University of South Africa
Promoter: Professor E Wiechers

Societal structures in South Africa are currently experiencing a large-scale moral onslaught that is manifested in a variety of pathological phenomena - deficient marital relationships constitute one of the most important of these.

Westernisation is singled out by the literature findings in this study as being the single most important cause of dysfunctional marital relationships among blacks. The Western culture has a quite dissimilar impact on black men and black women. Westernisation leads to the woman finding herself in a much more favourable position, while it demands from the black man an enormous sacrifice in terms of status and authority. He, understandably, remains to a large degree attached to the traditional culture that used to favour him. This tension between traditional and Western custom leads to men and women approaching marriage with divergent expectations.

In terms of the focus of this study, the question arises as to whether the black person who has been formally trained experiences the dilemma of being culturally torn apart to the same extent as has emerged from the relevant literature on the subject. The present study deals specifically with the effect of Western and traditional contents on the marriage expectations of the formally trained black late adolescent. An empirical investigation, supplemented by data from the literature, has been used to determine the extent to which the already mentioned discrepancy

occurs among formally trained black late adolescents. The following are the most important findings with regard to this group:

- They generally consider themselves as being westernised.
- The complete nuclear family is regarded as the ideal type of family.
- They are generally keen to have the ilobolo transaction form part of the marriage contract.
- The majority rejects the option of remaining childless in marriage.
- In their expectations a high priority is given to the characteristics of the Western-type marriage, i.e.
 - ◆ communication,
 - ◆ problems being mutually discussed by marriage partners,
 - ◆ emotional support,
 - ◆ equality and partnership in marriage, and
 - ◆ faithfulness to the marriage partner.
- Specific potential matrimonial problem areas concern
 - ◆ physical assault,
 - ◆ alcohol abuse, and
 - ◆ extramarital relationships.

This state of affairs implies that the formally trained black late adolescent needs a unique marriage preparation programme that would equip him/her for the demands of a Western-type marriage, but that would also make provision for traditional demands that are still appealing to him/her.

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk 1: INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, DOEL EN HOOFSTUKINDELING

1.1	INLEIDING	1
1.2	PROBLEEMSTELLING	3
1.2.1	Agtergrond	3
1.2.2	Hoofprobleemstelling	6
1.2.3	Neweskikkende probleemstellings	7
1.3	TEORETIESE HIPOTESE	7
1.4	DOEL VAN STUDIE	8
1.4.1	Hoofdoelstelling	8
1.4.2	Neweskikkende doelstellings	8
1.5	METODE VAN ONDERSOEK	9
1.6	BEGRIPSVERKLARING	10
1.6.1	Die swart laat-adolescent	10
1.6.2	Formeel opgelei	11
1.6.3	Die swart huwelik	11
1.6.4	Ilobolo	11
1.6.5	Verwesters	11
1.7	HOOFSTUKINDELING	12

Hoofstuk 2: DIE FORMEEL OPGELEIDE SWART LAAT-ADOLESCENT

2.1	INLEIDING	14
2.1.1	Die laat-adolescent se rol as student	16
2.1.2	Die swart laat-adolescent aan tersiêre inrigtings	17
2.2	CHICKERING SE SEWE VEKTORE VAN STUDENTE-ONTWIKKELING	19
2.2.1	Vektor 1 - Die ontwikkeling van vaardighede	19
2.2.2	Vektor 2 - Die beheer van emosies	20
2.2.3	Vektor 3 - Die beweging vanaf outonomieit na interafhanklikheid	22

2.2.4	Vektor 4 - Om volwasse interpersoonlike verhoudings te ontwikkel	22
2.2.5	Vektor 5 - Die ontwikkeling van identiteit	23
2.2.6	Vektor 6 - Die ontwikkeling van doelstellings	23
2.2.7	Vektor 7 - Die ontwikkeling van integriteit	24
2.3	KOGNITIEWE ONTWIKKELING	25
2.3.1	Die kognitiewe gesteldheid van die student	30
2.3.2	Die rol van kultuur in die ontwikkeling van kognitiewe denke	31
2.3.3	Die kognitiewe funksionering van die swart laat-adolessent	32
2.4	IDENTITEIT	35
2.4.1	Inleiding	35
2.4.2	Erikson se psigososiale model van identiteitsvorming	36
2.4.3	Marcia se vier identiteitstatusse	40
2.4.4	Identiteitsvorming by die laat-adolessent	41
2.4.5	Identiteitsvorming by die swart laat-adolessent	42
2.4.6	Cross se model	44
2.5	INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGS	46
2.5.1	Die ontwikkeling van interpersoonlike verhoudings	47
2.5.2	Intieme verhoudingstigting	48
2.5.3	Seksualiteit by die laat-adolessent	48
2.5.4	Die rol van seksualiteit in die intieme verhoudings van die swart laat-adolessent	50
2.6	MORELE ONTWIKKELING	52
2.6.1	Morele ontwikkeling by die laat-adolessent aan tersiêre inrigtings	55
2.6.2	Morele ontwikkeling by die swart laat-adolessent aan tersiêre inrigtings	57
2.7	SLOTOPMERKING	58

Hoofstuk 3: DIE SWART HUWELIK

3.1	INLEIDING	60
3.2	DIE SWART HUWELIK: 'N HISTORIESE OORSIG	60
3.2.1	Die huwelik as instelling	61
3.2.2	Ilobolo	63
3.2.3	Poligamie	65
3.2.4	Die uitgebreide gesin	6
3.2.5	Die rol van die man en vrou in die tradisionele huwelik	68
3.2.5.1	<i>Die rol en verantwoordelikheid van die man in die tradisionele huwelik</i>	69
3.2.5.2	<i>Die rol en verantwoordelikheid van die vrou in die tradisionele huwelik</i>	70
3.3	DIE KONTEMPORÊRE SWART HUWELIK	72
3.3.1	Inleiding	72
3.3.2	Ilobolo	75
3.3.3	Die uitgebreide gesin versus die nukleêre gesin	77
3.3.4	Die algemene stand van die kontemporêre swart huwelik	79
3.3.5	Poligamie versus monogamie in die hedendaagse swart huwelik	80
3.3.6	Die rol van die swart vrou in die hedendaagse swart huwelik	82
3.3.7	Die rol van die swart man in die hedendaagse swart man in die hedendaagse swart huwelik	84
3.4	SLOTOPMERKINGS	86

Hoofstuk 4: RIGLYNE VIR 'N HUWELIKSVOORBEREIDINGSPROGRAM VIR DIE SWART LAAT-ADOLESENT

4.1	INLEIDING	89
-----	-----------------	----

4.2	HUWELIKSVORBEREIDING	90
4.2.1	Die ontstaan van huweliksvorberEiding	92
4.2.1.1	<i>Die geskiedenis van huweliksvorberEiding in Suid-Afrika</i>	94
4.2.1.2	<i>HuweliksvorberEiding vault die tradisionele kultuur</i>	95
4.3	HUWELIKSVORBEREIDING	96
4.3.1	Die inhoudelike van huweliksvorberEidingsprogramme	96
4.3.2	Leemtes in bestaande huweliksvorberEidingsprogramme	99
4.4	TEORETIESE BENADERINGS WAT HUWELIKSVOR- BEREIDINGSPROGRAMME TEN GRONDSLAG Lê	100
4.4.1	Die psigodinamiese benadering	100
4.4.2	Die behavioristiese benadering	103
4.4.3	Die sisteembenadering	105
4.4.3.1	<i>Die sisteembenadering as voorgestelde teoretiese basis vir 'n huweliks- vorberEidingsprogram vir die swart laat-adolesent</i>	107
4.4.3.2	<i>Die genogram as hulpmiddel om inligting oor die gesin van herkoms te bekom</i>	109
4.5	DIE RASIONAAL ONDERLIGGEND AAN 'N HUWELIKSVOR- BEREIDINGSPROGRAM VIR DIE SWART LAAT-ADOLESENT	111

Hoofstuk 5: NAVORSINGSMETODIEK

5.1	INLEIDING	115
5.2	NAVORSINGSMETODES	117
5.3	ONDERHOUDVOERING	117
5.3.1	Doel	119
5.3.2	Metode	119
5.3.2.1	<i>Die selektering van die ondersoekgroep</i>	119

5.3.2.1	<i>Die selektering van die ondersoekgroep</i>	119
5.3.2.2	<i>Onderhoudskedule</i>	120
5.3.2.3	<i>Die onderhoudsituasie</i>	123
5.3.2.4	<i>Ontleding van data</i>	123
5.3.3	Bevindinge	123
5.3.4	Opsomming	126
5.3.5	Voortvloeiende hipoteses	127
5.4	DIE VRAELYSONDERSOEK	128
5.4.1	Doel	129
5.4.2	Metode	129
5.4.2.1	<i>Ondersoekgroep</i>	129
5.4.2.2	<i>Vraelysontwerp</i>	129
5.4.2.3	<i>Verloop van die vraelysondersoek</i>	130
5.4.2.4	<i>Data-ontleding</i>	131
5.4.3	Bevindinge	131
5.4.3.1	<i>Agtergrondgegevens</i>	131
5.4.3.2	<i>Bevindinge volgens geslag as verdeler</i>	135
5.4.4	Hipotesetoetsing	146
5.4.5	Opsomming	148
5.5	SAMEVATTING	149

Hoofstuk 6: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS, RIGLYNE EN AANBEVELINGS

6.1	INLEIDING	150
6.2	SAMEVATTING	150
6.2.1	Doelstelling 1	150
6.2.2	Doelstelling 2	153
6.2.3	Doelstelling 3	156
6.2.4	Doelstelling 4	157
6.2.5	Doelstelling 5	159
6.2.6	Doelstelling 6	160
6.3	GEVOLGTREKKINGS	161

6.4.1	Riglyne ten opsigte van die verrekening van tradisionele faktore in 'n huweliksvoorberei- dingsprogram vir die formeel opgeleide swart laat-adolescent	163
6.4.2	Enkele praktykriglyne vir 'n huweliksvoorberei- dingsprogram vir die formeel opgeleide swart laat-adolescent	165
6.4.2.1	<i>Programontwerp</i>	166
6.4.2.2	<i>Programontwikkeling</i>	168
6.5	AANBEVELINGS	169
6.6	SLOTOPMERKING	170
BYLAE A	171
BYLAE B	177
BRONNELYS	182

INHOUDSOPGAWE VAN TABELLE

Bladsy

TABEL 2.1	STADIA VAN KOGNITIEWE ONTWIKKELING VOLGENS PIAGET SE TEORIE	26
TABEL 4.1	'N VERGELYKING TUSSEN DIE TRADISIONELE EN MODERNE HUWELIK	12
TABEL 5.1	GESLAG	132
TABEL 5.2	OUDERDOM	132
TABEL 5.3	STUDIEJAAR	132
TABEL 5.4	GRAAD VAN VERWESTERSING	133
TABEL 5.5	GESINSTIPE	133
TABEL 5.6	IDEALE GESIN	134
TABEL 5.7	HUWELIKSVERWAGTINGS	136
TABEL 5.8	HUWELIKSPROBLEME	140
TABEL 5.9	EGSKEIDING	142
TABEL 5.10	BUIITE-EGTELIKE VERHOUDINGS	144
TABEL 5.11	HUWELIKSVOORBEREIDING	145

INHOUDSOPGAWE VAN FIGURE

	bladsy
FIGUUR 2.1	CHICKERING SE SEWE VEKTORE VAN
	STUDENTE-ONTWIKKELING 21
FIGUUR 2.2	IDENTITEITSVORMING 42
FIGUUR 2.3	STERNBERG SE MODEL VAN VERVULDE
	LIEFDE 48
FIGUUR 4.1	VOORBEELD VAN 'N GENOGRAM 110

Hoofstuk 1

INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, DOEL EN HOOFSTUKINDELING

1.1 INLEIDING

Verstedeliking en gepaardgaande verwestersing het die sosiale bestel van die swart Suid-Afrikaner tot in sy fundamente geskud. "Never before in the history of mankind would it seem that the family life of a people in so short a period has experienced so sudden and so great a dissociation, necessitating adjustment to new and unforeseen situations, and an orientation to an entirely different way of life" (Strijdom & Van der Burgh 1980:1).

Die verwatering van tradisionele waardes en norme het die kosmologie van die swart Suid-Afrikaner ontwortel, sodat daar 'n koersloosheid in kultuurgeledere ontstaan het wat enersyds manifesteer in die vasklou aan die tradisionele, terwyl daar andersyds 'n uitreik na die Westerse lewensopvatting is. Asana (1990:1) is die volgende mening toegedaan: "More and more modern Africans find themselves between two worlds in today's rapid social change".

Die stremming wat deur sosiale verandering op die gesin geplaas word, maak hierdie instelling weerloos en 'n prooi van disintegrasie. Volgens Steyn (1991:24) word hierdie weerloosheid tekenend geïllustreer deur die stygende egskeidingsyfer, die toename in buite-egtelike geboortes, gesinsgeweld en die soeke na alternatiewe lewenstyle. Disorganisasie wat in die gesin teenwoordig is, is die gevolg van verskeie faktore wat hierdie instelling geïnfiltreer het. Die betekenisvolste hiervan is die bedreiging van die voortbestaan van die uitgebreide gesin (Bloom & Ottong 1987; Boubakar 1981; Mosala 1987; Radebe 1983 en Van Aswegen 1988).

Hierdie gesinstipe (die uitgebreide gesin) se primêre doel is om te dien as stabiliserende basis vir sy lede, met 'n sterk emosionele en materiële ondersteuningselement. Dié stelling word deur Nzimande (1987:33) beaam as sy sê dat in vele gemeenskappe die uitgebreide gesin ook as effektiewe sosiale

welsynsisteem dien deur versorging en ondersteuning aan verskeie groepe afhanklike mense te verskaf. Die kollektiewe aard van die uitgebreide gesin is waardevol in die sin dat dit 'n soort buffer bevat wat die individu beskerm teen die stampe en stote van die lewe.

Verskeie skrywers boekstaaf die feit dat gesinsverbrokkeling vergestalt word in die progressiewe nukleêre tipering van die gesin wat die uitgebreide groep in die stedelike gebied vervang (Boubakar 1981; Chiwome 1994; Dlamini 1987; Mosala 1987; Radebe 1983; Richter, Griesel & Etheridge 1986 en Van Aswegen 1988). Volgens Rautenbach en Kellerman (1990:229) is die nukleêre gesin "... 'n wetlike monogame verbintenis met 'n neolokale vestigingspatroon: 'n relatief egalitêre gesagstruktuur; bilaterale afkomsbepaling en 'n patroon van roldifferensiasie waarin die privaatheid van verhoudinge en kindgesentreerdheid tot belangrike waardes verhef word".

Uit hierdie definisie kan die ambivalensie van die twee gesinsvorme duidelik gesien word. Die essensiële verskil tussen die uitgebreide en kerngesin behels volgens Steyn (1993:11) die volgende:

- Fokus van lojaliteit: verwantskapsverhouding teenoor egtelike verhouding.
- Outonomieit: kerngesinne ingebed in groter huishouding teenoor 'n outonome kerngesin.
- Huishouding: groter huishouding teenoor 'n selfstandige huishouding.

Die kontras tussen hierdie twee gesinstipes word verder benadruk as gelet word op die vreemdsoortige eise wat die nukleêre gesinstipe aan die swart persoon stel, in terme van 'n geïsoleerde gesinstipe "...that calls for a relationship of interdependence among its members which includes emotional support and practical co-operation. If this is not forthcoming, marital disruption occurs, as the support outside the marital relationship, which is found in an extended family, is absent in a monogamous family in urban areas" (Radebe 1983:65).

1.2 PROBLEEMSTELLING

1.2.1 Agtergrond

"Since the stability of a nation is rooted in a stable family life, marriage breakdown is viewed as a social problem which does not only affect the individuals concerned but also the society to which the individuals belong" (Radebe 1983:1).

Die assimilering van die Westerse kultuur met die tradisionele, het 'n bikulturaliteit tot gevolg wat aanleiding gee tot verskeie patologiese verskynsels, waarvan disharmonie in die huweliksverhouding baie prominent figureer. Radebe (1983:67) gee 'n kriptiese verduideliking as sy sê dat die posisie van die man en vrou in die swart gesin sowel as die huweliksverhouding drastiese veranderinge ondergaan het. Sy skryf hierdie toedrag van sake toe aan die feit dat die man se status in stedelike gebiede afgeneem het, terwyl die vrou se status dienooreenkomstig toegeneem het.

Tradisioneel was die vrou as die man se ondergeskikte gereken en het sy haar waarde as vrou getoon deur haar moederskap. Haar huis was haar trots, en die versorging van haar man en kinders was haar primêre taak. Haar man is as gesagsfiguur gehoorsaam, en in hierdie patriargale bestel is hy op alle gebiede beskou as onbetwisbare outoriteit. Die huwelik het 'n kollektiewe onderbou gehad, en volgens Chiwome (1994:67) was die huwelik as't ware tussen **familielede** en nie slegs tussen die twee betrokke **individue** nie.

Die belangrikste kenmerke van die tradisionele huwelik was:

- Primêre ekonomiese en reprodktiewe doelwitte.
- Die potensieel poligamiese aard.
- Die geringskatting van hegte verhoudings.
- Die dominant manlike outoriteitstruktuur.

Steyn en Uys (1983:356) sê dat dié tradisionele eienskappe in direkte teenstelling staan met die Westerse huwelik "... with its ideals of partnership, monogamy, flexible division of labour, and egalitarian decision-making". Hierdie Westerse

model van die huwelik is geskoei op individualiteit wat tot uiting kom in twee persone wat mekaar liefhet, wat bymekaar wil wees en dan besluit om te trou. Die kommunalistiese aspek van die uitgebreide gesin word verruil vir die nukleêre gesin wat gefundeer is in emosionele samesyn en persoonlike satisfaksie, en wat 'n verhouding van kameraadskap, vriendskap, wedersydse respek en begrip hoog aanslaan (Steyn & Uys 1983:356).

Van der Vliet (1982:246) maak die volgende tersaaklike stelling: "It is clear...that the institution of marriage and the nature of male-female relationships in a rapidly changing South Africa are in a state of ferment". Die oorsprong van huweliksonmin in die swart huwelik word deur talle skrywers aan die Westerse kultuur toegeskryf. Veral die swart vrou het deur haar blootstelling aan Westerse gedragskodes en invloede toenemend ontevrede begin raak met haar tradisionele lot. Volgens Van der Vliet (1982:265) is die redes wat vir dié misnoë aangevoer kan word hoofsaaklik gerig op manlike beheer en dominansie. Dit is vir die vrou toenemend onaanvaarbaar om as minderwaardig beskou te word en om hulpbronne met familieledes te deel. Die vrou besef dat die Westerse kultuur die weg vir haar gebaan het vir statusverhoging en 'n huwelik voorhou wat gedeelde belangstellings, emosionele intimiteit en gelyke huweliksrolle veronderstel, en daarna streef sy.

Die Westerse huwelik as ideaal gee aanleiding tot 'n vervreemding van die volkseie en lei tot konflik tussen huweliksmaats. Steyn en Uys (1983:353) gaan ook hiermee akkoord as hulle beweer: "This changing position of the woman has brought problems related to her sexual, marriage and family life".

Aan die ander kant staan die man vyandig teenoor die Westerse indringing in sy tradisionele opvattinge. Die Westerse kultuur dwing hom om aan 'n vreemde waardesisteem onderworpe te wees, en gevolglik word hy dan ook aan gepaardgaande kriteria geëvalueer. Die man het ook nie die Westerse invloed vrygespring nie, en volgens Strijdom en Van der Burgh (1980:2) het hy die Westerse materiële kultuur geïnternaliseer, maar die Westerse geesteskultuur "...[het] aan die Swart man grotendeels vreemdsoortig gebly". Selektiewe

verwestersing het by die man plaasgevind omrede hy net identifiseer met dit wat vir hom die meeste voordeel inhou.

Die diskrepansie wat duidelik na vore kom in die uiteenlopende lewensbeskouinge wat die manlike en vroulike huweliksmaats aanhang, manifesteer onder andere in die volgende huweliksprobleme: buite-egtelike verhoudings en rolonsekerheid. Hierdie probleme sal nou in groter diepte bevra en bespreek word.

1. Buite-egtelike verhoudings

Volgens De Haas (1984:259): "...an overwhelming majority of black men do have regular girlfriends or mistresses..." Alhoewel meervoudige seksuele verhoudings tradisioneel aanvaarbaar was, lei dit tot disharmonie tussen huweliksmaats (Motshologane 1987; Pauw 1976). Vrouens, met Westerse huweliksdeale, strewende na 'n monogame huwelik waar getrouheid baie belangrik is. Radebe (1983:106) sluit hierby aan as sy sê: "...it is clear that polygamous behaviour does contribute to marriage failure because of the fact that an extra-marital affair deprives the marriage of money, time and effort, leaving the marriage depleted and vulnerable to breakdown".

2. Rolonsekerheid

Met die emansipasie van die vrou en haar toetreding tot die beroepsmerk, word daar ook meer eise aan haar gestel in terme van mede-broodwinnerskap, maar bly haar primêre rol tog dié van vrou, moeder en huishoudster. Van die man word vereis dat hy "...addisionele gestake, wat tradisioneel nie aan hom toegeskryf was nie, by sy rol moet inkorporeer" (Steyn 1993:17). Van die man word verwag om betrokke te wees by die versorging en opvoeding van die kinders en om die tradisionele funksie van die vrou te verrig as sy nie beskikbaar is nie. "In hierdie situasie van voortdurende verandering, kan dit gebeur dat daar nie eenstemmigheid is oor die wyse waarop man en vrou mekaar se rolle definieer nie, en dat een of beide nie bereid is om in die proses van interaksie deur onderhandelinge en informele

ooreenkoms 'n eiesoortige patroon vir hul huweliks- en gesinslewe te ontwikkel nie" (Steyn 1993:17). Van der Vliet (1982:258) som die probleem onderliggend aan die onderhawige studie soos volg op: "...amidst the seeming confusion of marriage forms, resulting from new options, a major cleavage exists between the aspirations and expectations of the man and the woman".

Veranderings op politieke, sosiale en ekonomiese front het die formeel opgeleide swart persoon deur middel van regstellende aksie in bestuursposisies in 'n westers-georiënteerde samelewing geplaas waar bepaalde Westerse eise aan hom gestel word. Ook op interpersoonlike vlak word Westerse aansprake in terme van die huwelik op die formeel opgeleide swart persoon gemaak. Die vraag wat ontstaan, is of dié swart persoon kultureel opgewasse is om aan hierdie eise ten opsigte van die huwelik te voldoen, gesien teen die agtergrond van die diskrepansie tussen die tradisionele en Westerse kultuurinsette waaraan hy onderwerp is.

1.2.2 Hoofprobleemstelling

Met voorafgaande as agtergrond, kan die hoofprobleem onderhawig aan hierdie studie soos volg gestel word:

Wat is die huweliksverwagtings van die formeel opgeleide swart laat-adolescent?

Die volgende neweskikkende probleme vloei hieruit voort:

1.2.3 Neweskikkende probleemstellings

- Hoe sien die formeel opgeleide swart laat-adolescente se persoons- en sosiale profiel daar uit? Met ander woorde:
 - ◆ Voldoen hul kognitiewe ontwikkeling aan die eise wat tersiêre inrigtings aan studente stel?
 - ◆ Hoe beleef hulle hul kultuuridentiteit? In watter mate is dit alreeds gevestig?

- ◆ Wat is hul houding teenoor en gedrag in intieme verbintenisse?
- ◆ Hoe funksioneer swart laat-adolessente moreel in terme van kulturele verwagtings?
- Watter verwagtings het die formeel opgeleide swart laat-adolessent van die huwelik in terme van
 - ◆ ilobolo
 - ◆ huweliksvorm
 - ◆ gesinstipe
 - ◆ die rol van die man en vrou in die huwelik?
- Wat is die doel van huweliksvoorbereiding en watter inhoude beslaan 'n huweliksvoorbereidingsprogram?
- Wat is die mees geskikte teoretiese vertrekpunt vir 'n huweliksvoorbereidingsprogram vir die formeel opgeleide laat-adolessent?
- Watter hipoteses kan deur middel van onderhoudvoering gegenereer word aangaande die swart laat-adolessent se huweliksbeskouings en verwagtings?
- Wat sal 'n vraelysondersoek ten opsigte van die huweliksverwagtings van die formeel opgeleide swart laat-adolessent aan die lig bring?
- Watter riglyne kan neergelê word in die ontwerp van 'n huweliksvoorbereidingsprogram vir die formeel opgeleide swart laat-adolessent?

1.3 TEORETIESE HIPOTESE

Met voorafgaande probleemstelling as agtergrond, word die volgende teoretiese hipotese onderliggend aan die studie gestel:

Die diskrepansie tussen die tradisionele en Westerse kultuur wat by die huweliksbeskouing en -verwagtings van die swart persoon (soos beskryf in die literatuurstudie) voorkom, geld nie ten opsigte van die huweliksverwagtings van die formeel opgeleide swart laat-adolessent nie.

Meer gedetailleerde hipoteses volg na die literatuurstudie in hoofstuk vyf.

1.4 DOEL VAN STUDIE

1.4.1 Hoofdoelstelling

Die hoofdoel van die studie is om met behulp van 'n literatuurstudie en empiriese opnames ondersoek in te stel na die huweliksbeleving en huweliksverwagtings van die swart laat-adolescent. Daar sal gepoog word om vas te stel of dieselfde teenstrydighede in huweliksbeleving en huweliksverwagting waarvan in die literatuur sprake is, by die swart man en vrou voorkom wat formeel opgelei is. Die tipering "formeel opgelei" suggereer die vraag of 'n persoon wat tersiêre opleiding ontvang of ontvang het Westerse huweliksdeale nastreef - dit wil sê, of daar 'n verband is tussen **graad van opleiding en verwestersing**.

1.4.2 Neweskikkende doelstellings

Die hoofdoel van die navorsing kan vervolgens in meer spesifieke doelstellings onderskei word. Die spesifieke doelstellings van die studie is die volgende:

- Om deur middel van 'n literatuurstudie 'n persoons- en sosiale profiel van swart laat-adolescent wat aan 'n tersiêre inrigting studeer, saam te stel en om hulle in terme van vier gesigspunte te deurgrond, naamlik hul
 - ◆ kognitiewe ontwikkeling
 - ◆ identiteitsvorming
 - ◆ interpersoonlike verhoudings
 - ◆ morele ontwikkeling.
- Om deur middel van 'n literatuurstudie ondersoek in te stel na die tradisionele swart huwelik en dan ook die swart huwelik soos dit tans daar uitsien onder die soeklig te plaas om te bepaal hoe die twee soorte huwelike verskil in terme van
 - ◆ ilobolo
 - ◆ huweliksvorm
 - ◆ gesinstipe
 - ◆ die rol van die man en vrou in die huwelik.

Sodoende sal faktore onderliggend aan die disfunksionele swart huwelik blootgelê word en kan remediërende stappe geïdentifiseer word om huwelikspatologie in swart geldere te voorkom.

- Om 'n literatuurstudie te onderneem om huweliksvoorbereiding as hulpverlening te bestudeer en vas te stel watter inhoude 'n huweliksvoorbereidingsprogram behoort te beslaan.
- Om in die lig van die literatuurstudie wat onderneem is, 'n teoretiese vertrekpunt daar te stel wat as uitgangspunt kan dien vir 'n huweliksvoorbereidingsprogram vir die swart laat-adolescent.
- Om deur middel van onderhoudvoering hipoteses te genereer aangaande swart laat-adolescente in tersiêre inrigtings se huweliksbeskouings en -verwagtings.
- Om deur middel van 'n vraelysondersoek swart laat-adolescente in tersiêre inrigtings se huweliksverwagtings te bepaal.
- Om na aanleiding van bevindinge van die literatuurstudie en die empiriese ondersoek riglyne neer te lê vir 'n huweliksvoorbereidingsprogram vir die swart laat-adolescent in tersiêre opleiding.

1.5 METODE VAN ONDERSOEK

Die vernaamste ondersoekmetode is 'n literatuurstudie, aangevul deur die empiriese ondersoek wat 'n kwalitatiewe en 'n kwantitatiewe komponent bevat.

Die kwalitatiewe komponent bestaan uit onderhoude wat met vyf getroude swart mans en vyf getroude swart vrouens gevoer word. Die vrae wat in die onderhoud gebruik word, is opgestel op grond van inligting wat uit die literatuur verkry is. Met die inligting wat uit die onderhoudvoering ingewin is, is hipoteses gegenereer wat as basis dien vir die kwantitatiewe komponent van die empiriese ondersoek, naamlik 'n vraelysondersoek.

Met die inligting wat uit die vraelysondersoek verkry word, sal die hipoteses wat uit die onderhoudvoering voortspruit, getoets word en op grond daarvan sal riglyne

vir 'n huweliksvoorbereidingsprogram neergelê word.

Die hoofstukindeling word in 1.7 uiteengesit. Vervolgens word 'n kort omskrywing gegee van die belangrikste begrippe wat in hierdie ondersoek ter sake is.

1.6 BEGRIPSVERKLARING

Die volgende hoofbegrippe soos wat dit in hierdie studie van toepassing is, word in hierdie afdeling kortliks toegelig, naamlik:

- Die swart laat-adolessent.
- Formeel opgelei.
- Ilobolo.
- Swart huwelik.
- Verwestersing.

1.6.1 Die swart laat-adolessent

Die onderskeiding van laat-adolessensie as 'n fase in die menslike bestaan is 'n relatief moderne verskynsel en toe te skryf aan die verlenging van formele onderwys. Tersiêre onderrig het vir baie (en steeds meer) adolessente 'n moontlikheid geword. Die verdere opleiding het die adolessent in 'n eiesoortige kategorie geplaas: Hy is nie meer kind nie, maar as 'n fisies volwasse persoon-in-opleiding is hy nogtans in 'n finansiële afhanklike posisie terwyl hy nog studeer.

Vir die doel van die onderhawige studie is die swart laat-adolessent die persoon wat in die ouderdomsgroep 18-22 jaar val en wat voltydse tersiêre opleiding ontvang. Die begrip "laat-adolessensie" word in hoofstuk twee breedvoerig bespreek.

1.6.2 Formeel opgelei

Vir die doel van die studie beteken "formeel opgelei" om besig te wees met tersiêre studies. Die onderrig is geskoei op Westerse inhoude en impliseer dat die persoon wat formeel opgelei word, in die Westerse kultuur skoling ontvang. Vir die doeleindes van hierdie studie word aanvaar dat die swart laat-adolescent wat nog nie sy formele opleiding voltooi het nie, as "formeel opgelei" beskou kan word op grond van sy blootstelling aan Westerse inhoude.

1.6.3 Die swart huwelik

Die term "swart huwelik" verwys na die huwelik tussen swart mense. Om die lees van die studie te vergemaklik, word die kriptiese term "swart huwelik" deurgaans gebruik.

1.6.4 Ilobolo

Sibiya (1981:199) verduidelik die gebruik van die woord "ilobolo" soos volg: "The word 'ilobolo' is a noun derived from the verb 'lobola'. The noun 'ilobolo' is often written without its prefix i-. This is grammatically incorrect." Die korrekte term "ilobolo" word dus deurgaans in die studie gebruik.

1.6.5 Verwesters

'n Persoon is verwesters as hy die Westerse kultuur met gepaardgaande gebruike, norme en waardes geïnternaliseer het en sy lewensfilosofie en lewenswyse volgens Westerse gedragskodes rig. "Verwesters" veronderstel 'n eindbestemming en impliseer dat die persoon wat verwesters is, eers 'n ander kultuur aangehang het. Vir die doeleindes van hierdie studie verwys "verwesters" na die swart persoon wat (bewustelik of onbewustelik) afstand gedoen het van sy eie tradisionele kultuur ten einde die Westerse kultuur aan te neem. Schmidt (1976:1) sê in dié verband:

"Researchers are particularly interested in using westernization, or the lack thereof, as an independent variable for analyzing social phenomena among Blacks". Schmidt verklaar navorsers se belangstelling in terme van die beduidende effek wat graad van verwestersing het op waarde-oriëntasies, gedragspatrone en lewenstyle.

Dit is belangrik om daarop te let dat alhoewel verwestersing volgens Eurosentriese denke **vooruitgang** beteken, dit vir die swart persoon die **ondermyning** van sy tradisionele kultuur en sosiale sisteme kan beteken (Rip 1977, Van der Vliet 1982, Radebe 1983, Dlamini 1987, Kanjo 1994 en andere).

Ten slotte word daarop gewys dat die manlike vorm (hy/sy/hom/homself) verder deurgaans gebruik word om die lees van die studie te vergemaklik. Die manlike vorm sal dus die vroulike insluit - tensy spesifiek anders vermeld.

1.7 HOOFSTUKINDELING

In hoofstuk een is die probleem gestel en is die hoofdoelstelling en die spesifieke doelstellings van die studie uiteengesit. Enkele begrippe is ook binne die konteks van die studie toegelig.

Die swart laat-adolescent aan tersiêre inrigtings word in hoofstuk twee onder die soeklig geplaas. Daar word gepoog om die swart laat-adolescent vanuit vier perspektiewe te beskryf, te wete:

- Kognitiewe ontwikkeling.
- Identiteitsontwikkeling.
- Verhoudingslewe.
- Morele ontwikkeling.

In hoofstuk drie kom die swart huwelik aan die orde. Die tradisionele swart huwelik word eerstens onder die loep geneem en ondersoek in terme van sy kenmerkende eienskappe, naamlik:

- Ilobolo.

- Poligamie.
- Die uitgebreide gesin.

Daarna word die kontemporêre swart huwelik bespreek en word daar by wyse van 'n vergelykende bespreking na die invloed van Westerse gebruike op tradisionele gewoontes gekyk. Aspekte wat in die bespreking uitgesonder word, is:

- Ilobolo.
- Die monogame huwelik.
- Die nukleêre gesin.

Hoofstuk vier behels 'n verkenning van huweliksvoorbereiding as hulpverlening. Daar word ook gepoog om deur middel van 'n literatuurstudie 'n teoretiese basis te lê wat as vertrekpunt gebruik kan word om 'n huweliksvoorbereidingsprogram vir die swart laat-adolessent te ontwerp.

Die empiriese ondersoek word in **hoofstuk vyf** uiteengesit. Die doel van die ondersoek, die metode van navorsing, die data-ontleding en die bevindinge word hier bespreek.

Hoofstuk ses bestaan uit 'n samevatting van die belangrikste bevindings van die studie. Op grond daarvan word riglyne vir 'n huweliksvoorbereidingsprogram vir swart laat-adolessente neergelê.

Hoofstuk 2

DIE FORMEEL OPGELEIDE SWART LAAT-ADOLESSENT

2.1 INLEIDING

"Humankind has long been preoccupied with its youth. In the collective life of societies, each new generation of young people has been rightly perceived as the rather fragile vessel by which the best of the past - the hard-won fruits of our painful and slippery steps up from the premordial mists - is transmitted into the present. And in the focus of each new generation we have long seen written the future of nations and cultures - the future of humanity itself" (Conger & Petersen 1983:2).

Adolessensie is 'n fassinerende, interessante periode in die menslike lewe, wat gekenmerk word deur vele uitdagings. Dit is 'n tydperk van omvangryke sosiale, emosionele, fisiologiese en psigologiese veranderinge (Mwamwenda 1995:63). Coleman en Hendry (1993:2) beskou adolessensie as 'n oorgangsperiode eerder as 'n stadium. Adolessensie is dus 'n periode waarin die individu van een "toestand" (kinderjare) oorgaan na 'n ander "toestand" - volwassenheid. Le Roux (Van Niekerk & Meyer 1995:18) beweer dat hierdie fase gekenmerk word deur die adolessent se ontwikkeling van morele gedragskodes, sy selfontdekking en sy identiteitsvestiging. Laasgenoemde is 'n kollektiewe term van Erikson (1980:122) wat uitdrukking gee aan 'n persoon se groepsgebondenheid sowel as sy uniekheid as persoon wat weet wie hy is en waarheen hy op pad is.

Daar is verskillende sienings oor die fases en gepaardgaande ouderdomme wat adolessensie beslaan, maar een aspek waaroor navorsers dit eens is, is die feit dat die adolessent in hierdie fase deur die bemeestering van sekere ontwikkelingsake hom toenemend as volwassene aktualiseer.

Balk (1994:40) omskryf die ouderdom tussen 10 en 22 jaar as **adolessensie** en beweer dat die ontwikkeling van die adolessent in drie stadia plaasvind: vroeë

adolessensie (10-14 jaar); middel-adolessensie (15-17 jaar) en laat-adolessensie (18-22 jaar).

In die ontwikkelende lande het die uitbreiding van tersiêre onderrig bygedra tot die ontstaan van laat-adolessensie, ook genoem vroeë/jong volwassenheid as 'n lewensfase, aangesien dit 'n eiesoortige tydperk is wanneer die individu 'n tussen-in status beklee (Evans 1994:41). Badenhorst (1993:10) som laat-adolessensie soos volg op: "Dit impliseer dat sy lewe enersyds nie meer so ongekompliseerd en sorgvry is as tydens sy hoërskooljare nie, maar dat daar andersyds ook nog nie deur die samelewing 'n appél tot hom gerig word om sy volledige opgaaf tot volwassenheid op te neem nie". Erikson (1980:119) noem hierdie fase 'n tyd van psigososiale moratorium - 'n uitstelperiode waarin die adolessent volwasse "rolle" kan inoefen, terwyl die samelewing begrip toon indien daar nog tekortkominge is.

Levinson (1986:9) noem hierdie fase tussen 17 en 22 jaar "early adult transition" en beweer verder dat daar drie belangrike take is wat die individu moet voltooi:

- Die eerste taak is om die adolessente lewenstruktuur te beëindig en om die voor-volwassene wêreld agter te laat. Dié taak gaan met verliese en afskeid gepaard.
- Die tweede taak is dié van individuasie (vgl. ook 2.4.4), wat beteken dat die laat-adolessent homself as 'n individu met 'n eie identiteit beleef, met unieke waardes en doelstellings.
- Die derde taak word aangepak as die eerste tree in die volwassene wêreld gegee word. Tydens hierdie fase word tentatiewe keuses gemaak, moontlikhede verken en stel die individu hom voor hoe hy as volwassene sal optree.

Klein (1990:460) voer aan dat die gemeenskap sekere vooropgestelde idees oor die laat-adolessente fase huldig. Die laat-adolessent behoort teen hierdie tyd die ontwikkelingstake van adolessensie afgehandel te hê en moet nou al gerig wees op sy lewenstaak. Sy seksuele identiteit behoort gevestig te wees, en die gemeenskap en die familie verwag nou van hom om 'n lewensmaat te vind. Indien

hy nie alreeds in 'n beroep staan nie, moet hy besig wees met studies of finansiëel onafhanklik wees. "Having a direction in life and maturely and responsibly working toward achieving their life goals are the key features distinguishing young adulthood from its preceding stages" (Klein 1990:460).

2.1.1 Die laat-adolescent se rol as student

Die problematiek rondom hierdie fase is gesetel in die verlengde periode waarin die vroeë volwassene nog steeds finansiëel afhanklik is van sy ouers of borge. Dit beperk die onafhanklikheid van die laat-adolescent in dié sin dat hy steeds verslag moet doen oor sy doen en late, terwyl daar terselfdertyd van hom verwag word om alreeds grootliks 'n eie identiteit gevestig te hê. Die student voel nietemin ook dat hy 'n mate van beheer oor sy lewe het, veral omdat hy nou sy eie tyd en toekoms kan beplan, besluite kan neem en probleme kan oplos, aldus Evans en Poole (1991:152).

Volgens Klein (1990:457) is die student nie meer 'n adolescent nie, maar ook nie 'n volwassene nie: "Literally, they are properly classified in the current nonexistent middle ground...".

Keniston (Klein 1990:457) onderskei hierdie studentefase (waarin die laat-adolescent hom aan 'n tersiêre inrigting bevind) van die laat-adolescente fase, deur dit "jeug" (youth) te noem. Hy verduidelik sy standpunt deur te verwys na die onderskeidende kenmerke van die studiejare:

- Gedurende dié tydperk begin die individu vir die eerste keer onafhanklik funksioneer en verantwoordelikheid aanvaar, alhoewel net tentatief, aangesien hy nog nie sanksionering van die gemeenskap ontvang het om sy regmatige plek in die volwassene wêreld in te neem nie. Soos Badenhorst (1993:10) dit stel: "Dit wil voorkom asof die studiejare beskou word as 'n soort grasietydperk ter voorbereiding op die wêreld-'daarbuite' tot tyd en wyl die student sy regmatige plek in die samelewing kan volstaan".
- Verder het die meerderheid studente nie finansiële verantwoordelikhede nie,

want ouers, familie, borge of beurse staan vir hulle in. Van die student word ook nie verwag om in 'n beroep te staan nie. As hy 'n deeltydse werk het, word dit aanvaar, maar daar word nie van hom verwag om selfonderhoudend te wees nie.

- Nog 'n kenmerk wat die student se situasie van ander laat-adolescente onderskei, is die vereiste dat die student moet aanpas by vreemdelinge. Aangesien baie studente in koshuise en losieshuise moet tuisgaan, word hulle gedwing om met totale vreemdelinge saam te woon, en dikwels selfs kamers te deel. "In such circumstances, the youths involved must learn to adjust to another biologically unrelated person's quirks and habits, and try to negotiate equitable settlements for disputes that arise" (Klein 1990:465,466).
- 'n Laaste onderskeidende kenmerk van die studiejare is dat daar van die student verwag word om met die verloop van sy studie sy hoofvakke op so 'n wyse te kies dat dit aan sy lewensdoel beantwoord. In die keuse van 'n studierigting berus die verantwoordelikheid op die student om te sorg dat hy in staat sal wees om die arbeidsmark te betree.

2.1.2 Die swart laat-adolescent aan tersiêre inrigtings

Dit is 'n alombekende feit dat die leeromgewing waaraan heelwat swart Suid-Afrikaanse kinders gedurende die afgelope dekade blootgestel is, gekenmerk word deur 'n onstabiele skoolsisteem waar boikotte, wegbly-aksies, protesaksies deur onderwysers, gebrek aan gesag en geweld die botoon voer.

Die slaagsyfer van die afgelope paar jaar is indikatief van die toestand van die swart leerkultuur. Beskikbare statistiek toon dat daar sedert 1980 'n gevestigde patroon van 'n ongeveer 50 persent algemene druipersentasie in swart skole is, terwyl die hoogste matrikulasieslaagsyfer wat tot dusver behaal is, 16 persent is. "To sum up, the schooling system is now experiencing much more than the earlier crisis of trust, acceptance and legitimacy; what is now experienced is a crisis of authority, a shift of power" (Hartshorne 1992:339,340). Die disintegrasie van die leerkultuur

in die swart skool het 'n direkte invloed op die funksie van die skool as sekondêre opvoedings- en sosialiseringinstelling: dit wil voorkom of daar weinig oordrag van gesonde waardes en norme is. Die vraag kan gevra word of die skool in 'n verdraaide leerskool ontaard het. Kinders leer om alle taboes te aanvaar, om gesag in eie hande te neem en om hulle wil af te dwing deur sosiaal onaanvaarbare metodes. Berigte wat daagliks in die media verskyn, beklemtoon die patroon van disorganisasie net verder.

Die swart student is noodwendig die produk van hierdie sosiale ongesteldheid en kom na die tersiêre inrigting met genoemde "bagasie", veral met die opgaaf om die "demokratiseringsproses" of die sogenaamde "struggle" voort te sit.

"Students have played a considerable role in the transformation of universities in South Africa. They have agitated for the democratisation of the university structures of governance, for the relaxation of admission criteria and for the participation in the decision-making processes of universities. Needless to say, the pressure from students has not been the same at all universities, but at universities with a significant black population this has certainly been the case" (Dlamini 1995:40).

Dié navorser beweer verder dat demokratisering die "buzz word" is van studentepolitiek. In studentetaal wil dit voorkom of demokrasie beteken dat studentebelange voorkeur moet geniet bo enige ander oorweging, aangesien die studente die hoofkomponent van die instelling vorm. Die algemene siening is dat hoewel onderrig nadelig beïnvloed word, dit bloot 'n ongelukkige nuwe-effek van deelnemende demokrasie is - dit wil sê, dat besluite wat geneem word, gerig is op die deelname van dié wat deur die besluite geraak word. Tersiêre inrigtings kry gevolglik 'n addisionele opvoedingstaak: om studente ook sosiaal geletterd te maak. Laat-adolessensie is 'n multidimensionele fase waartydens ontwikkeling op feitlik alle gebiede 'n hoogtepunt bereik. Die tersiêre inrigting het hier 'n primêre rol om te vervul - die ontplooiing van die laat-adolescent moet in die regte rigting gekanaliseer word, naamlik na verantwoordelike volwassenheid. Evans (1994:41)

stel dit soos volg: "One function of post-compulsory education (indeed its main function, I would argue) is to maximise individuals' personal fulfilment and their effectiveness as adult citizens".

Chickering (1993:44) is 'n navorser wat 'n leemte in die literatuur raakgesien het met betrekking tot die algemene ontwikkeling van studente. Hy verduidelik sy standpunt: "Without a developmental philosophy at the core of the college, it can become a dispensary of services, a training ground for jobs that may not exist, or a holding tank for those not sure what to do next. Institutions that impart transferable skills and relevant knowledge, bolster confidence and creativity, and engender social responsibility and self-directed learning are needed more than ever. To be effective in educating the whole student, colleges must hire and reinforce staff members who understand what student development looks like and how to foster it" (Chickering & Reisser 1993:44). Daar word vervolgens uitvoeriger na Chickering se teorie gekyk.

2.2 CHICKERING SE SEWE VEKTORE VAN STUDENTE-ONTWIKKELING

Chickering se sewe vektore van studente-ontwikkeling voorsien die ontwikkelingsfilosofie waaraan daar so 'n groot behoefte bestaan. Hierdie "fases" word vektore genoem, omdat elkeen blyk om rigting en grootte te hê, al word die rigting beter uitgedruk in 'n spiraal of stappe, eerder as 'n reguit lyn (vgl. fig. 2.1).

2.2.1 Vektor 1 - Die ontwikkeling van vaardighede

Drie tipes vaardighede ontwikkel wanneer 'n student aan 'n tersiêre inrigting studeer:

- **Intellektuele toereikendheid:** Hierdie vaardigheid impliseer dat die individu sy verstand gebruik. Dit behels die bemeestering van inhoud en, belangriker nog, om 'n repertoire vaardighede op te bou, byvoorbeeld om te begryp, te analiseer en saam te vat. Dit beteken ook om nuwe verwysingsraamwerke te ontwikkel om sodoende meer standpunte te integreer en gevolglik in staat te wees om toereikende strukture daar te stel om waarnemings en


ondervindings te verstaan. "The sense of intellectual competence is particularly important. Because development depends on the ability to symbolize events and objects, growth in intellectual competence influences development along other vectors of development" (Pascarella & Terenzini 1991:20).

- **Fisieke en handvaardighede:** Dié vaardigheid behels atletiese en kunssinnige prestasie en verwys na die ontwerp van tasbare produkte, asook om uithouvermoë, fiksheid en selfdissipline te bereik.
- **Interpersoonlike vaardighede:** Hierdie vaardigheid behels nie net die vermoë om te luister, saam te werk en effektief te kommunikeer nie, maar ook die meer komplekse vermoëns soos om op dieselfde vlak as 'n ander persoon "in te skakel" en persoonlike agendas in ooreenstemming te bring met groepsdoelstellings. "Students' overall sense of competence increases as they learn to trust their abilities, receive accurate feedback from others, and integrate their skills into a stable self-assurance" (Chickering & Reisser 1993:46).

2.2.2 Vektor 2 - Die beheer van emosies

Die meeste studente ondervind emosies soos woede, angs, pyn, verlange, verveling en spanning. Wanneer emosies soos drange, skuldgevoelens en depressie die oorhand kry, kan dit die opvoedkundige proses nadelig beïnvloed. Emosies moet dus beheer word. Ontwikkeling vind plaas wanneer studente leer om langs toepaslike kanale van irritasies ontslae te raak, angs te hanteer voordat dit hulle immobiliseer en emosionele wonde te laat heel voordat dit ander verhoudings infekteer.

**FIGUUR 2.1 - CHICKERING SE SEWE VEKTORE VAN STUDENTE -
ONTWIKKELING**



2.2.3 Vektor 3 - Die beweging vanaf outonomieit na interafhanklikheid

'n Belangrike ontwikkelingstap vir studente is om te leer om te funksioneer met relatiewe selfgenoegsaamheid, om verantwoordelikheid te aanvaar vir die bereiking van self-gekoose doelwitte en om nie so afhanklik te wees van ander se opinies nie. "This involves the will to question social conventions and parental injunctions and resist the pressure to blend into the crowd" (Chickering & Reisser 1993:116). Indien die student bogenoemde ontwikkelingsvlak bereik het, funksioneer hy outonoom.

Die beweging vanaf outonomieit tot interafhanklikheid sluit drie komponente in:

- **Emosionele onafhanklikheid** - om vry te wees van die behoefte aan voortdurende versekering, liefde en goedkeuring van ander.
- **Instrumentele onafhanklikheid** - die vermoë om krities en onafhanklik te dink en met hierdie idees/gedagtes oor te gaan tot aksie.
- **Interafhanklikheid** - 'n bewus-wees van jou plek in en toewyding aan die welstand van die groter gemeenskap. Interafhanklikheid vereis 'n verdere dimensie as outonomieit: om ander mense in ag te neem op die lewenspad.

2.2.4 Vektor 4 - Om volwasse interpersoonlike verhoudings te ontwikkel

Hierdie fase behels eerstens verdraagsaamheid en waardering ten opsigte van verskille, asook die vermoë tot intimiteit. Verdraagsaamheid kan gesien word binne interkulturele en interpersoonlike konteks. Die basis hiervan is die vermoë om teenoor mense te reageer sonder om hulle te stereotipeer. Dit beteken verder ook om gesonde verhoudings aan te knoop en vir die individu om homself tot permanente verhoudings te verbind. Die kenmerke van so 'n verhouding is **eerlikheid en onvoorwaardelike aanvaarding**. "Development means more in-depth sharing and less clinging, more acceptance of flaws and appreciation of assets, more selectivity in choosing nurturing relationships, and more long-lasting relationships that endure through crises, distance and separation" (Chickering & Reisser 1993:48).

2.2.5 Vektor 5 - Die ontwikkeling van identiteit

Volgens Pascarella en Terenzini (1991:20) beklee **identiteitsvorming** 'n sentrale plek in Chickering se teorie. Identiteitsvorming hang nou saam met die suksesvolle voltrekking van ontwikkelingstake wat in voorafgaande vektore bemeestering vereis. Identiteitsontwikkeling behels:

- Tevredenheid met liggaam en voorkoms.
- Gemak met geslag en seksuele oriëntasie.
- 'n Bewussyn van die self in 'n sosiale, historiese en kulturele konteks.
- Verheldering van die selfkonsep deur rolle en lewenstyle.
- Bewussyn van die self in reaksie op die terugvoer van ander mense wat belangrik geag word.
- Selfaanvaarding en selfagting.
- Persoonlike stabiliteit en integrasie.

Indien bogenoemde ontwikkelingstake bemeester is, tree 'n stabiele selfkonsep (geëvalueerde selfidentiteit) na vore.

2.2.6 Vektor 6 - Ontwikkeling van doelstellings

"For large numbers of college students, the purpose of college is to qualify them for a good job, not to help them build life skills applicable in the widest variety of life experiences; it is to ensure a comfortable life-style, not to broaden their knowledge base, find a philosophy of life, or become a lifelong learner" (Chickering & Reisser 1993:50).

Om sin te vind of 'n doel in die lewe na te streef, behels die toenemende vermoë om doelgerig op te tree, om belange en opsies te evalueer en om te beplan ten spyte van struikelblokke. Dit impliseer die formulering van planne vir aksie en die identifisering van prioriteite wat geïntegreer word in drie belangrike elemente:

- Beroepsgerigte planne en ideale.
- Persoonlike belange.
- Interpersoonlike en gesinsverantwoordelikhede.

Hierdie ontwikkeling van singewing verwys ook na 'n toenemende vermoë om verskillende doelstellings te kombineer sodat dit alles uiteenval in 'n groter, breër doel en om dan daaglik doelgerig te leef.

Dit lê dus voor die hand dat, indien daar rigting is wat 'n beroepskeuse betref, persoonlike belange ook daarvolgens gerig sal word en dat dit die stabiliserende agtergrond kan skep waarteen intieme verhoudings tot 'n langtermynverbintenis kan ontwikkel.

2.2.7 Vektor 7 - Die ontwikkeling van integriteit

Hierdie fase hang nou saam net die ontwikkeling van identiteit en die daarstelling van 'n doel. Die fundamentele waardes en oortuiginge voorsien die agtergrond waarteen ondervindinge geëvalueer, gedrag gereguleer en selfrespek behou word. Die ontwikkeling van integriteit behels drie opeenvolgende, dog oorvleuelende fases:

- **Die vermensliking van waardes** - om weg te beweeg van rigiede reëls en waarde-oordele en dit dan aan te pas sodat die medemens se belange en beginsels ook geakkommodeer kan word.
- **Verpersoonliking van waardes** - om bewustelik 'n mens se waardes op 'n kontinue basis te herbevestig, terwyl 'n mens terselfdertyd ander mense se standpunte respekteer.
- **Die ontwikkeling van kongruensie** - om persoonlike waardes in pas te bring met sosiaal aanvaarbare gedrag.

Hierdie fases sluit aan by Kohlberg (1981:19) se hoogste normatiewe vlak, naamlik die vlak van **universele etiese beginsels**. "At heart, these are universal principles of justice, of human rights, and of respect for the dignity of human beings as individuals" (Kohlberg 1981:19).

Uit hierdie ontwikkelingsfilosofie van Chickering is vier van die belangrikste ontwikkelingstake geïdentifiseer wat vir hierdie studie van belang is en wat

vervolgens breedvoeriger bespreek word, naamlik **kognisie, identiteitsvorming, interpersoonlike verhoudings en morele ontwikkeling.**

2.3 KOGNITIEWE ONTWIKKELING

Kognisie bly een van dié belangrikste elemente van enige studie wanneer 'n spesifieke ontwikkelingsfase ondersoek word. Volgens Van der Vyver et al (1991:8) behoort die motivering vir die skoling in onderrig- en leervaardighede prioriteit te geniet veral gesien in die lig van die voortdurende en snelle verandering wat so kenmerkend van die hedendaagse samelewing is.

Om met hierdie verandering tred te hou, vereis 'n ingesteldheid van verwagting, die vermoë om inligting te assimileer, asook 'n vermoë om konstant aan te pas. Genoemde prosesse veronderstel die vermoë om algemene en spesifieke denkvaardighede aan te wend. Hierby sluit Skuy en Mentis (1991:133) aan as hulle sê: "Given South Africa's history and composition, a salient problem confronting education in South Africa ... is the development of the thinking skills or cognitive potential of people during the rapid transition which our society is undergoing".

McShane (1991:14) beskou die basiese take van die kognitiewe sisteem as die ontvangs, prosessering, berging en herroep van inligting. Daehler en Bukatko (1985:1) definieer kognisie soos volg: "Cognition is essentially the act or process of knowing. The emphasis in this definition is not on what is known (the content of knowledge) but instead on how information is represented, organized, treated and transformed to direct and influence the many different behaviours of which an individual is capable".

Daar word allerweë aanvaar dat Piaget die baanbreker van navorsing oor kognitiewe ontwikkeling is (vergelyk o.a. Keating 1980; Andersen 1985; Daehler en Bukatko 1985; McShane 1991 en Balk 1994). Die vier ontwikkelingsstadia wat hy identifiseer, word opsommenderwys in tabel 2.1 verduidelik.

Tabel 2.1

STADIA VAN KOGNITIEWE ONTWIKKELING VOLGENS PIAGET SE TEORIE

STADIA	OUDERDOM	KENMERKE
Senso-motoriese periode	0-2 jaar	<ul style="list-style-type: none"> ■ Reageer op omgewing deur motoriese handeling. Waarneming is baie belangrik. ■ Verkry 'n begrip van die permanentheid van voorwerpe, dit wil sê besef dat as iets uit die gesigsveld is, dit nog bly voortbestaan.
		<ul style="list-style-type: none"> ■ Nabootsing, wat belangrik is vir die latere simboliese funksie. ■ Primitiewe begrip van oorsaak en gevolg, tyd en ruimte. ■ Differensieer tussen homself en die wêreld. ■ Ontwikkel vanaf 'n refleksvlak tot waar hy taal begin gebruik.
Pre-operasionele periode	2-7 jaar	<ul style="list-style-type: none"> ■ Denke kan nog nie "omgekeer" word nie - kan nie van A na B redeneer en weer terug na A nie (pre-operasioneel). ■ Die werklikheid word simbolies voorgestel en gemanipuleer. Egosentries - kan homself nie in 'n ander persoon se posisie plaas nie. ■ Kan nie konsepte vorm nie.

STADIA	OUDERDOM	KENMERKE
		<ul style="list-style-type: none"> ■ Kan nie klassifiseer, desentreer of geheel/deel-verhoudingsterme begryp nie - namate 'n kind ouer word, besef hy byvoorbeeld dat elke verandering in hoogte saamhang met 'n gevolglike verskil in breedte - dit wil sê sy gedagtes sentreer nie op wat hy sien nie, maar sy gedagtes raak gedesentreer - hy is in staat om oor meer as een aspek van 'n situasie op 'n bepaalde oomblik te dink. ■ Onvermoë om konservasie (behoud) te begryp. (Dit beteken byvoorbeeld dat die volume dieselfde bly ten spyte daarvan dat die vorm van die houer verander, soos wanneer water uit 'n lang glas in 'n plat bak gegooi word.)
Konkreet-operasionele periode	7-11 jaar	<ul style="list-style-type: none"> ■ Denke is nie abstrak nie, maar konkreet. ■ Kan omkeerbaar dink. Dus vanaf A na B redeneer en weer terug na A. ■ Begryp konsepte, konservasie, klassifikasie, geheel/deel-verhoudings, verhoudingsterme en het 'n getallebegrip.

STADIA	OUDERDOM	KENMERKE
Formeel-operasionele periode	11 jaar en ouer	<ul style="list-style-type: none"> ■ Denke is abstrak. ■ Denke is hipoteties-deduktief. ■ Benader probleme sistematies en op 'n wetenskaplike manier. ■ Kan verskillende moontlikhede oorweeg en pas kombinasielogika toe - Piaget het adolessenste 'n eksperiment laat doen waarin die opdrag was om vier onbekende kleurlose chemiese oplossings te meng om sodoende 'n gekleurde vloeistof te ontwikkel in kombinasie met 'n vyfde oplossing. Die vloeistowwe moet in 'n sekere volgorde gemeng word om die verlangde resultaat te verkry. Deur dieselfde formule te gebruik, leer die adolessent nog 'n probleemoplossings-metode. Daar word dus nie na die kleur gekyk nie, maar na die wyse waarop die oplossings gekombineer word. ■ Dink in terme van die moontlike sowel as die werklike. ■ Kan interproposisionele logika gebruik, dit wil sê, logika word gebruik om verbale stellings te toets.

(Aangepas uit Gerdes et al 1988:172,173)

Vir hierdie studie is die vierde fase van belang, naamlik die formeel-operasionele fase, wat deur Piaget beskou word as "...the single cognitive accomplishment of the adolescent years" (Keating 1980:211). Alhoewel navorsers verskil oor die ouderdom wanneer hierdie fase 'n aanvang neem, wil dit voorkom asof dit tussen elf- en vyftienjarige ouderdom is.

Volgens McShane (1991:23) behels die formeel-operasionele fase 'n verskuiwing vanaf die vermoë om te dink en te redeneer oor konkrete, sigbare gebeurtenisse na die vermoë om hipoteties te dink - om "wat as" moontlikhede in ag te neem.

Formeel-operasionele denkers is in staat om te redeneer oor abstrakte konsepte sonder dat daar sigbare verteenwoordiging van die konsepte is. 'n Persoon wat tot sulke abstrakte denke in staat is, reflekteer die omringende wêreld meer volledig en kom tot gevolgtrekkings en maak afleidings van waargenome verskynsels wat nie gebaseer is op persoonlike ondervinding nie, maar wat objektief vorm aanneem op grond van logiese denke in 'n gevorderde stadium van die ontwikkeling van kognitiewe aktiwiteit (Luria 1976:100).

Die primêre kenmerk van hierdie stadium is sistematiese denke, asook die vermoë om teenstrydige standpunte in ag te neem wanneer 'n saak beredeneer word (vgl. Balk 1994:111). As die adolessent hierdie fase bemeester het, beskik hy oor die kognitiewe vaardigheid om hipoteses te formuleer oor hoe die samelewing behoort te funksioneer terwyl hy ook die wêreld beter verstaan (Josselson 1980:196). "After emerging from this period, the child has become an adult conceptually and is capable of scientific reasoning - which Piaget takes as the paradigm case of mature intellectual functioning" (Andersen 1985:403). Hierdie skrywer beweer verder dat alle kognitiewe aktiwiteite fundamenteel probleem-oplossend van aard is en dit word gevolglik gesien as gedrag wat daarop gemik is om 'n bepaalde doel te bereik. Die oorspronklike probleem word verdeel in sub-doelstellings wat bereik word deur direkte handeling. Luria (1976:118-119) beskou die basiese prosesse vir probleemoplossing as:

- Die analisering van die probleem.

- Die **generering** van hipoteses.
- Bepaling van **oplossingstrategieë**.
- Die **samevoeging** van die resultate by die voorwaardes wat aanvanklik gestel is.

2.3.1 Die kognitiewe gesteldheid van die student

Volgens Monteith (1994:90) is die student se motivering en kennis medebepalend in sy betrokkenheid by die leersituasie. In hierdie verband, kan kennis omskryf word as alle prosesse waardeur die student kennis verkry oor 'n objek of saak en dit sluit die volgende leerstrategieë in: waarneming, redenering, leer en dink. Weinstein en Mayer (Monteith 1994:91) beweer dat 'n student oor bepaalde leerstrategieë moet beskik wat hy tydens leer moet aanwend en wat daarop gemik is om die verwerking van inligting tot kennis te beïnvloed. Die skrywers onderskei tussen drie kognitiewe leerstrategieë:

- **Repetering of herhaling** wat bloot dui op die opsê van feite, die woordelike oorskryf van leerinhoud. Die verwerking van inligting bly oppervlakkig.
- **Die uitbreidingstrategie** wat die student in staat stel om nuwe inligting met sy bestaande kennis in verband te bring en op 'n dieper vlak plaasvind.
- **Die organiseringsstrategie** wat die student in staat stel om relevante inligting te selekteer en verbande daartussen te vorm, soos byvoorbeeld die identifisering van hoofgedagtes en die gedagtes wat dit ondersteun, en om dan die verbande tussen hierdie gedagtes te lê.

Laasgenoemde strategie sluit aan by Piaget se formeel-operasionele fase.

Dit is 'n wanpersepsie dat alle mense die vlak van formeel-operasionele denke bereik. Mwamwenda en Mwamwenda (1989:43) sê byvoorbeeld: "Given the level of difficulty and complexity of formal operation, only a small percentage of adolescents, college students, and adults attain the formal operational stage". Volgens Piaget kan geen stadium oorgeslaan word nie en moet die kognitiewe ontwikkelingsproses ook in daardie spesifieke volgorde deurloop word (vgl. fig. 2.1). Twee ander kriteria waaraan ook voldoen moet word, is die integrasie en

inlywing van vroeëre strukture in elke opeenvolgende stadium, asook 'n hoë graad van interafhanklikheid van strukture by elke stadium (Daehler & Bukatko 1985:30). Petersen en Craighead (1986:41) beweer ook dat die vermoë tot formeel-operasionele denke nie skielik intree nie - die verandering begin in verskillende areas op verskillende tye en ook nie teen dieselfde tempo nie.

Die primêre kritiek wat teen Piaget se teorie ingebring kan word (vgl. Balk 1994:111) en wat ook vir hierdie studie van belang is, is die feit dat Piaget nie die inspraak van kultuur, of die interaksie tussen die leerder en sy omgewing in ag neem in die vermoë of onvermoë om kognitief te ontwikkel nie.

2.3.2 Die rol van kultuur in die ontwikkeling van kognitiewe denke

Volgens Lawson (Mwamwenda & Mwamwenda 1989:45) is daar 'n betekenisvolle verband tussen die ontwikkeling van formeel-operasionele denke en kultuur. Dit blyk dat sekere kulture voorkeur gee aan die bevordering van formele operasies, terwyl dit in ander kulture onderbeklemtoon word. In hierdie verband sê Luria (1976:3) die volgende: "It seems surprising that the science of psychology has avoided the idea that many mental processes are social and historical in origin, or that important manifestations of human consciousness have been directly shaped by the basic practices of human activity and the actual forms of culture". Ook Donald (1991:11) ondersteun dié standpunt deur te sê dat die kognitiewe struktuur van die menslike verstand grootliks beïnvloed word deur kultuur: "...the brains of many individuals in a particular culture are broadly programmed in a specific way, while in another culture they may develop differently, because user patterns are fundamentally different".

Resnick (1991:3) beskou kognisie as 'n sosiale fenomeen en beweer dat menslike kognisie gevarieerd van aard is en uiters ontvanklik is vir kulturele insette. Alhoewel alle individuele kennis persoonlik gekonstrueer word, bou mense ook hulle kennisstrukture op die basis van dit wat hulle by ander mense hoor - mondelings, geskrewe, by wyse van illustrasies, of in gebare. "We seem to be in the midst of

multiple efforts to merge the social and the cognitive, treating them as essential aspects of one another rather than as dimly stretched background or context for a dominantly cognitive or dominant social science" (Resnick 1991:3). Hy voer die argument verder deur te sê dat die sosiale aspek tot situasies deursuur waarin die individu besig is met private kognitiewe handeling en hierdie handeling word uitgevoer met behulp van instrumente. Hierdie kognitiewe instrumente (cognitive tools) wat 'n mens gebruik, is direk herleibaar tot 'n kultuur se intellektuele geskiedenis. "The tools that one uses not only enable thought and intellectual progress but also constrain and limit the range of what can be thought. In these invisible ways, the history of a culture - an inherently social history - is carried into each individual act of cognition" (Resnick 1991:7).

Opsommenderwys kan gesê word dat menslike kennis voortdurend ontwikkel en direk verband hou met die funksies en doelstellings van die spesifieke kultuur waarbinne 'n persoon beweeg (vgl. ook Daehler & Bukatko 1985:37; Rogoff 1990:37).

2.3.3 Die kognitiewe funksionering van die swart laat-adolescent

Bepaalde kognitiewe verwagtings word gekoester van die laat-adolescent wat tot 'n tersiêre inrigting toegang verkry. Volgens Piagetaanse standaarde word die hoogste vlak van intellektuele ontwikkeling gedurende adolessensie bereik. Die individu se kognitiewe raamwerk is teen die einde van adolessensie feitlik ten volle ontwikkel, alhoewel verdere kennis nog voortdurend verwerf word.

Verskeie belangrike aspekte wat formeel-operasionele denke kenmerk en wat by implikasie ook kenmerkend behoort te wees van die tersiêre student (laat-adolescent), is die volgende:

- Abstrakte denkvermoëns.
- Hipoteties-deduktiewe denkvermoëns, wat verwys na die individu se vermoë om hipoteses te genereer en dan probleme met bepaalde verbande op te los.
- Inter-proposisionele logika - die vermoë om inkonsekwensies tussen

verskillende stellings raak te sien.

- Antisipering van moontlike gevolge - om te voorsien wat die gevolge van potensiële aksies gaan wees, en dan daarvolgens op te tree.
- Introspeksie - die vermoë om kritiese self-evaluering te openbaar (Gerdes et al 1988:310-311).

Dat die swart laat-adolessent nie aan hierdie intellektuele vereistes voldoen nie, is 'n bevinding wat deur verskeie skrywers geboekstaaf word (vgl. Kitchener 1983; Naudé 1991; Skuy & Mentis 1991 en Craig 1991). Hierdie kognitiewe verwaarlosing is te wyte aan die sosio-politiese geskiedenis van Suid-Afrika wat veroorsaak het dat die swart skoolkind nie in sy moederstaal onderrig is nie - in hierdie verband verwys Sibaya, Sibaya en Mugisha (1996:32-37) na die verband tussen taal en denke en koppel die swak matriek-uitsae in Wiskunde aan die feit dat die vak deur medium van Engels (vir die swart leerder 'n tweede taal) onderrig word. Verder het die apartheidsbeleid van die verlede meegebring dat die swart leerder nie voldoende toegang tot leergeleenthede gehad het nie (Gerwel 1992:12; Simon 1986; Luthuli 1982:93). Die onvermydelike gevolg hiervan is dat die swart student as "ondervoorbereid" (underprepared) geëtiketteer word - 'n term wat volgens Moulder (1995:7) 'n eufemistiese verwysing na die swart student is.

Craig, wat sedert 1986 met navorsing besig is rondom die voorbereiding van die swart student om universitêre taakvoltooiing te bemeester, sien ondervoorbereidheid soos volg: "...this notion must refer to people who are competent and clever and otherwise intact but who display knowledge and (problem-solving) operations which are inadequate or inappropriate for the tasks they confront" (Craig 1991:64). Die take waarna verwys word, het 'n sosio-historiese aard, wat impliseer dat die leerder die take nie kan baasraak nie omdat die nodige vaardighede ontbreek. Die swart student het dus 'n kognitiewe agterstand wat hom daarvan weerhou om aan die intellektuele eise wat tersiêre studies stel, te voldoen.

Soos reeds gestel (vgl. 2.3.2), is daar 'n onlosmaaklike verband tussen kennis en kultuur (of omgewingsinsette) en manifesteer hierdie interrelasie ook duidelik in die

ondervoorbereidheid van die swart student. Craig en Kernoff (1995:24-25) debatteer die akademiese ongeletterdheid verder as hulle beweer dat die swart persoon se historiese en sosiale wortels geleë is in mondelinge tradisies - die swart gelowe en praktyke staan op verskeie wyses in konflik met geletterde tradisies, gelowe en praktyke wat kenmerkend is van die Eurosentriese werkwyse van die tradisioneel Westerse kulture.

Op individuele vlak weerspieël die student ontoereikende kognitiewe vermoëns om inhoud te begryp asook onbevredigende meta-kognitiewe beheer tydens taakbetrokkenheid. Luria (1976:118) beweer dat die kognitief agtergeblewene se logiese beredeneringsvermoë gevorm word deur direkte praktiese ervaring terwyl sy teoretiese denke onvoldoende gedifferensieer is van sy praktiese denke. Die swart student funksioneer op dieselfde kognitiewe vlak as die kind, met ander woorde sy gedagtes is nou verbonde aan die konkrete werklikheid, die hier-en-nou. Nyamapfene en Letseka (1995:159) gee 'n kriptiese samevatting: "The various problems all seem to reflect one common origin which could be summed up as 'underpreparedness'".

Volgens Skuy en Mentis (1991:34) vertoon die meerderheid swart Suid-Afrikaanse studente 'n fenomeen van sekondêre agterstand of vertraging (secondary retardation) - dit wil sê, 'n agterstand wat te wyte is aan die gebrek aan MLE (mediated learning experience). Laasgenoemde is 'n konsep van Feuerstein wat gebruik word om die kapasiteit vir die optimale ontginning van kognitiewe potensiaal aan te dui. Dikwels laat faktore soos verstedeliking en industrialisasie die swart persoon in 'n vakuum tussen die Eerste en Derde Wêreld - ontwortel deur die toenemende verlies aan kultuur wat gevolglik sy intellektuele groei laat stagneer. "Translated into cognitive terms, the inadequate development of the prerequisites for thinking and thinking skills has reduced the capacity of children to learn from new experiences, whether in the school, in training, or in life situations" (Skuy & Mentis 1991:34).

Die intreekenmerke waarmee die swart student sy tersiêre studies aanpak, lyk

droewig - op sosiale sowel as individuele vlak - veral in die lig van Piaget se kognitiewe ontwikkelingsteorie en spesifiek die aanname dat 'n individu die toppunt van kognitiewe ontwikkeling tydens adolessensie bereik. Dit het die vraag by navorsers laat ontstaan of daar nog intellektuele groei by die volwassene plaasvind. Pascarella en Terenzini (Balk 1994:121) beweer dat daar verskeie areas is waarin studente kognitief ontwikkel - skryfvaardighede, redenasie op formeel-operasionele vlak, kritiese denke, die aanleer van nuwe konsepte, reflektiewe beoordeling en die vermoë om konseptuele kompleksiteit te hanteer. Verskeie ander skrywers ondersteun ook die standpunt van verdere intellektuele groei (Luria 1976; Craig 1991; Paxton 1995; Santrock 1992 en Daehler & Bukatko 1985). Riegel (Van Ede 1988:173) identifiseer 'n vyfde vlak van kognitiewe ontwikkeling, naamlik die fase van dialektiese operasies.

Op hierdie vlak van kognitiewe ontwikkeling word 'n konsep beter begryp wanneer dit gesien word binne die konteks van ander konsepte wat teenstellend tot mekaar staan. Hierdie stadium word dan ook tydens volwassenheid bereik. Daehler en Bukatko (1985:37) sluit hierby aan as hulle sê: "In dialectical theory, an individual's representations of reality are never complete...". Ook Luria (1976:161) voer aan dat die belangrikste vorm van kognitiewe funksionering - persepsie, veralgemening, deduksie, redenering, verbeelding en die analisering van 'n individu se eie innerlike lewe - varieer soos wat ervaring en blootstelling op sosiale vlak verander en die grondbeginsels van kennis bemeester word.

Die kognitiewe agterstand kan dus vermoedelik in 'n mate ingehaal word. Soos Craig (1991:69) tereg opmerk: "Education's most basic task seems exactly to learn and teach that which has not already developed".

2.4 IDENTITEIT

2.4.1 Inleiding

Die vorming van identiteit word as een van die belangrikste take van die adolessent en ook steeds van die laat-adolessent beskou (Balk 1994; Taylor 1989; Damon

1983; Marcia 1980 en Erikson 1980). Identiteit tree na vore "...as a sense of psychosocial well-being. Its most obvious concomitants are a feeling of being at home in one's body, a sense of 'knowing where one is going', and an inner assuredness of anticipated recognition from those who count" (Erikson 1980:127-128). Damon (1983:325) weer, beskou identiteit as 'n spesifieke stel oortuigings en gevoelens omtrent die individu en sy gedrag. Daar word volstaan met die definisie van Marcia (1980:159) wat identiteit sien as verwysende na 'n "...existential position, to an inner organization of needs, abilities, and self-perceptions as well as to a socio-political stance", en verder as 'n "...dynamic organization of drives, abilities, beliefs and individual history". Met ander woorde, identiteitsvorming vind plaas wanneer al die insette in 'n individu se geskiedenis, tesame met sy ideale, kulmineer in 'n belewenis van wie hy is, hoe hy is en waarheen hy op pad is.

Identiteitsvorming is nie 'n statiese toestand wat onveranderd bly namate dit gevestig is nie - dit kan beskryf word as 'n dinamiese gebeurte wat voltrek word vandat die individu die eerste lewenslig aanskou en wat toenemend voltrek na gelang hy vorder op sy lewenspad.

Die soeke na 'n unieke individuele identiteit bereik gewoonlik 'n hoogtepunt gedurende adolessensie, wanneer die jongmens vir die eerste keer in staat is om abstrak te dink en nie bloot oorweging skenk aan die konkrete nie, maar ook aan dit wat moontlik kan wees. Hy ontwikkel in toenemende mate die vermoë om introspeksie te hou, aangesien hy oor die vaardigheid beskik om sy denkprosesse te evalueer (Gerdes et al 1988:98).

2.4.2 Erikson se psigososiale model van identiteitsvorming

Erikson (1980:56,57) het 'n teorie geformuleer wat van groot belang is vir die ontwikkelingsielkunde omdat dit betrekking het op die hele lewensloop van die mens, vanaf geboorte tot bejaardheid. Die teorie bestaan uit agt fases waardeur die individu ontwikkel. In elke fase word die individu voor 'n uitdaging gestel om

'n bepaalde krisis te hanteer om sodoende na die volgende stadium te kan beweeg.

Erikson baseer sy ontwikkelingsmodel op die feit dat die mens regdeur sy lewe konflikte of krisisse ondervind. Hoewel die oorsprong van hierdie konflikte dikwels biologies van aard is, verg dit psigologiese aanpassing omdat die gemeenskap bepaalde sosio-kulturele eise stel. Derhalwe postuleer die model van Erikson psigologiese konflik as die stukrag agter fundamentele menslike ontwikkeling.

Erikson (1980:53) voer verder aan dat elke mens oor 'n sogenaamde **genetiese grondplan** beskik wat sy soeke na identiteit beheer. Hierdie genetiese grondplan manifesteer in agt "krisisse" wat die basis van ontwikkeling vorm. Hoewel die krisisse nie katastrofies is nie, bring dit die individu by 'n keerpunt en word hy op dié wyse gedwing om 'n keuse te maak. Hoe suksesvoller die krisisse hanteer word, hoe gesonder sal die ontwikkeling wees.

Erikson (1980:57-107) meld agt krisisse aan die hand waarvan psigososiale ontwikkeling plaasvind. By die benoeming van elke wordingsperiode stel Erikson ook die teendeel - naamlik wat gebeur as die "wordings- of ontwikkelingskrisis" nie toereikend te bowe gekom word nie. Ook gebruik hy die begrip "versus" (teenoor) om die stryd tussen die twee pole van sukses en mislukking aan te dui. Die agt fases word vervolgens kortliks bespreek:

- **Vertroue versus wantroue** (eerste lewensjaar): Vertroue vereis 'n gevoel van fisiese gemak en 'n minimale vrees vir die toekoms. Vertroue in hierdie verband verwys na die vaste wete dat daar in die kind se fisiese en emosionele behoeftes voorsien sal word. Met die bevrediging van die behoeftes het die kind die waagmoed om sy wêreld te verken sonder die vrees dat sy behoeftes en daarmee saam sy vertroue misken gaan word.
- **Outonomieit versus teruggetrokkenheid** (een tot drie jaar): Die peuter wil onafhanklik wees, maar as hy te veel ingeperk word, kan dit sy waagmoed aan bande lê.
- **Inisiatief versus skuld** (ongeveer die vierde en vyfde lewensjaar): Die kleuter

leer nou om verantwoordelikheid te aanvaar vir sy liggaam, gedrag, speelgoed en so meer. Verantwoordelikheid bevorder inisiatief. Die kind mag skuldig voel indien hy homself as onverantwoordelik beleef en dit gee aanleiding tot angstigheid.

- **Vlytigheid versus minderwaardigheid** (ongeveer die sesde tot die elfde lewensjaar): In hierdie fase het die kind die opgaaf om sy plek te vind tussen sy eie portuur. Hy wil nou sy energie rig tot konstruktiewe en sosiaal aanvaarbare aktiwiteite. Hy wil gereedskap leer gebruik en word in 'n mate in die tegnologie van sy samelewing ingelyf. In die portuurgroep word prestasies en vaardighede met mekaar vergelyk en is die potensiële gevaar die belewing van ontoereikendheid en minderwaardigheid. Deurdadig dat die kind blootgestel word aan soveel nuwe kennis en bykomende intellektuele vaardighede ontwikkel, sal hy leer om iets te bereik waaraan hy nie self gedink het nie - hier is die hulpverlening van die onderwyser baie belangrik.
- **Identiteitverwerwing versus identiteitsverwarring** (ongeveer die 12de tot die 22ste lewensjaar): Tydens hierdie fase word die adolessent intra-psigies met vrae gekonfronteer soos: Wie is ek? Wat gaan ek met my lewe maak? Al vier die vorige fases van identiteitsverwerwing kulmineer in hierdie fase en daar is 'n element van elke fase in die adolessent se identiteit terug te vind. Identiteitsverwerwing is 'n voorvereiste vir volwasse keuses en besluitneming. In hierdie fase eksperimenteer die adolessent met verskeie rolle (beroepsrolle, romantiese rolle, ensovoorts). Indien die adolessent nie gemaklik is met 'n rol wat aan hom toegeken word nie (byvoorbeeld die rol as student), kan dit tot rolverwarring en uiteindelik rebellie aanleiding gee wat manifesteer in die versmading van sosiaal aanvaarbare gedrag (Erikson 1980:97).
- **Intimiteit versus isolasie** (laat-adolessensie): Hier kom die individu voor die ontwikkelingstaak te staan om intieme verhoudings met ander te stig. As intimiteit nie uit 'n gesonde vriendskap voortspruit nie, kan dit isolasie tot gevolg hê. Volgens Mwamwenda (1995:354) is die belangrikste ontwikkelingstake van hierdie stadium om in die huwelik te tree en 'n beroep te vestig (nie noodwendig in hierdie volgorde nie). Die vroegvolwassene

begin in verhoudings met ander betrokke raak wat net kan slaag indien sy identiteit sterk gevestig is. 'n Persoon met 'n stabiele identiteit is in staat om 'n intieme verhouding met 'n ander persoon te geniet - 'n verhouding wat gewoonlik oorgaan in 'n huwelik.

Balk (1994:131) sien identiteitsvorming metafories as 'n reis wat onderneem word - op sekere tye kom die persoon 'n vork in die pad teë, waar 'n keuse uitgeoefen moet word. Hierdie vurke is die ontwikkelingskrisisse wat positiewe identiteitsvorming bevorder. Deur sy keuse uit te oefen, aanvaar hy verantwoordelikheid daarvoor. "Thus, for Erikson, the life-long journey of identity formation involves meeting crises and making commitments" (Balk 1994:131). Marcia (Pascarella & Terenzini 1991:164) ondersteun die gedagte met sy beskouing van identiteitsvorming as die funksie van twee psigososiale take, naamlik die ervaring van 'n krisis - wat die keuse tussen sinvolle maar kompeterende alternatiewe insluit - en ook die onderneming van die individu om homself tot sy keuse te verbind. As die laat-adolessent se identiteit toereikend ontwikkel, behoort dit volgens Markstrom-Adams (1992:173) die volgende kenmerke te vertoon:

- Begrip vir die enersheid en aaneenlopendheid van die self oor tyd en ruimte heen.
- Om rigting en doelstellings vir jou eie lewe te hê deur waardes en ideale na te streef.
- 'n Self wat geïntegteerd is en gekenmerk word deur 'n gevoel van eenheid.
- 'n Gedefinieerde self wat deur ander gerespekteer en geag word.

Die psigo-sosiale fase van **intimiteit versus isolasie** volg na dié van identiteitsverwerwing. Laasgenoemde is dus 'n voorvereiste vir suksesvolle hantering van die krisis wat in hierdie stadium na vore kom.

- **Generatieweit versus stagnasie** (middেলvolwassenheid): Met generatieweit word bedoel die genoegdoening wat die volwasse onervind wanneer hy die jonger generasie bystaan om betekenisvolle lewenstyle te ontwikkel. Stagnasie tree in wanneer 'n persoon voel hy het niks beteken vir die

volgende geslag nie.

- **Integriteit versus wanhoop** (laatvolwassenheid): Gedurende hierdie fase word 'n lewensevaluasie gemaak in terme van dit wat primêr positief of primêr negatief is met betrekking tot die individu se lewe. As die lewe in retrospeksie as vol en ryk beleef is, sal dit 'n gevoel van genoegdoening tot gevolg hê (integriteit), maar as daar met spyt retrospeksie gehou word, is daar wanhoop oor verspilde jare.

2.4.3 Marcia se vier identiteitstatusse

Marcia (1980:161) onderskei in sy bespreking van die identiteit van die laat-adolessent, tussen vier "posisies" wat identiteit kan inneem:

- **Die bereiking van identiteit** verwys na die toestand waar 'n persoon homself verbind het aan 'n keuse wat uit die krisis ontvou het.
- **Afsluitingsfase/verhindering** (foreclosure) sluit daardie individue in wat hul keuses gemaak het (gewoonlik soortgelyk aan dié van hul ouers) en nie die alternatiewe as moontlikhede teen mekaar opgeweeg het nie.
- **Diffusie** (diffusion): hierdie status word gekenmerk deur die afwesigheid van enige krisisperiode; en die individu verbind hom ook nie tot 'n keuse nie.
- **Die moratoriumstatus** beskryf mense wat aktief besig is om identiteitsalternatiewe teen mekaar op te weeg - dit wil sê, hulle staan midde-in 'n krisis, maar het hulself nog nie verbind tot 'n keuse nie (Marcia 1980:161-162; Pascarella & Terenzini 1991:164).

Onderliggend aan hierdie vier posisies is ook Erikson se idee van 'n krisis (of besluitnemingsperiode), aldus Marcia. Die persoon verbind hom in twee areas: beroep en ideologie. 'n Persoon wat homself in die eerste "posisie" bevind, het alreeds 'n besluit geneem, met ander woorde, homself verbind tot 'n spesifieke beroep en 'n bepaalde ideologie. Dié posisie dui dan op 'n gevestigde identiteit.


In navolging van Erikson onderskei Gerdes et al (1988:96-98) tussen 'n openbare, 'n persoonlike en 'n individuele identiteit:

- Vanaf die geboorte-uur het die individu 'n **openbare identiteit** en word met betrekking tot ander persone/mense geïdentifiseer, byvoorbeeld die seuntjie van mevrou Badenhorst. Hierdie openbare identiteit verander soos wat die persoon verskillende rolle aanneem, byvoorbeeld as skoolier, as werker, as ouer. Die openbare identiteit is ook afhanklik van die wyse waarop ander mense die betrokke individu beoordeel.
- Die tweede komponent van 'n persoon se identiteit het betrekking op sy gevoel dat sy bestaan aaneenlopend van aard is oor tyd en omstandighede heen. Alhoewel 'n individu in vele opsigte gedurende sy lewensloop verander, verskeie rolle vertolk en in verskillende omstandighede uiteenlopend optree, behou hy sy identiteit, dit wil sê, bly hy dieselfde mens.
- Die derde aspek van identiteit is die **individuele identiteit** wat betrekking het op 'n persoon se subjektiewe bewustheid van sy eie uniekheid en individualiteit. "Die individuele identiteit word gevorm...deur die ontwikkelende vermoë om jouself as 'n afsonderlike, unieke individu met bepaalde attribute, belange, waardes, oortuigings en sosiale bande, te omlyn" (Gerdes et al 1988:96-98).

2.4.4 Identiteitsvorming by die laat-adolessent

Laat-adolessensie neem primêr 'n aanvang wanneer die persoon na sy skoolopleiding die veilige vesting van 'n ouerhuis verlaat en sy vlerke spreid. Die deurslaggewende ontwikkelingsstaak in hierdie stadium is **identiteitsvestiging**, waar die vroeë volwassene die inhoud van sy kultuur bevraagteken, sekere waardes verwerp en ander internaliseer wat deur nuwe ervarings aan hom voorgehou word - sodoende bevestig hy sy outonomieit (vgl. fig.2.2).

Stevens-Long en Cobb (1983:303) beskou individuasie (individuation) as "...the young adult's steady progress toward a stronger, more stable identity as an individual, different from but related to her or his parents".



(STEVENS - LONG & COBB 1983 : 304)

Die laat-adolesent met 'n gevestigde identiteit - dit wil sê, 'n individu wat weet wie hy is en waarheen hy op pad is - sien homself as iemand wat uniek is, al is daar opinies, waardes en belangstellings wat hy met ander deel (Conger & Cooper 1984:6).

Volgens Semaj (1985:174) is daar 'n beduidende verskil tussen die Euro-Amerikaanse lewensbeskouing (wat ook die Westerse ideologie insluit) en die lewensbeskouing van die "African world". Sy stel haar standpunt soos volg: "From the Euro-American world view the self is that which distinguishes and separates the individual from everyone else... The situation contrasts with the African world view in which the self has a broader frame of reference; namely, the collective representation of one's identity". Met ander woorde, die swart persoon se lewensfilosofie is kommunalisties of gemeenskapsgebonde en daarom vind identiteitsvorming in 'n groepskonteks plaas soos in die volgende gedeelte beskryf word.

2.4.5 Identiteitsvorming by die swart laat-adolesent

Navorsing oor hierdie aspek is nie volop nie. Hieruit blyk dat identiteitsvestiging by

die swart laat-adolesent deur die jare nie navorsingsprioriteit geniet het nie. In hierdie verband sê Pascarella en Terenzini (1991:166): "One of the most noteworthy results of our review of the research literature on identity formation is the absence of studies dealing with identity development among black students".

Die eiesoortige identiteit van die swart persoon tree duidelik na vore as 'n vergelyking getref word tussen die "Westerse" self en die "swart" self. Omdat die mens 'n sosiale wese is, moet identiteit binne 'n kulturele konteks beskou word. "What is prevalent in Africa and other third world cultural milieus is the interdependent perspective of the self with the emphasis on connectedness, relatedness and interdependence... Characteristic of the perspective of the self is this tendency to act in harmony with other's wishes and expectations rather on the basis of personal wishes" (Mwamwenda 1995:424).

Dit is duidelik dat die basis van die Westerse identiteit op **uniekheid** geskoei is, terwyl die "swart" identiteit 'n **kollektiewe** onderbou het.

Phinney en Rosenthal (1992:145-149) noem die swart identiteit 'n "etniese identiteit" en voer aan dat die etniese identiteit 'n sosiale identiteit is, gewortel in die kultuur waaraan 'n persoon behoort. Etniese identiteit is 'n gegewe, 'n persoon se erfenis en sluit die volgende komponente in:

- Self-identifikasie as lid van die groep.
- Gevoelens van behoort aan en verbondenheid tot die groep.
- 'n Positiewe (of negatiewe) houding teenoor die groep.
- Gedeelde waardes en houdings.
- Spesifieke etniese tradisies en praktyke soos taal, gedrag en gebruike.

Genoemde navorsers beweer verder dat adolessente wat tot swart etniese groepe behoort, se identiteitsvorming 'n bykomende dimensie bevat: die swart adolessent word blootgestel aan 'n dominante kultuur wat noodwendig die swart persoon se kultuur beïnvloed. Verder het die swart adolessent die addisionele taak om sy sosiale identiteit en sy individuele identiteit bevredigend te integreer. Individuele

aspirasies mag dus nie in stryd wees met sosiale norme en waardes nie.

Taylor (1989:157) voer aan dat die swart adolessent meer spanning en druk in hierdie fase ondervind as sy wit eweknieë. Identiteitskonflik vier hoogty by die swart laat-adolessent, veral gesien teen die sosio-politieke agtergrond van Suid-Afrika waar die swart adolessent se kultuur doelbewus verkleineer, geïgnoreer en gedegradeer is tot 'n minderwaardige gemeenskapsvorm (vgl. Luthuli 1982:33; Goduka 1996:30). Dié minagting van die swart kultuur het veral gemanifesteer in die onderwys, behuising en algemene infrastruktuur wat die swart persoon se lewenswyse gekenmerk het. Die noodwendige gevolg hiervan is dat die identiteit van die swart mens 'n geweldige knou toegedien is deur die jare. Alhoewel faktore soos verstedeliking en industrialisasie belangrike bydraes lewer in die vervreemding van 'n eie kultuur, is daar ook by die swart laat-adolessent 'n negering van die eie - dit word as primitief en waardeloos ervaar. Hierdie is dus 'n verdere opgaaf wat die swart laat-adolessent het alvorens die identiteit gevestig kan word: om tot die punt te kom waar hy sy etniese identiteit aanvaar en koester.

Cross (1991:190-223) is een van die min navorsers wat die konsep van swart identiteit onder die loep geneem het. Sy model geniet ook die wydste erkenning onder ander navorsers.

2.4.6 Cross se model

Volgens dié navorser (Cross 1991:190-223) deurloop die swart persoon vyf stadia in die vorming van 'n persoonlike identiteit:

- **Fase 1 - voor-ontmoeting/ voorkennismaking (pre-encounter):**
Die persoon se lewensbeskouing word gedomineer deur Euro-Amerikaanse (Westerse) determinante, met die klem op assimilering of integrering in die dominante, blanke wêreld.
- **Fase 2 - ontmoeting/kennismaking (encounter):**
'n Gebeurtenis soos die moord op Chris Hani, dwing die individu tot konfrontasie met die vraag of die swart mens sy regmatige plek in die wêreld

inneem. Uiteindelik lei dit daartoe dat hy die aanvanklike standpunte en oortuiginge wat hy gehuldig het, in heroorweging neem.

- **Fase 3 - diepgang versus ontsluiting/sigbaarwording (immersion vs. emersion):**

Hierdie fase verteenwoordig die individuele soeke na 'n nuwe begrip van die self as **swart**. Hierdie "diepgang" veronderstel 'n verdieping of introspeksie met die siening dat wat **swart** is, waarde het. Dit is 'n oorgangsperiode wat gekenmerk word deur 'n emosionele assosiasie met alles wat Afrosentries is. Die swart persoon in hierdie fase verromantiseer sy "swart"-wees en sal byvoorbeeld 'n haarstyl kweek wat eie is aan die swart kultuur en ook betrokke raak by politieke strydvrae en homself vereenselwig met alles wat "swart" is. In die "sigbaarwording" (emersion) fase, ontwikkel die persoon 'n nugter en realistiese perspektief van sy "swart" identiteit en begin die identiteitsvorming stabiliseer.

- **Fase 4 - internalisering (internalization):**

Die persoon is op sy gemak met sy identiteit as 'n swart persoon. Die identiteit is geïnternaliseer en ontdaan van die storm-en-drangfase. Die persoon beoordeel nou ander mense, kulture en situasies vanuit 'n gevestigde identiteit.

- **fase 5 - internalisering - toewyding/verbintenis tot (internalization - commitment):**

Cross (1991:220) verwys hier na die persoon wat met sy geïnternaliseerde identiteit homself verbind tot alle aangeleenthede wat die swart persoon raak. 'n Persoon wat hom in hierdie fase bevind, beywer hom vir die welsyn van die swart kultuur. Dit is die ideale uitkoms van die proses en verskil van fase 4 in die sin dat die individu bereid is om homself te verbind tot aktiewe politieke en sosiokulturele hervorming in die gemeenskap (aangepas uit Cross 1991:190-223).

As die individu sy identiteit langs hierdie vyf fases voltrek het, het hy 'n volwaardige identiteitstatus bereik en vertoon hy die volgende persoonseienskappe:

- 'n Vertroue in sy eie waardes.

- 'n Onafhanklike, outonome lewenswyse.
- Die vermoë tot intieme verhoudingstigting.

"...[they] have come to terms with several domains of social life (specifically religion, politics and occupation), and their choices in the domains enhance their abilities to contribute to society" (Balk 1994:132).

Cross se model hou nie noodwendig tred met veranderinge hier te lande nie - die identiteit van die swart laat-adolescent is besig om te verander as gevolg van die politieke ommeswaai wat in Suid-Afrika plaasgevind het. Die swart persoon bevind hom nie meer in die posisie van 'n "oppressed people" nie. Die jaar 1992 verteenwoordig nie alleen die aanbewindkoming van 'n nuwe regering nie, maar ook die begin van 'n proses van swart bemagtiging in die vorm van regstellende aksie en toegewings aan die eise van swart vakbonde en stakers. Een van die resultate van hierdie proses is 'n snelgroeiende swart middelklas.

2.5 INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGS

2.5.1 Die ontwikkeling van interpersoonlike verhoudings

Die vorming van interpersoonlike verhoudings is 'n dinamiese aangeleentheid wat 'n duidelik waarneembare ontwikkelingselement bevat. Die nuwelingstudent lei hierdie fase in deur plotseling in 'n ander verhouding tot sy gesinslede en spesifiek sy ouers te staan. Daar is reeds melding gemaak van individuasie en differensiasie (vgl. 2.4.4), waar die individu verworwe waardes en norme moet herevalueer en nuwe ervarings moet inkorporeer by 'n eie lewensfilosofie.

Dunphy (Damon 1983:257-259) voer ook aan dat die sosiale verhoudings van die adolescent stapsgewys ontwikkel: vriendskap sluit aanvanklik net een maat in, daarna word 'n vriendskap gevorm met 'n groep van dieselfde geslag. Uiteindelik beweeg die laat-adolescent na 'n meer intieme verhouding met 'n lid van die teenoorgestelde geslag. Bloss (1979:411) sluit hierby aan deur te sê dat namate die adolessensiefase ten einde loop, daar 'n geleidelike verandering in die aard van

persoonlike en sosiale verhoudings intree en dat die adolessent meer selektief is waar hy in verhoudings betrokke raak. Die verhoudings moet naamlik aan die adolessent se persoonlike en sosiale behoeftes en verwagtings voldoen.

Verskeie navorsers wys op die kousale verband tussen 'n gevestigde identiteit en die vermoë tot intieme verhoudingstigting (Erikson 1980; Josselson 1980; Stevens-Long & Cobb 1983 en Devenish et al 1992). Ferns (1990:6) sluit hierby aan deur te sê: "Tydens vroeë volwassenheid is die individu gereed en gemotiveerd om sy identiteit, wat tydens adolessensie gevestig is, met dié van 'n ander individu te laat saamsmelt ten einde 'n gemeenskaplike identiteitsgevoel te ontwikkel". Chickering en Reisser (1993:172) beweer voorts dat 'n toenemende kapasiteit vir intimiteit betrekking het op verantwoordelikheid, respek en eerlikheid. Studente met 'n toenemende vermoë tot intimiteit se verhoudings word derhalwe gekenmerk deur wedersydse insette asook hoë vlakke van vertrouwe, openheid en stabiliteit.

2.5.2 Intieme verhoudingstigting

Dat die vermoë tot intieme verhoudingstigting progressief van aard is, word deur Reis et al (1993:642) soos volg verduidelik: "Certain forms of cognitive development that occur during early adulthood may be essential for true adult intimacy". Hulle bespreek dan navorsingsresultate waarin hulle uitwys dat die korrelasie tussen volwassenes en finalejaarstudente met betrekking tot intimiteit beduidend groter was as tussen volwassenes en eerstejaars. Die gevolgtrekking lui: "One explanation is that, at age 18, the traits and skills necessary for interacting intimately have not yet developed fully. By age 21, in contrast, enduring styles of interaction had apparently emerged". Intimiteit in hierdie verband word dus gesien as die produk van volwasse denke en 'n gevestigde positiewe selfidentiteit.

Sternberg (Santrock 1992:492) het 'n teorie van romantiese liefde ontwikkel waarvolgens hy romantiese liefde aan die hand van 'n driehoekmodel verduidelik (vgl. fig.2.2). Hierdeur word geïllustreer dat liefde drie oorhoofse elemente bevat,

naamlik hartstog, intimiteit en verbondenheid.

Hartstog is die fisieke en seksuele aantrekkingskrag tussen twee persone. Intimiteit verwys na emosionele ervarings van warmte, nabyheid en wedersydse betrokkenheid. "Commitment is our cognitive appraisal of the relationship and our intent to maintain the relationship even in the face of problems" (Santrock 1992:492). As daar byvoorbeeld net hartstog in 'n verhouding is (met intimiteit en verbondenheid laag of afwesig), is daar sprake van verliefdheid.

**FIGUUR 2.3 - STERNBERG SE MODEL
VAN VERVULDE LIEFDE**



(SANTROCK. 1992 : 493)

Slegs indien al die komponente van liefde teenwoordig is, word die volheid van werklike liefde beleef - wat Sternberg vervulde liefde (consummate love) noem. Dit is teen die agtergrond van vervulde liefde (consummate love) dat 'n verhouding by 'n psigo-seksueel volwasse persoon 'n seksuele dimensie kry. Morris (1994:52) beweer dat volwasse seksualiteit volgens die Eriksonse teorie net in 'n omgewing van intimiteit kan gedy en dat 'n gevestigde identiteit ook 'n voorwaarde vir intieme

verhoudingstigting is. Vervolgens sal die fisiese aspek van intimiteit by die laat-adolescent bespreek word.

2.5.3 Seksualiteit by die laat-adolescent

Rosenthal en Moore (1993 - Introduction) beweer dat alle teorieë rakende adolescent-ontwikkeling **seksualiteit** as kriterium gebruik om die oorgangsperiode vanaf kindwees tot volwassewording aan te dui. Voydanoff en Donnelly (1990:22) sien die oorgangskenmerke weer vanuit 'n ander perspektief as hulle aanvaar dat die wisseling van fases gekarakteriseer word deur **outonomie**; deurdat adolescent toenemend verantwoordelikheid moet aanvaar vir hul eie gedrag asook die gevolge van hulle handeling.

Pretorius (vgl. Le Roux & Dey 1994:76) voer aan dat die huidige tydgewrig waarin norme en waardes gerelativeer, geminimaliseer en genihileer word, veroorsaak dat die moderne mens nie meer altyd tussen reg en verkeerd kan onderskei nie en gevolglik in 'n normkrisis verkeer. Die laat-adolescent het vandag baie meer vryheid as 'n paar dekades gelede. Die wenkbroue word nie meer so hoog gelig oor voorhuwelikse seks en saambly nie. "These social changes have been accompanied by increases in the sexual activity of young people in recent decades" (Voydanoff & Donnelly 1990:24).

Die gesin as sosiale instelling het die belangrike opgaaf om die kind seksueel weerbaar te maak in terme van kennis en verantwoordelikheid. Hierdie seksuele voorbereiding van die kind vind plaas deurdat die kind die ouer as rolmodel nastreef en naleef. "Positiewe geslagsrolidentifikasie verwerklik in 'n opvoedingsmilieu waar faktore soos liefde, medemenslikheid en ware huweliksgenootskap geredelik beskikbaar is" (Le Roux & Dey 1994:77). Die laat-adolescent wat 'n produk is van genoemde huislike omstandighede, is derhalwe ook meer verantwoordelik en beoefen sy seksualiteit in 'n langtermynverhouding en is dus nie geneig om geïsoleerde seksuele verbintenisse aan te knoop nie.

Volgens Rosenthal en Moore (1993:12) bepaal sosio-kulturele faktore 'n adolessent se seksuele verhoudings, deurdat party kulture hulself meer leen tot 'n liberale seksuele lewenswyse. Met ander woorde, in party samelewings is voorhuwelike gemeenskap aanvaarbaar terwyl ander kulture afkeurend teenoor sulke verbintenisse staan. Dié twee navorsers konstateer: "One of the most powerful influences on adolescents' sexual experience is race... African-American boys and girls become sexually active earlier than white adolescents and, at every age, more African-Americans are having intercourse." Voydanoff en Donnelly (1990:41) hipotetiseer oor die rede hiervoor wanneer hulle sê dit is omdat swart adolessente normaalweg uit die laer sosio-ekonomiese klasse kom en dus meer blootgestel is aan die gepaardgaande gevolge van 'n lae inkomste of armoede. Volgens hulle teorie is daar 'n verband tussen sosiale omgewing, en houding en gedrag. Dié verband dien as verklaring vir die houdings- en gedragsverskille tussen swart en wit adolessente, meen hulle. Die meerderheid swartes bevind hulle in 'n lae sosio-ekonomiese klas gekenmerk deur armoede wat, volgens voorgenoemde siening, hand aan hand gaan met 'n meer liberale beskouing van seksuele verbintenisse (Rip 1977:34). Dié stelling word vervolgens verder ondersoek.

2.5.4 Die rol van seksualiteit in die intieme verhoudings van die swart laat-adolessent

Geslagsgemeenskap vorm die kern van intieme verhoudings by die swart laat-adolessent. Dit blyk ook uit verskeie navorsingsbevindinge dat die seksuele dimensie 'n ander konnotasie in die swart kultuur het as in westers-georiënteerde denke. Van der Vliet (1982), Preston -Whyte (1993) en ook Pettapiece (1993) is enkele navorsers wat wys op die waarde wat die seksuele aspek vir die swart persoon het. Vir die vroulike laat-adolessent is dit 'n persoonlike bevestiging van haar begeerlikheid, die bewys dat sy aanvaarbaar is. Pettapiece (1993:2) gee 'n ander perspektief: "...black teenage girls are choosing to have children in order to fulfill a need for affection, to have someone to give love to and someone to receive it from in return...". Hy verduidelik die behoefte aan aanvaarding in terme van Maslow se teorie - liefde, emosie, en die behoefte om te behoort, is derde in die

hiërargie van menslike behoeftes wat deur Maslow onderskei word.

Volgens Pettapiece (1993:11) speel sosio-historiese aspekte nog steeds 'n rol in die seksuele gedrag van die **swart man**. Aangesien die oorgrote meerderheid geen ekonomiese status geniet nie, word manlikheid bewys deur viriliteit - met ander woorde, seksuele prestasie is by die manlike adolessent die maatstaf waardeur sy status onder sy vriende bepaal word. Pettapiece wys verder daarop dat vir die swart persoon uit 'n lae sosio-ekonomiese klas "...sex is very much a thing of immediacy... it has its own intrinsic worth, enjoyment for the moment". Hy voer aan dat 'n langdurige verhouding afbreuk doen aan die man se "manlikheid". Hierdie argument verklaar die seksuele ingesteldheid wat die **hier-en-nou** belangrik ag.

Page (1990:27) het navorsing gedoen onder swart vroulike adolessente tussen die ouderdom van 16 en 21 jaar rakende hulle seksuele gedrag. Haar bevindinge het getoon dat 70% respondente tussen die ouderdom van 16 - 17 jaar nog maagde was, terwyl die persentasie na 39% gedaal het vir die ouderdomsgroep 18 tot 19 jaar, en dat alle respondente tussen 20 en 21 jaar al seksuele omgang gehad het.

Navorsing gedoen deur Seabela (vgl. Edwards 1994:123) in verband met die ouderdom waarop die eerste seksuele ondervinding plaasvind, het die volgende getoon:

- 12% tussen die ouderdom 12-14 jaar.
- 84% tussen 15-17 jaar.
- 4% tussen 18-20 jaar.

Hierdie bevindinge is verteenwoordigend van die algemene seksuele gedrag van die swart adolessent. "Although these aspects are significant, research indicates that one is confronted with a multitude of underlying and interacting factors which have resulted in present day sexual attitudes and practices" (Edwards 1994:126).

Dit is 'n ongelukkige toedrag van sake dat "...young people with the fewest resources - those who are poorer, less educated, nonwhite, from the least stable

families, and who have the poorest life chances - are the ones who are most apt to become sexually active when they are quite young" (Voydanoff & Donnelly 1990:41).

Die vraag ontstaan of die student meer verantwoordelike seksuele keuses sal maak namate hy kognitief ontwikkel, dit wil sê, wanneer hy op formeel-operasionele vlak kognitief begin funksioneer. Opvoeding in hierdie verband is ook noodsaaklik. "Sexual intimacy for today's students involves greater danger than ever before. Development in this area involves becoming informed about sexually transmitted diseases, safe sex and ways to set clear boundaries" (Chickering & Reisser 1993:172).

Die laat-adolessent aan tersiêre inrigtings moet opgevoed word tot verantwoordelikheid sodat hy voorkomend sal dink in terme van intieme verhoudings. Dit wil sê, die laat-adolessent moet oorweging skenk aan die noodwendige gevolge van voorhuwelikse en korttermyn-seksuele verbintenisse, naamlik 'n houding van promiskuiteit (wat ook in die huwelik ingedra kan word), buite-egtelike kinders en die gevaar van vigs. In aansluiting by genoemde onderwerp sal morele ontwikkeling breedvoeriger bespreek word.

2.6 MORELE ONTWIKKELING

Een van die kernvrae wat opduik as morele ontwikkeling onder die soeklig geplaas word, is: Wat is die bron van morele outoriteit, dit wil sê, op watter gesag is 'n kwessie moreel al dan nie? Volgens Stevens-Long en Cobb (1983:360) is daar twee antwoorde: **Eerstens** definieer die standarde van 'n gemeenskap morele gedrag, met ander woorde, die kultuur is die fundamentele bron van morele gesag, en **tweedens** word elke mens met 'n sin vir geregtigheid gebore.

Lawrence Kohlberg (1981:409-412) het 'n kognitiewe teorie van morele ontwikkeling daargestel om te verduidelik hoe 'n persoon deur middel van redeneringsvermoë tot morele handeling oorgaan. Hy glo dat daar drie vlakke van

morele ontwikkeling bestaan, waarvan elk twee stadia bevat. Die basis van morele ontwikkeling is 'n persoon se inherente sin vir geregtigheid en nie die sosialiseringproses nie.

Volgens Kohlberg is daar 'n noue verband tussen kognisie en morele ontwikkeling en is die ontwikkeling derhalwe ouderdomsgebonde en veral funksioneringsvlakgebonde. Voor die ouderdom van nege jaar, redeneer 'n kind op 'n prekonvensionele wyse, teen vroeë adolessensie op 'n konvensionele manier en teen vroeë volwassenheid het net 'n klein persentasie die laaste vlak van morele denke bereik (Santrock 1992:375). Hy verduidelik soos volg: "My cognitive hypothesis is, basically, that moral judgment has a characteristic form at a given stage and that this form is parallel to the form of intellectual judgment at a corresponding stage...each new stage of moral judgment entails a new set of logical operations not present at the prior stage" (Kohlberg 1981:136).

Volgens Santrock (1992: 374,375) is die sleutelbegrip in Kohlberg se teorie **internalisering**, naamlik die ontwikkelende verandering in gedrag, vanaf **eksterne** beheer tot gedrag wat **intern** beheer word. Die vlakke word kortliks beskryf:

- **Prekonvensionele beredenering** is die laagste vlak. Die kind internaliseer nie morele waardes nie - morele beredenering word beheer deur eksterne negatiewe en positiewe sanksionering.
- ◆ In die **eerste stadium** is die kind gehoorsaam omdat morele denke op straf gebaseer is.
- ◆ In die **tweede stadium** is die kind se redeneervermoë egosentries en selfsugtig van aard - hy gehoorsaam met die doel om beloon te word.
- **Konvensionele beredenering** - die persoon hou by sekere reëls, maar dit is nog steeds die standarde van ander wat geld, soos dié van die ouers of die gemeenskap.
- ◆ Met die **derde stadium** aanvaar die persoon die ouers se waardesistiem onvoorwaardelik. "(Dit word ook die "good boy - nice girl" oriëntasie genoem). Aanvaarbare of "goeie" gedrag is dié gedrag wat deur ander mense goedgekeur word en gebaseer is op konformerings (Kohlberg

1981:18).

- ◆ Tydens die **vierde stadium** is morele oordele gebaseer op insig en begrip in die sosiale bestel.
- **Postkonvensionele beredenering** is die hoogste vlak van morele ontwikkeling. Nou is moraliteit heeltemal geïnternaliseer en nie gegrond op ander se standaarde nie. Die persoon neem kennis van alternatiewe morele roetes, verken die opsies en besluit dan op 'n persoonlike morele kode.
- ◆ **Stadium vyf:** Die persoon verstaan dat waardes en norme relatief is en dat dit van een persoon tot 'n volgende mag verskil. Hy besef dat reëls belangrik is, maar ook dat reëls verander kan word. Hierdie stadium word gekenmerk deur 'n blindelinge navolging van reëls en regulasies. Die sanksionering wat die gemeenskap aan gedrag gee deur wette neer te lê, word slaafs nagevolg.
- ◆ **Die sesde (laaste) stadium** weerspieël die hoogste peil van morele ontwikkeling. Die persoon het 'n morele standaard ontwikkel wat gebaseer is op universele menslike regte. "Die klem val op rasionele, persoonlike besluitneming en betekenisgewing. Wanneer 'n individu op hierdie vlak wegbreek van die samelewing se reëls, aanvaar hy die gevolge van sy daad soos wat dit deur die samelewing voorgeskryf word" (Badenhorst 1993:186). Wanneer 'n situasie dit vereis, verhef die persoon homself as't ware bo die reëls rakende die situasie en neem 'n besluit op grond van die vereistes van die bepaalde situasie - beginsels word dus bo reëls gestel. So kan 'n persoon byvoorbeeld genadedood toedien, al is dit volgens wet moord. Volgens Kohlberg word hierdie vlak eers met volwassenheid bereik. Daar is egter volwassenes wat nooit hierdie kerf bereik nie, deels vanweë 'n lae kognitiewe ontwikkelingspeil (Gerdes et al 1988:322).

By die laat-adolesent word konformering aan die sosiale en kulturele verwagtings nou gewoonlik geïnternaliseer as deel van die individu se waardesisteem. Daar sal vervolgens na morele ontwikkeling by die laat-adolesent gekyk word.

2.6.1 Morele ontwikkeling by die laat-adolesent aan tersiêre inrigtings

Teen laat-adolessensie word veronderstel dat die individu al die derde vlak van Kohlberg se teorie, naamlik **postkonvensionele beredenering**, bereik het. Hierdie perspektief is net moontlik indien 'n persoon aan ander kulture en waardesisteme blootgestel is (Stevens-Long & Cobb 1983:357). Deurdat die individu gekonfronteer word met andersoortige waardesisteme, is hy in staat om deur middel van morele beredenering sy eie lewensfilosofie te vorm. Volgens Chickering en Reisser (1993:235) bevat so 'n lewensfilosofie fundamentele waardes en oortuigings wat die basis vorm waaruit ervarings geïnterpreteer, gedrag bepaal en selfrespek behou word.

Pascarella en Terenzini (1991:341) haal talle navorsingsbevindings aan wat op 'n hoë positiewe korrelasie tussen die vlak van formele opleiding en morele ontwikkeling dui. Hulle kom ten opsigte van morele ontwikkeling tot die gevolgtrekking dat "...students generally make statistically significant gains during college" (Pascarella & Terenzini 1991:341). Dat daar 'n definitiewe kousale verband tussen kognitiewe ontwikkeling, sosialisering en morele ontwikkeling bestaan, word bevestig deur Stevens-Long en Cobb (1983:349) as hulle sê: "Age-related changes in moral reasoning are assumed to occur because of increased cognitive maturity and increased experience in social situations... The mark of social learning theory is its emphasis on the interaction of cognitive maturity and social learning experiences; together these factors determine a person's moral understanding at any point in life". Deur middel van 'n persoon se kontak met die sosiale bestel en formele kennis in 'n diverse leeromgewing, word sy morele identiteit gevestig. Dit wil sê - 'n student kom na die tersiêre inrigting uit 'n bepaalde normatiewe agtergrond. Deurdat hy blootgestel word aan andersoortige waardesisteme, verbreed sy eie verwysingsraamwerk en word sy morele identiteit gevestig.

Pascarella en Terenzini (1991:365) beweer ook dat die sleutelrol van tersiêre inrigtings daarin geleë is om prinsipiële morele denke (vlak drie) te stimuleer deur

die student bloot te stel aan talryke intellektuele, kulturele en sosiale ervarings om hom sodoende moreel weerbaar te maak. Dit bly nog 'n ope vraag of tersiêre inrigtings houdings- en waardeveranderings teweegbring, en of die veranderings wysigings in die breë gemeenskap weerspieël.

Feit bly staan: die laat-adolesent se morele ontwikkeling is duidelik waarneembaar in sy studiejare. Pascarella en Terenzini (1991:277-282) verwys na heelwat navorsingsgetuïenis wat die volgende boekstaaf:

- Die student raak in toenemende mate altruïsties, filantropies, met 'n besondere maatskaplike verantwoordelikeheidsin, asook 'n gepaardgaande sosiale gewete.
- Houdings- en waardeveranderings vind plaas in sy politieke denke - die individu neem liberaler politieke standpunte in en hy toon groter belangstelling in sosiale en politieke kwessies, asook intenser betrokkenheid in die politieke proses.
- Daar word ook meer akkommoderend teenoor die nie-konformerende opgetree, met 'n hoër mate van verdraagsaamheid teenoor politieke en sosiaal andersdenkendes. Verder word mense van ander rasse met respek bejêen, en daar is groter ondersteuning vir individuele regte.

Daar is dus 'n duidelike dinamiek te bespeur in die ontwikkeling van die morele identiteit by die laat-adolesent. 'n Eng waardesisteem wat geskoei is op insette vanuit die gesin en skool, word verbreed om ook ander waardes en norme te akkommodeer.

Bengston en Starr (Stevens-Long & Cobb 1983:469) beweer dat die adolesent in sy volwassewording skepties raak en die politieke sisteem as ontoereikend beleef. Hoe die adolesent op hierdie persepsie reageer, word in 'n groot mate deur sy gesitueerdheid bepaal. Hierdie stelling word vervolgens onder die loep geneem.

2.6.2 Morele ontwikkeling by die swart laat-adolescent aan tersiêre inrigtings

"The French philosopher Descartes is quoted as having said 'I think therefore I am'. Correspondingly, from an African perspective, Senghor has asserted 'I feel, therefore I am'" (Mwamwenda, 1995:422).

Studente-aktivisme is al met verskillende kulturele faktore verbind, soos byvoorbeeld verstedeliking en gesinsmobiliteit, maar veral met die toenemende getal jongmense aan tersiêre inrigtings. Veral die swart student word met aktivisme geassosieer (vgl. ook 2.1.2).

Studente-aktivisme is nie 'n nuwe fenomeen nie, dit dateer terug na die opstande aan Oxford-universiteit in 1354. Aktivisme word as deel van morele ontwikkeling beskou aangesien dit 'n aanduider is van die wyse waarop morele ontwikkeling by die laat-adolescent plaasvind. "This is important because there has been little empirical work on the distinctive aspects of morality in adolescents and youth" (Hoffman 1980:330).

Studente-aktivisme is 'n emosiebelaaide verskynsel en weerspieël spesifieke waarde-oordele. "The ethic of rights and justice...is depicted as being mainly concerned with rights of individuals and their protection, that is, ways of ensuring that rights of individuals will not be interfered with by others" (Nunner-Winkler 1984:350). Hierdie stelling vorm die basis van aktivisme by die swart student. Gallatin (Stevens-Long & Cobb 1983:470) postuleer dat aktivisme teweeggebring word deur 'n spesifieke gebeurtenis. In die geval van die swart laat-adolescent is hierdie "gebeurtenis" eintlik 'n reeks gebeure wat 'n aanvang geneem het tydens die apartheids-era en deurlopend voorkom, ondanks bewindsoorname in die vorm van 'n swart meerderheidsregering.

Turiel en Smetana (1984:266) maak die volgende stelling: "The individual's moral reasoning and moral behaviour are formed through the acquisition of modes of cultural orientations. According to this view, social systems can be characterized by a predominant orientation of the individual to the group". Sommige sosiale sisteme is hoofsaaklik individualisties, terwyl ander meer kollektivisties van aard is met 'n beklemtoning van afhanklikheid, gesag, sosiale hiërargie en konformerings.

Volgens Mwamwenda (1995:421) het die swart persoon ("African") 'n eiesoortige persoonlikheid en hy haal verskeie skrywers aan wat die karaktertrekke van dié persoonlikheid soos volg omskryf:

- "An African is said to be more committed to the celebration of the moment than a dedication to the future" (Westermann in Mwamwenda 1995:421).
- Die swart persoon stel homself ondergeskik aan die eise en belange van die gemeenskap waaraan hy verbonde is.
- Die swart persoon se bestaan en denke word deur die kulturele konteks bepaal en sy gedrag reflekteer die belange en sanksies van sy gemeenskap.
- Sy persoonlikheid neig na afhanklikheid eerder as selfstandigheid.
- Die belange van die groep word vooropgestel en die gemeenskapsisteem funksioneer met die doel om die individu te laat assimileer eerder as om hom tot persoonlike vryheid en onafhanklikheid aan te moedig.

Dit is dus voor die hand liggend dat die morele identiteit van die swart laat-adolescent gesetel is in sy kulturele agtergrond waaruit hy kom. Die vraag kan gevra word of daar dan by die swart laat-adolescent nie eerder sprake is van 'n kollektiewe morele identiteit as van 'n individuele morele identiteit nie. Dit impliseer dan dat die swart student genoodsaak is om uit empatie op te tree omrede hy hom vereenselwig met die groep waaraan hy verbonde is.

2.7 SLOTOPMERKINGS

Die onderhawige hoofstuk het ten doel gehad om ondersoek in te stel na die eiesoortige wyse waarop ontwikkelingstake deur die swart laat-adolescent

aangepak word. Na analogie van Chickering se model van studente-ontwikkeling, is die swart laat-adolescent wat hom in sy studiejare aan 'n tersiêre inrigting bevind, vanuit vier gesigspunte deurgrond.

Hierdie vier domeine, te wete **kognisie, identiteit, interpersoonlike verhoudings en morele ontwikkeling**, funksioneer interafhanklik in die toenemende persoonsvoltrekking van die laat-adolescent.

Die wyse waarop die swart laat-adolescent uitgebeeld is, noep tersiêre inrigtings om aan te pas by die swart student wat tans die voedingsbron van dié instellings vorm. "Om sy funksies doeltreffend te kan vervul - selfs om hoegenaamd te kan bestaan - is 'n universiteit genoodsaak om aansluiting te soek by die kenmerkende sosiale en kulturele waardes van sy besondere ondersteunersgemeenskap... Die gemeenskap sal die universiteit graag volledig wil inspan as agent vir die handhawing van sy eie kulturele identiteit" (Verslag van die hoofkomitee van die KUH-onderzoek 1986:6). Tersiêre inrigtings in Suid-Afrika sal toenemend Derde-wêreldgesitueerd moet raak om aan die behoeftes en eise van sy studente te voldoen.

Vervolgens gaan die swart huwelik onder die soeklig geplaas word - 'n instelling wat ook wesenlike veranderinge ondergaan het en waarvan die swart laat-adolescent 'n bepaalde verwagting koester, naamlik dat dit sal aanpas by die eise van die moderne samelewing.

Hoofstuk 3

DIE SWART HUWELIK

3.1 INLEIDING

"Marriage in Africa [is] one of the institutions most shaken by modern change"
(Mbiti in Asana 1990:15).

Alhoewel alle sosiale instellings dinamies van aard is en moet tred hou met veranderinge op gemeenskapsvlak, kan die swart huwelik uitgesonder word as 'n verbintenis wat in die loop van hierdie eeu teen 'n verbysterende tempo wesensveranderinge ondergaan het. Faktore soos verstedeliking, kerstening en industrialisasie het 'n kentering in die swart huwelik meegebring wat dit op alle vlakke fundamenteel laat ontaard het (vergelyk ook hoofstuk 1).

In die onderhawige hoofstuk word die swart huwelik op die keper beskou. Daar word eerstens by wyse van 'n historiese oorsig na die tradisionele swart huwelik gekyk. Vervolgens word die kontemporêre swart huwelik (soos die instelling tans daar uitsien) onder die soeklig geplaas. Die faktore wat vir die veranderinge binne die huwelik verantwoordelik is, sal ook in oënskou geneem word.

3.2 DIE SWART HUWELIK: 'N HISTORIESE OORSIG

Verskeie kenmerke van die tradisionele swart huwelik kan uitgesonder en verbesonder word. Enkele hiervan is ilobolo, poligamie, die uitgebreide gesin, waarin die huweliksverhouding ingebed is en die rol en verantwoordelikheid van onderskeidelik die man en vrou in die tradisionele huwelik. Binne hierdie parameters tree ander onderskeidende karaktertrekke ook na vore, wat ook onder bespreking sal kom.

3.2.1 Die huwelik as instelling

"Die gesin is die kleinste maatskaplike eenheid in die swart samelewing. Dit kom tot stand deur die huwelik tussen 'n man en 'n vrou volgens die voorgeskrewe reëls van die betrokke gemeenskap en bestaan uit 'n man, sy vrou en hul kinders" (Steyn et al 1987:269). Coertze (1977:153) beweer dat die huwelik 'n universele instelling is wat selfs tot stand kom by die eenvoudigste volke deur een of ander huweliksvorm wat deur hulle erken word. Kayongo-Male en Onyango (1984:12) definieer die huwelik soos volg: "Marriage is a union between two people of the opposite sex, which is institutionalized by the payment of bridewealth or by religious or civil ceremonies. The parties are entitled to certain rights and have responsibilities to each other. The marriage is primarily for the creation of children, though other marriages are meant to consolidate wealth, create security over property or provide companionship for the couple".

Die huwelik is 'n uiters belangrike sosiale verbintenis aangesien dit

- volwasse status aan die individu verleen (Steyn et al 1987:269),
- 'n verbintenis tussen twee familiegroepe veronderstel (Steyn 1966),
- kinders wat uit so 'n verbintenis gebore word, wettig (Radcliffe-Brown & Forde 1950:5).

Die verwekking van kinders vorm die fondament van die swart huwelik (Martey 1991:142). Nie alleen is dit die samebindende faktor in die huwelik nie, maar die voortbestaan en die ontwikkeling van die maatskaplike groep, bekend as die gesin, is ook afhanklik van die nageslag (Steyn 1966:1). Radcliffe-Brown en Forde (1950:51) gaan hiermee akkoord as hulle sê: "An African marries because he wants children - liberorum quaerendorum gratia".

Tuupainen (1971:78) definieer die swart huwelik binne tradisionele konteks as 'n verbintenis tussen twee verskillende familiegroepe, wāt beide partye se goedkeuring moet wegdra. Dié instelling vereis instemming van die betrokke man en vrou om lewenslank saam te bly en kinders voort te bring en op te voed in 'n

gemeenskaplike huishouding. Dit behels ook verwagtings van seksuele en sosiale kameraadskap, asook die verkryging van aansien. Die huwelik is dus die sosiale meganisme waardeur die verbintenis tussen 'n man en vrou bestendig word en deur middel waarvan hulle in 'n formele en sosiaal-erkende verhouding van onderlinge verantwoordelikheid en pligspleginge teenoor mekaar geplaas word. Dit is dus 'n kulturele instelling wat onontbeerlik is vir die voortbestaan van die gesin en ander sosiale groepe wat op bloedverwantskap gebaseer is (Coertze 1977:153,154).

Mair (1969:4) wys ook op die belang wat die res van die familiegroep by die swart huwelik het as hy sê: "Any marriage is a matter of interest not only to the parents of both parties, but to a wider circle of relatives, particularly the members of the lineage of each".

In die keuse van 'n huweliksmaat is daar 'n mate van individuele voorkeur, maar die keuse moet nogtans aan alle voorgeskrewe reëls voldoen "...en ook die goedkeuring van die betrokke verwantskapsgroepe aan beide kante wegdra" (Steyn 1966:5; Mair 1969:4).

Sodra daar 'n intieme verhouding tussen 'n swart jongman en -meisie ontstaan en hulle besluit om permanensie aan die verbintenis te verleen, word hulle voornemens (dikwels deur middel van tussengangers) aan die twee familie-groepe bekendgemaak. Daar vind dan 'n verlowing plaas en formele onderhandelinge tussen die twee familie-groepe word aangeknoop (Steyn 1966:7). Die verlowing word beskou as die eerste van 'n reeks stappe wat uiteindelik kulmineer in 'n huwelik en behels daarom veel meer as 'n blote publieke aankondiging van die paartjie se voorneme om te trou. Vanaf die oomblik wanneer die paartjie verloof raak, beskou die twee onderskeie verwantskaps-groepe hulself as verbind in 'n verhouding wat uiteindelik deur die huwelik bevestig word (Mair 1969:14).

Voordat die verbintenis tussen 'n man en vrou deur die swart gemeenskap as 'n huwelik erken word, moet die wyse van huweliksluiting sosiaal aanvaarbaar wees. Die tradisionele swart huwelik is gewettig deur **ilobolo**, oftewel die oordrag van

trougoedere. "In Africa, the marriage payment, whether it be small or large, is the objective instrument by which a 'legal' marriage is established" (Radcliffe-Brown & Forde 1950:53).

3.2.2 Ilobolo

Ilobolo is 'n instelling waaraan die twee betrokke familie-groepe baie spesifieke betekenis heg. "The indispensable element in the validation of a marriage was the transfer of the agreed number of cattle from the husband's to the wife's group. Just as the transfer of cattle was necessary to validate a marriage, the retention by the bride's family presupposed that the marriage was in being and its obligations duly performed" (Mair 1969:14). Steyn (1966:5) is een van die skrywers wat wys op 'n wanpersepsie rakende ilobolo. Daar is naamlik 'n wanopvatting dat die bruid "gekoop" en dan as eiendom van die man beskou word. In der waarheid hou die instelling verband met die vader se regte op die kinders en met die uitbreiding van die patriargale linie. In hierdie verband verwys Sibiya (1981:201) na Jeffreys wat sê die enigste korrekte vertaling van ilobolo is "child-price" omdat ilobolo die reg op die vrou se kinders koop. Daarom is ilobolo ook noodsaaklik vir die uitbreiding van die vader se linie, want voordat die vrou nie aan die man beloof is (deurdat die ilobolo betaal is en dit aanvaar is) nie, kan die kinders wat uit die verhouding verwek is, nie by die linie van die vader ingesluit word nie (Sibiya 1981:222). Ilobolo dien ook as kompensاسie vir die vrou se familie vir die verlies van haar dienste. "Hierdie dienste tesame met haar reproduktiewe vermoë word hulle ontnem en moet gevolglik langs hierdie weg voor gekompenseer word, ten einde die balans in die verhouding tussen die verwante groepe te herstel (Krige in Sibiya 1981:220). 'n Fundamentele vereiste van die swart huwelik is die voortbring van kinders; vandaar die beskouing dat 'n kinderlose huwelik onvolmaak is. Die swart vrou is volgens die standarde van die swart samelewing slegs volwaardig vrou wanneer sy moeder is (Steyn 1966:6). "It is the delivery and acceptance of ilobolo which confers upon a man and his lineage the right to use a woman's reproductive capacity, and to claim paternity over her subsequent issue" (Sibiya 1981:222). Ilobolo gee ook aan die man maritale mag oor die vrou deurdat hy kan verwag dat

sy aan die eise wat die tradisionele huwelik aan die vrou stel, sal voldoen (Dlamini 1987:64).

Ilobolo sanksioneer ook voorhuwelikse geslagsomgang, aangesien die voorneme om te betaal, of 'n gedeeltelike betaling dui op die oogmerk om te trou - geslagsomgang is dus aanvaarbaar. Die kinders wat uit so 'n verbintenis gebore word, word volgens tradisionele definisie nie as buite-egtelik beskou nie, alhoewel die vader eers seggenskap oor sy kroos kry nadat ilobolo-skuld vereffen is (Steyn 1966; Mair 1969; Tuupainen 1971; Coertze 1977 en andere).

Die wettiging van die huwelik deur **ilobolo** vind in die meeste gevalle plaas deur die oordrag van beeste of die voorneme om die vee oor te dra. Die werklike oordrag mag soos reeds geïmpliseer nodig wees om die inskakeling van kinders by die vader se linie te verseker. Die beeste word deur die man se vader voorsien - soms met die hulp van familie - en word ontvang deur die vrou se vader, wat gewoonlik die grootste deel vir homself hou. Die res word onder ander familieleden verdeel volgens die voorgeskrewe reëls van die stam. Elkeen wat van die beeste ontvang het, het belang by die voortbestaan van die huwelik, aangesien die beeste terugbetaal moet word, sou die huwelik skipbreuk ly. Van hierdie familieleden word ook verwag om onderdak vir die vrou te bied as sy haar man verlaat, en hulle moet ook te alle tye weet waar sy haar bevind (Mair 1969:6).

Die vrou trek ook voordeel uit die ilobolo-sisteem deurdat sy altyd op die beskerming van haar linie kan staatmaak. Vanweë die feit dat haar familie die beeste ontvang en "gebruik", eien sy haarself die reg toe op beskerming en die verskansing van haar regte (Ngubane 1987:176). Die grootste voordeel van **ilobolo** is gesetel in die sekuriteitsaspek, dit wil sê, **ilobolo** dien as borg dat beide huweliksmaats hul maritale pligte sal nakom. "When getting married, husband and wife accept certain legal, economic, sexual and social obligations toward each other and also towards some outsiders" (Tuupainen 1971:77). Die buitestaanders waarvan melding gemaak word, is familieleden wat ook in die ilobolo gedeel het en nou 'n wakende oog oor die huweliksverhouding hou.

De Haas (1984:117-118) se navorsing bring die volgende positiewe aspekte van ilobolo aan die lig:

- Dit is 'n gebruik met kulturele waarde.
- Dit weerspieël die waarde wat aan die vrou geheg word - in hierdie verband konstateer Steyn (1966:6) dat "...hoe groter die lobolo, hoe groter [is] die eer van die vrou".
- Dit dui op die waardigheid of status van die man.
- Dit verenig twee families.
- Dit word verbind met sukses in die huwelik.
- Dit dui op die gewigtigheid van die huwelik en verskaf aan die betrokkenes geleentheid om mekaar beter te leer ken.

In tradisionele konteks is die enigste nadeel verbonde aan ilobolo, die feit dat dit 'n duur instelling is, veral wanneer die man twee of meer vrouens het - 'n verskynsel onder swart volke wat **poligamie** heet. In die hieropvolgende paragrafe word op hierdie huweliksvorm gefokus.

3.2.3 Poligamie

Poligamie, oftewel 'n meervoudige huwelik, sluit volgens Coertze (1977:154) twee huweliksvorme in, naamlik **poliginie** (die huwelik van een man met meer as een vrou gelyktydig) en **poliandrie** (die huwelik van een vrou met meer as een man gelyktydig). Volgens Steyn et al (1987:269) maak die swart samelewing voorsiening vir poliginie, hoewel baie min huwelike poliginies van aard is.

Poliginie is ook die poligamiese huweliksvorm wat wêreldwyd (onder die verskillende kulture wat poligamie toepas) die meeste voorkom, terwyl poliandrie eerder die uitsondering is. Die koepelbegrip **poligamie** gaan voortaan in die studie gebruik word, alhoewel dit na **poliginie** sal verwys.

Maforah (1989:263-265) wys op die voordele wat poligamie vir die swart gemeenskap ingehou het as sy sê dat dit 'n manier was waarop gesinsbronne vermeerder is, deurdat meer vrouens en kinders kon help in die bewerking van

lande. Poligamie was ook 'n vorm van gesinsbeplanning - vrouens wat geborsvoed het, kon langer seksuele onthouding toepas. Laastens het dit gedien as 'n sosiale ondersteuningswyse - as die vrou siek was of tot sterwe gekom het, is haar kinders deur die ander vrouens versorg en was dit nie nodig om hulle uit hul ouerhuise te verwyder nie. Mair (1969:10) konstateer dat poligamie in die verlede hoofsaaklik beperk was tot die hoofman en die welgesteldes en dat die aansien van 'n man gereken is in terme van die hoeveelheid vrouens wat hy gehad het. (Tuupainen 1971:68).

Coertze (1977:154) voer verskillende redes aan vir die wyer gebruik van poliginie, waaronder die normale getalsverhouding tussen die twee geslagte wat om die een of ander rede versteur word. **Monogamie** (die huwelik van een man met een vrou) is egter nog altyd die algemeenste huweliksvorm. Westermarck (Tuupainen 1971:68) beskou monogamie as die primêre vorm van die huwelik, aangesien dit die enigste huweliksvorm is wat deur **alle** bevolkingsgroepe toegelaat en erken word. Mair (1969:1) deel dié opvatting as hy sê: "As a generalization it may be safely asserted that many Africans must always have been monogamous".

Daar word soms verkeerdelik aanvaar dat 'n poligamiese huwelik(e) tot die uitgebreide gesin aanleiding gee, maar Steyn et al (1987:269) beweer dat in 'n poligamiese huwelik elke vrou haar eie huis bewoon, haar eie huishouding behartig en sodoende 'n aparte, ekonomies selfversorgende eenheid met eie besittings en voedselvoorrade vorm. "'n Poliginiese huwelik bring dus nie 'n poliginiese gesin tot stand nie, maar wel 'n aaneengeskakelde groep gesinne met die man as gemeenskaplike skakel" (Coertze 1977:135).

Die uitgebreide gesin daarteenoor, is 'n groep mense wat deur bloedbande verenig word deurdat almal in een groot gesin van herkoms ingesluit word en waarby huweliksmaats dan ingetrek word (Eshleman 1988:102-104). Hierdie gesinsvorm, wat die wydste onder tradisionele swart bevolkings aangetref word, gaan vervolgens noukeuriger beskou word.

3.2.4 Die uitgebreide gesin

Om die term **uitgebreide gesin** beter te begryp word daar eerstens oor sy teenhanger, die **nukleêre gesin**, besin. Dié gesinsvorm word deur Strijdom en Van der Burgh (1980:5) in sy mees rudimentêre vorm beskryf as die man en vrou tussen wie die biologiese proses van geslagsgemeenskap en bevrugting plaasvind en hulle nageslag wat daaruit gebore word. Volgens Radcliffe-Brown & Forde (1950:210) vermeerder 'n eenheid soos die kerngesin op 'n natuurlike wyse in 'n gemeenskap waar dit die gebruik is dat óf die seuns óf die dogters by hulle ouers bly na die huweliksvoltrekking. Die groter groep wat sodoende gevorm word, is gewoonlik van dieselfde afkoms, bestaan uit lede van drie generasies en word beskryf as 'n **uitgebreide gesin**. (Radcliffe-Brown & Forde 1950:210).

Die uitgebreide gesin vertoon die volgende kenmerke:

- Dié gesinstruktuur verbind 'n wyer kring van mense (wat verwant is deur familiebande of 'n huwelik) tot 'n netwerk familieledes wat met mekaar identifiseer en wat met mekaar empatie het.
- Dit is 'n meer standhoudende sosiale eenheid as 'n nukleêre gesin en bestaan ook oor 'n langer periode - in 'n kerngesin kan die man of vrou dalk sterf of wegloup en word die gesinsopset verbreek, maar deurdat die uitgebreide gesin uit soveel lede bestaan, behou dit sy stabiele karakter.
- Die samestelling van die uitgebreide gesin word beïnvloed deur vrugbaarheid, huweliksluiting, egskeiding en mortaliteit.
- Die uitgebreide gesin dien as 'n effektiewe sosiale welsynsisteem deurdat dit sorg en ondersteuning verskaf aan sy afhanklike lede (Nzimande 1987:33). Dié navorser beweer verder dat die oorkoepelende taak van die uitgebreide gesin gesetel is in sy handhawing van die groepskarakter. Hierdie gesinstipe vorm die primêre bron van sosiale ondersteuning. Swart mense assosieer met mekaar op 'n kolaterale wyse, dit wil sê, individue identifiseer meer met die familiegroep as met hulle eie individuele doelstellings. In 'n familie-opset moet hulle aan die familiehoof rekenskap gee en in die stamopset aan die stamhoof. Dié gesagsfigure dra sorg dat groepsbelange bo individuele

belange gestel word (Kayongo-Male & Ottong 1987:28).

Volgens Steyn (1991:8) is die onderlinge hulpverlening en wedersydse bystand wat so kenmerkend is van die uitgebreide gesin kultureel verpligtend. Goode (1982:105) verduidelik dié sosiale funksie van die gesinstipe soos volg: "When the domestic group is larger, any given individual represents a smaller marginal or extra cost to the group. Consequently, the burden of the aged, the ill, the crippled, and the infirm is less for each member of a large extended family".

'n Verdere funksie van die uitgebreide gesin is geleë in die keuse van 'n huweliksmat - daar word toegesien dat iemand gekies word met ooreenstemmende waardes en lewenstyl. Die goedkeuring van die familie moet verkry word aangesien die gesinslede met die nuwe lid moet saamleef en ook betrokke sal wees by die opklaar van huweliksonmin. Die familie is ook instrumenteel in die huweliksvoorbereidingsproses deurdat voornemende huweliksmaats van hulle leiding ontvang omtrent hulle optrede binne die huwelik (Dlamini 1987:654,655). Volgens Kanyongo-Male en Ottong (1987:20) het grootouers gewoonlik die voorbereidingstaak onderneem.

Die uitsonderlike kenmerk van die uitgebreide gesin is dat dit primêr 'n verbintenis tussen familielede is deurdat huweliksluiting eerstens vir die familienetwerk voordelig moet wees en sekondêr afgestem is op 'n verhouding tussen twee individue (Steyn (1991:8). Vervolgens gaan die geslagsrolle in die tradisionele swart huwelik ondersoek word.

3.2.5 Die rol van die man en vrou in die tradisionele swart huwelik

De Haas (1984:230) maak die stelling dat die tradisionele swart huwelik in die verlede primêr 'n ekonomiese en voortplantingseenheid was en dat die vrou derhalwe as ekonomies voordelig beskou is. Die wyer familiegroep het ook 'n belangrike tweeledige rol in hierdie huwelik gespeel "...both as the unit which

entered into the marital alliance, and as a force which countered the development of too great a degree of intimacy between husband and wife" (De Haas 1984:230). Dié navorser beweer verder dat kameraadskap tussen huweliksmaats in baie gevalle ontwikkel het hoewel dit nie die aanvanklike doelstelling met huweliksluiting was nie. Verwagtings rakende die rolle van man en vrou het dus nie intimiteit ingesluit nie.

Volgens Steyn (1966:7) word die verbintenis tussen man en vrou bepaal "deur dieselfde sentimente wat in enige samelewing voorkom", maar tradisionele gebruike noop huweliksmaats om intieme kontak en "onderlinge samesyn van die huislike kring" te verbeur. Steyn wys daarop dat daar 'n groot mate van afsondering tussen die twee geslagte gehandhaaf word. Mans en vrouens eet gewoonlik apart en hulle werk ook nie saam nie, gevolglik is die huisgesin as kerneenheid nooit alleen bymekaar nie. Asana (1990:42) voer aan dat die man die hoof van die huis is en dat die vrou hom sien as haar beskermmer en vader van haar kinders, eerder as haar minnaar soos in die westerse sin beskou.

3.2.5.1 *Die rol en verantwoordelikheid van die man in die tradisionele huwelik*

Volgens Van Aswegen (1988:47) word die man gesien as bemiddelaar tussen sy familie en die res van die gemeenskap. Hy is ook die familie se verteenwoordiger in die stamhof waar geskille tradisioneel besleg word. Die man word gereken as die onbetwisbare hoof van sy familie, met volkome gesag oor sy vrou en kinders. Hy vorm ook die skakel tussen die familie en hul voorvadergeeste (Radebe 1983:67,68). Volgens Sibiya (1981:12) is die oudste manlike lid van die familie die hoof oor die getroude seuns en hulle gesinne. Na sy afsterwe, neem die oudste seun die gesagsposisie in.

As eggenoot moet die man sy vrou se fisiese behoeftes vervul deur om te sien na haar veiligheid deur onderdak te verskaf, haar by te staan in tye van nood en toe te sien dat sy versorg word tydens swak gesondheid. "The worthiness of a father must therefore be visible in the way he provides for his household, relates with his

family and the community, and deserves respect through his behaviour" (Asana 1990:41).

Ook in sy verhouding met sy kinders, kom die vader se posisionering binne die gesagshiërargie na vore in sy rol as spesifieke gesagsbegeleier. Derhalwe staan die vader tot sy kind as **meerdere** teenoor **mindere**, en is **respek** van kind jeens ouer die sleutelwoord in die verhouding. Van Wyk (1987:349) beweer dat die opvoedingstaak ten opsigte van die kind hoofsaaklik op die skouers van die uitgebreide gesin rus en dat die vader nie 'n besliste rol in dié verband speel nie.

3.2.5.2 *Die rol en verantwoordelikheid van die vrou in die tradisionele huwelik*

Van Aswegen (1988:47) beskryf die posisie van die vrou in tradisionele verband as onbeduidend en ondergeskik aan die man in terme van besluitneming en gesag. Volgens Mbiti (Asana 1990:43) word die huwelik eers as volwaardig geag wanneer die vrou geboorte skenk en is dit die seël op haar finale integrasie by haar man se familie.

Haar rol behels om huishoudelike take te verrig, die lande te bewerk en voedsel vir die familie voor te berei. Wanneer die man trou, verwag hy van sy vrou om goeie kos vir hom voor te sit wat sy self berei. Daar word van haar verwag om die huishouding in orde te hou en sosiale verhoudinge met ander vrouens op te bou. "Her politeness and generosity, especially with food, brings honour to her name and that of the husband. A good wife shows respect not only to her husband but equally to her parents-in-law" (Asana 1990:44).

Swak gedrag en wanvoeding onder die kinders is 'n refleksie op die vrou as moeder. Teenoor haar kinders is daar 'n oop, spontane verhouding en tree die moeder beskermend en liefdevol op. "Gevolgtlik is die verhouding van die kinders met die moeder vryer en intiemer as met die vader" (Coertze 1977:138).

In navolging van Kayongo-Male en Onyango (1984:6-9) word die algemene

kenmerke van die tradisionele swart gesin soos volg saamgevat:

- Die belangrikste kenmerk is die uitgebreide gesin en die rol wat dié struktuur vir sy lede vervul.
- Kinders is van groot belang.
- Daar is 'n afwesigheid van openbare vertoon en toegeneentheid tussen huweliksmaats.
- Bejaardes word versorg en gerespekteer.
- Die poligamiese huweliksvorm is aanvaarbaar.

Alhoewel poligamie 'n algemeen aanvaarde **beginsel** in die tradisionele swart kultuur was, was dit nie noodwendig 'n algemene **gebruik** nie (vgl. 3.2.3).

Uit die voorgaande blyk dit duidelik dat die tradisionele swart huwelik gedy het in die koesterende klimaat van 'n netwerk familieledes wat skuiling bied teen die stampe en stote van die lewe. 'n Instelling soos ilobolo het as sekuriteit gedien waaruit beide huweliksmaats voordeel getrek het. Dit het status aan die vrou verleen deurdat haar waarde bepaal is deur die aantal beeste wat as bruidskat gedien het. Die man is verseker dat sy kinders by sy linie ingeskakel word, en ilobolo het ook gedien as waarborg vir sy vrou se trou en bereidwilligheid om haar huweliksrol te vervul. Poligamie is in die tradisionele kultuur nie so geredelik beoefen nie en waar dit wel voorgekom het, was dit nie 'n potensiële konfliktegebied nie, aangesien dit binne die kultuur as aanvaarbaar beskou is.

Al die elemente in die tradisionele kultuur was daarop afgestem om geborgenheid vir sy lede te voorsien. Die individu het status gehad deur sy posisionering in 'n groter familiegroep. Status en sekuriteit is aan die man en die vrou verleen, kinderverwaarlosing is hokgeslaan, en die swart samelewing is met orde en waardigheid beklee deur genoemde reëls en instellings.

Toenemende verstedeliking het veral sedert die sestigjarige momentum begin kry - die swart man moes sy familie verlaat en in die stedelike gebiede sy brood gaan verdien. Verwestersing, wat noodwendig hiermee gepaard gegaan het, het soos 'n vernietigende golf oor die swart kultuur gespoel en disorganisasie

van die gesin in swart geledere meegebring. Die effek van hierdie prosesse op die swart huwelik word vervolgens in oënskou geneem.

3.3 DIE KONTEMPORÊRE SWART HUWELIK

3.3.1 Inleiding

Die teelaarde van ontwrigting wat kenmerkend is van die kontemporêre swart huwelik word tekenend deur Kanjo (1994:19) geskets: "Africa is passing through a period of rapid change. Even without considering the political and economic crises currently engulfing the continent, African societies are experiencing drastic changes in their mode of life. Increases in population, rapid urbanisation and the attendant high regional and international migration, and above all, continued infiltration of western cultural values, have a mammoth impact on the African value system". Goode (1982:148) spel die gevolge van hierdie versteuring uit as hy sê dat 'n grootskaalse disorganisasie in die hele sosiale sisteem in die meeste gevalle geneig is om aanleiding te gee tot huweliksverbrokkeling.

Prosesse soos migrasie na die stede as gevolg van ekonomiese druk, industrialisasie en die pogings van sendelinge om die swart bevolking te kersten, het disorganisasie en verskeie patologiese verskynsels tot gevolg gehad, soos deur verskeie skrywers geboekstaaf. In hierdie verband kan byvoorbeeld verwys word na die bydraes van Kalule-Sabiti 1995; Kanjo 1994; Direko 1994; Chiwome 1994; Ziehl 1994; Preston-Whyte 1993; Steyn 1991; Labuchagne 1991; Van Aswegen 1988; Radebe 1983 en Goode 1982.

Met die koms van industrialisasie en verstedeliking het die vraag na arbeidskrag ontstaan. Gevolglik is 'n tuislandsisteem geskep met 'n gesofistikeerde publieke vervoerstelsel waarmee duisende swart werkers na stedelike gebiede gependel het. Wetgewing waarvolgens instromingsbeheer toegepas is, het die voorsiening van behuising aan die gesinne van die swart werkers verhinder. Sodoende is 'n groter afstand tussen die huis en die werkplek van die arbeider geskep (Motshologane

1987:648). Die mans is in hostelle gehuisves, en die groot getal alleenlopers het aanleiding gegee tot 'n abnormale geslagsverhouding en 'n gevolglike toename in morele ongerymdhede - veral seksuele ongerymdhede. Fisiese eensaamheid as gevolg van die feit dat die sekuriteit van die uitgebreide familienetwerk verlaat is, het daartoe gelei dat die trekarbeider los seksuele verhoudings met vrouens in die swart woongebiede aangeknoop het (Radebe 1983:88).

Volgens Van Aswegen (1988:50) volg baie vrouens hul mans na die stede om hul huwelike te red "...but for many wives the move to urban areas means entering a cold, indifferent and often hostile environment where they are seen as intruders by their husbands". Ook Kalule-Sabiti (1995:16) maak melding van 'n sekondêre migrasieproses waar vrouens na die stede gaan om hul mans op te spoor in 'n poging om die huweliksvlam aan die brand te hou. Meestal is die huweliksverhouding in die stad onstabiel, en bring die verleiding van stedelike bronne onwilligheid by die man mee om geld vir sy gesin te stuur. Verskynsels soos werkloosheid, alkoholisme en buite-egtelike verhoudings kom algemeen by die stedelike swart man voor (Van Aswegen 1988:50).

Sendelinge het die voorhoede van kolonialisme gevorm. Chiwome (1994:57) reken dat die mikpunt van die sendelinge was om hulle kulturele en ekonomiese "kloue" in die lewenswyse van die swart persoon in te slaan deur 'n leerstelling te verkondig wat industrialisasie as die "ultimate indicator" van menslike vooruitgang voorhou. Hierdeur het die swart kultuur kennis gemaak met die las van **beskawing**. "Such teachings changed conditions in which the African family had been thriving". Martey (1991:138-140) beweer in dié verband dat kerstening 'n nuwe moraliteit sou verseker as die tradisionele huwelik deur 'n Christelike huwelik vervang sou word. Die kerk het ook nie die tradisionele huwelik erken nie - hierdie tipe huwelike is as voorhuwelikse saambly beskou, en die vrouens is as **bywywe** geëtiketteer.

Verstedeliking van swart mense het onvermydelike kontak met die westerse kultuur meegebring, en baie van die moderne Westerse waardes is gevolglik

geïnternaliseer. "The infiltration of Western cultural values in Africa has shaken the foundations of indigenous African community life. This is because Western modes of social organisation have been preferred to traditional modes and there has been considerable effort to train and educate people to adopt Western modes of economic, social, political and religious organisation" (Kanjo 1994:20). Volgens Smit en Booysen (1982:1) het stedelike gebiede in 'n groot mate die pasaangeërs vir toekomstige ontwikkeling geword. Radebe (1983:104) beweer dat die swart persoon hom in 'n kulturele oorgangsfase bevind wat hom noop om te strewe na 'n vreemde kultuur. Steyn (1991:25) maak melding van nuwe patrone wat die tradisionele waardes en gebruike vervang.

Du Preez en Van Niekerk (1988:159) kom tot die gevolgtrekking dat 'n suiwer tradisionele kultuur nie meer vandag bestaan nie - die swart kultuur is deurspek met 'n potpourri van tradisionele, westerse en Christelike waardes. Daar heers verwarring in dié denkwyses aangesien die drie sisteme nog nie met mekaar in harmonie gebring is nie en die akkulturasieproses nog aan die gang is. "Die swart gemeenskap het verwesters, maar onteenseglik bestaan daar nog tradisionele denkpatrone" (Du Preez & Van Niekerk 1988:160). Die **klemverskuiwing** in denke is veral in die houding- en definisieverandering rakende die huwelik as instelling te bespeur. Van besondere belang is die naasmekaarstelling van ingewortelde tradisionele strukture en die "nuwe" waardes wat in westerse terme uitgedruk word.

Motshologane (1987:192) voer aan dat die oorgang vanaf die stamgebonde verlede na die tegnologiese hede nie manifesteer as 'n sosiokulturele verandering en ontwikkeling in die verrykende sin van die woord nie. Dit word eerder ondervind as kulturele disintegrasie en kulturele verlies. Omdat hy nêrens inpas nie, beleef die swart persoon homself as 'n sosiokulturele banneling wat kultureel ontwortel is. "Wanneer die tradisionele waardesisteem deels verwerp word en mense nog nie die alternatiewe waardesisteem werklik tén volle hulle eie gemaak het in hulle gedagtes en lewe nie, veroorsaak dit verwarring wat tot fatalisme en, tot sy uiterste gevoer, tot anomie kan lei" (Du Preez en Van Niekerk 1988:159).

Goode (1982:148) se siening sluit hierby aan wanneer hy sê: "Nearly always, large-scale disorganization in the entire social system is likely to lead to a high rate of marital dissolution of all kinds among the family units of that society". In die volgende afdeling word lig gewerp op die mate waarin die instellings rondom die tradisionele swart huwelik verander het. Daar word veral gefokus op die rolverandering wat ilobolo ondergaan het.

3.3.2 Ilobolo

"One of the contributory causes of marital disruption in urban areas is the fact that ilobolo has lost its traditional meaning" (Radebe 1983:100). Tradisioneel het ilobolo (soos reeds in 3.2.2 aangedui) as waarborg gedien vir die algemene welstand van die huwelik en is die bruid se ouers ook vergoed vir die verlies van hul dogter as ekonomiese hulpmiddel en vir haar voortplantingsvermoë (vgl. 3.2.2). Die bruidskat wat in die verlede meestal uit beeste bestaan het, word tans gewoonlik in die vorm van geld betaal (Labuschagne 1991:550). Radebe (1983:100) beweer verder dat ilobolo in stedelike gebiede 'n finansiële las geword het, omrede daar van die jong voornemende bruidegom verwag word om 'n groot bedrag geld uit sy salaris te betaal. Dit het tot gevolg gehad dat die paartjie hul huwelikslewe onder finansiële druk begin, wat weer aanleiding gee tot spanning wat die huwelikslewe nadelig beïnvloed. Labuschagne (1991:550) som dit soos volg op: "Dit verdraag huweliksluiting en bevorder saamwoon buite huweliksverband".

Alhoewel ilobolo as instelling in wese verander het, dring die meeste ouers steeds daarop aan dat ilobolo die huweliksvoltrekking voorafgaan. Wetlik beskou, is 'n bruid se ilobolo bepaal op twaalf beeste, wat die monetêre ekwivalent van ongeveer tweeduisend rand beloop. Vir enige jongman is dit 'n groot bedrag om bymekaar te maak, al kry hy hulp van sy familie (Preston-Whyte 1993:64).

Die huidige ilobolo-sisteem werk ook buite-egtelike geboortes in die hand. Nagashima (1987:183-184) verduidelik dat dit nie meer langer die geval is dat

bruidskatonderhandeling **saambly** (cohabitation) voorafgaan nie. Aangesien **ilobolo** as eenmalige betaling onmoontlik skyn te wees, loop afbetalings oor jare, omdat vrou en kinders ook nog onderhou moet word. Kinders word dus uit die verhouding gebore voordat dit volgens westerse definisie gewettig is. Om sake verder te kompliseer, mag daar van die man verwag word om **skadevergoeding** (damages) te betaal as hy vir die vrou se swangerskap verantwoordelik is. Daar kan ook van hom verwag word om 'n som geld te betaal om die meisie na haar swangerskap te "reinig" (Preston-Whyte 1993:65).

Met die emansipasie van die vrou het **ilobolo** ook vir die huidige geslag jongmense 'n steen des aanstoets geword - die verwesterse jong vrouens voel hulle word "gekoop" en dit lê hul vryheid aan bande. Die moderne geslag vrouens ontvang dikwels ook naskoolse onderrig, en die geld (**ilobolo**) moet kompenseer vir hul opleidingskoste. "Formerly, a girl meant an inflow of cattle at marriage. Nowadays, she initially creates an outflow of wealth for her education" (Nagashima 1987:195).

Ngubane (1987:179-180) som die karakterskending van **ilobolo** soos volg op:

- Die transaksie word geprivatiseer en geïndividualiseer in die sin dat die groter familiegroep uitgeskakel word - net die bruid se naaste familie soos die ouers kry die geld. Die bruid boet dus ook die beskerming en sekuriteit wat die uitgebreide gesin haar gebied het, in.
- Die **ilobolo**-transaksie kry 'n gekommersialiseerde karakter deurdat die bruid se waarde in geldelike terme bepaal word - dit word dus gereduseer tot 'n oefening in koop en verkoop.
- Die wegdoen van seremonies en rituele versekulariseer die huwelik en maak dit niksbeduidend, aangesien die funksie van 'n ritueel is om die belangrikheid van 'n instelling te benadruk en om klem te lê op die verpligtinge wat daarmee gepaard gaan.

Die verlies wat met die huidige **ilobolo**-sisteem gepaard gaan, is drievoudig: Die belangrikste ekonomiese troefkaart van die vrou is daarmee heen deurdat sy nie

meer geld/beeste vir haar familie kan inbring nie. Dus het die fundamentele komponent van haar basiese sekuriteit en beskerming verdwyn en is haar mag, wat verskans was in haar ekonomiese voordeligheid, haar ontnem. "Even more seriously, the weakening of marriage as an institution which results from all this, affects in turn the entire kinship structure, which is essentially a structure of units and relationships created by marriage. To undermine the structure of a kinship-based society...is to undermine the whole social fabric" (Ngubane 1987:180).

Daar sal voorts gefokus word op die uitwerking wat prosesse soos **verstedeliking** en **modernisering** op die aard en wese van die uitgebreide gesin gehad het.

3.3.3 Die uitgebreide gesin versus die nukleêre gesin

Goode (1982:175-176) maak die stelling dat vir die eerste keer in die wêreldgeskiedenis alle sosiale sisteme na een of ander vorm van die nukleêre gesin en ook na industrialisasie beweeg - dit wil sê, as gevolg van modernisering is dit onekonomies om voorsiening te maak vir uitgebreide familienetwerke in terme van behuising. So is daar ook gedurig in die media beriggewing van plaasskole en kerke in klein gemeenskappe wat sluit om te amalgameer met groter sosiale sisteme, omdat hulle bestaan nie meer geregverdig kan word nie. Goode gaan akkoord met bevindinge van sosiale analiste dat die uitgebreide gesin as gevolg van industrialisasie besig is om te disintegreer. Goode (Steyn 1993:16) beweer verder dat daar 'n besondere passing tussen die kerngesin en die industriële samelewing is, aangesien die kerngesin aan die eise van die moderne sosiale orde voldoen deurdat dit 'n klein kompakte eenheid is wat maklik in 'n geïndustrialiseerde samelewing geakkommodeer kan word. Dit is ook om dié rede dat die kerngesin as die ideale gesinstruktuur in die westerse samelewing beskou word. Volgens Richter et al (1986:8) definieer die meeste navorsers gesinsverbrokkeling in terme van progressiewe nuklearisering. Steyn (1993:16) voer verder aan dat die nukleêre gesin 'n kwesbare struktuur binne die industriële samelewing is. Faktore wat hierdie weerloosheid bevorder, is die isolerende, selfstandige en private aard van dié instelling wat 'n "onondersteunende" basis vir huweliksmats met

verhoudingsprobleme bied.

Volgens Dlamini (1987:655) het **verwestersing** en gevolglike **individualisme**, aangemoedig deur **verstedeliking**, die familie se invloed in die keuse van 'n huweliksmaat ingekort en kan die stabiliteit van die huweliksverhouding nie meer verseker word nie. Die tradisionele meganisme vir konflikthantering binne die gesin is dus ondermyn. In hierdie verband sê Radebe (1983:99) die volgende: "In urban areas, where the two families more often do not get to know each other well, they generally fail to join hands in assisting the couple when marital problems are experienced. They instead form two camps, which aggravate marital problems to the point where a marriage is eventually dissolved".

Die stede, met beperkte behuising en ruimte, leen sigself tot die nukleêre gesin (Rautenbach & Kellerman 1990:234), "...en daar kan nouliks verwag word dat strukturele isolasie nie sal plaasvind nie" (Viljoen & Le Roux 1984:78). Dit beteken dat die samestelling van die nukleêre gesin 'n afsonderlike en geïsoleerde sisteem teweegbring wat invloede van buite beperk. Ekonomies beskou, pas die kerngesin ook die kapitalistiese gemeenskap deurdat dit voorsiening maak vir sosiale en geografiese mobiliteit alhoewel dit nie vir die swart persoon materieel voordelig is nie (Chiwome 1994:66). Die nadeel hieraan verbonde vir die swart persoon is geleë in die feit dat sy familie dikwels in plattelandse areas moet agterbly en hy hulle dan net naweke of maandeliks kan besoek. Dit beteken dat twee huishoudings onderhou moet word: sy eie in die stad, asook dié van sy familie in die platteland. Daarbenewens behels die besoeke ook reiskoste.

Die status van die gesin het in die tradisionele gemeenskap afgehang van die bloedverwantskapsisteem. In die stad word die status van die swart persoon aan westerse standaarde gemeet, waarvolgens aansien saamhang met opvoedkundige, beroeps- en ekonomiese faktore. Die gesin beklee dus 'n hoër status as die gesinshoof hoog opgelei is en 'n groot salaris verdien. Aangesien die meeste swart mense in stedelike gebiede ongeskoolde of semi-geskoolde arbeid verrig, behoort die gesin tot 'n lae-inkomstegroep en tot 'n laer sosiale klas. Radebe (1983:62) sê

in hierdie verband die volgende: "It should also be noted that while in tribal life family status is **ascribed**, it has to be **achieved** in urban areas".

Hierdie stremmingspunte wat eiesoortig is aan die kerngesin, manifesteer in huweliksonmin en 'n eskalasie in die egskeidingsyfer. In die tradisionele gesin was werks- en gesinsrolle geïntegreerd, maar as gevolg van verstedeliking het daar 'n fluktuasie in die onderskeie taakvervullings gekom wat aanleiding gee tot huwelikspanning en rolkonflik (Steyn 1993:16).

Daar word voorts na die veranderende rolle van die man en vrou in die hedendaagse swart huwelik gekyk.

3.3.4 Die algemene stand van die kontemporêre swart huwelik

Aangesien die swart huwelik in die breër sosiale struktuur ingebed is, verskil die huweliksverhouding in wese van dié van die westerse verbintenis. Die tradisionele huwelik is **primêr** 'n verbintenis tussen twee familiiegroepe en **sekondêr** tussen die man en vrou (vgl. ook 3.2.4). As gevolg van die **assimilasie** met die westerse kultuur het aspekte van die tradisionele swart huwelik meegegee onder die druk van die moderne invloed en het die huwelik fundamentele veranderings ondergaan. In hierdie verband sê Chidammodzi (1994:130) dat die huwelik 'n sosiale instelling is en daarom 'n proses van transformasie deurloop om aan te pas by samelewingsveranderinge - sodoende behou die huwelik sy geldigheid. Dit impliseer dat indien die huwelik nie in pas bly met sosiale vooruitgang nie, dit as instelling nie langer bestaansreg het nie.

Die kern van verandering in die swart kultuur is gesetel in die **nukleêre gesin** wat die uitgebreide gesin in die stedelike gebied vervang het. Viljoen en Le Roux (1984:78) beweer byvoorbeeld dat daar verwag kan word dat met 'n meer geïsoleerde kerngesin, die inspraak van ander lede in die familienetwerk sal afneem en dat die huweliksverhouding minder streng volgens tradisionele voorskrifte ingerig sal wees. Die feit dat huweliksmaats nie meer deur ouers gekies word nie en dat

jong egpare dikwels na die huwelik met 'n eie huishouding begin, tesame met die tendens onder vroue om hulself beter te bekwaam wat onderwyskwalifikasies betref, plaas die huweliksverhouding op 'n ander grondslag, naamlik een waar westerse standarde geld.

Volgens De Haas (1984:308) is die opvallendste verandering in die swart huwelik te wyte aan die kombinasie van tradisionele en westerse waardes. Chiwome (1994:66) beweer dat **individualisme** huwelikswelstand ondermyn, deurd at kollektiwisme verruil word vir individuele belange. Die belange van die breër familienetwerk staan nie meer voorop nie - daar hoef aan niemand anders verantwoording gedoen te word nie, net aan die self. Derhalwe word die huwelik sy sekuriteit ontnem. Dit is veral die vrou wat in die kontemporêre swart huwelik die westerse huweliksideaal van gelyke rolle, intimiteit, kommunikasie, wedersydse begrip en kameraadskap nastreef. Die man daarenteen, klou vas aan tradisie ter wille van die status en aansien wat hy in die tradisionele huwelik geniet (Goode 1982:139).

Die botsende en teenstrydige verwagtings wat die man en vrou van die huwelik het as gevolg van verskillende ideologieë wat aangehang word, kompliseer die huweliksverhouding. Van der Vliet (1982:246) sê ten opsigte van die swart huwelik die volgende: "It is clear...that the institution of marriage and the nature of male-female relationships in a rapidly changing South Africa are in a state of ferment". Een van die faktore wat vir die toenemende huweliksverbrokkeling verantwoordelik is, is die tradisionele poligame huweliksvorm wat tans oënskynlik deur die westerse monogamiese sisteem vervang is, maar wat vir alle praktiese doeleindes bly voortbestaan in die vorm van buite-egtelike verhoudings. Hierdie knellende probleem word vervolgens kortliks toegelig.

3.3.5 Poligamie versus monogamie in die hedendaagse swart huwelik

Verstedeliking het die westerse huwelikswyse met 'n **monogame** onderbou aan die

swart persoon bekendgestel. Die meeste swart mense het die **poligame** huweliksvorm verruil vir die **monogame** alternatief, vanweë die feit dat ontoereikende akkommodasie in stedelike gebiede en die hoë lewenskoste noodlottig was vir dié veelvoudige huweliksvorm. Poligamie word volgens die westerse idioom belewingsmatig as ontrouheid en buite-egtelike verhoudings vertaal en is ook 'n geldige rede vir egskeiding. Dit is ook die rede waarom die egskeidingsyfer onder swart mense styg (Radebe 1983:104,105).

Motshologane (1987:199) voer aan dat buite-egtelike verhoudings aanleiding gee tot **disharmonie** tussen huweliksmaats, omdat dit die huwelik beroof van geld, liefde en tyd en sodoende die huwelik 'n weerlose prooi maak vir vernietiging. Hoewel die man offisiële monogamie op nominale vlak aanvaar, gaan hy voort om bywywe aan te hou. Chiwome (1994:73) meen dat monogamie tog nie so diep gewortel is in die inheemse kultuur as wat dit voorkom nie. Promiskuïteit en egskeiding vier hoogty in die plek van poligamie. Ook Burnham (1987:46) gaan hiermee akkoord as hy sê dat poligamie as 'n wydverspreide verskynsel in swart gemeenskappe **bly** voortbestaan ten spyte van die verwagtings van moderne teoretici.

Rautenbach en Kellerman (1990:231,232) voer aan dat swart mense nie so afwysend teenoor volgehoue seksuele ontrou staan nie. Hulle beweer dat alhoewel dit een van die primêre funksies van die huwelik is om seksuele gedrag te reguleer, swart mense dikwels daarvan afwyk soos weerspieël word in hulle tolleransie van seksuele betrokkenheid buite die huweliksverhouding. De Haas (1984:258) maak ook melding van die feit dat die vrou haar man se seksuele eskapades as die norm aanvaar aangesien sy besef dat sy haarself in "...a very weakening bargaining position..." bevind. Dit gee aanleiding daartoe dat die swart vrou toenemend die keuse maak om nie te trou nie (Preston-Whyte 1993 en Van der Vliet 1982). Steyn en Uys (1983:363) maak die stelling dat die vrou meer sekuriteit in haar werksomgewing as in haar huwelik ondervind. "The greatest satisfaction the woman obtains from her work, seen against the background of marriage instability, is her economic independence from her husband". Die vrou

betree die arbeidsmark omdat sy besef sy moet 'n materiële substituuat hê om te kompenseer vir die **ontoereikendheid** van die man - in terme van huwelikstrou sowel as finansiële hulp. Volgens Van Aswegen (1988:74) word huwelikstevredenheid en die toereikendheid van die huwelik deur die vrou gemeet aan haar man se vermoë om haar finansiëel te versorg. Hoe meer hy gee, hoe beter voorsien hy in sy vrou se behoeftes.

Huweliksontrou word dus nie volgens dieselfde standaarde beoordeel as wat die suiwer westerse kultuur voorskryf nie. Alhoewel die moderne swart vrou ook 'n buite-egtelike verhouding as 'n vertrouensbreuk beleef, is dit veral die finansiële implikasies wat haar die meeste kwel. Ontrouheid gaan meestal gepaard met finansiële ontbering en plaas 'n addisionele las op die skouers van die vrou in die moderne samelewing (Radebe 1983:106). Vervolgens word die posisie van die vrou binne die swart huwelik in oënskou geneem.

3.3.6 Die rol van die swart vrou in die hedendaagse swart huwelik

"There are always at least two marriages:

his marriage and her marriage"

(Jesse Barnard in Goode 1982:139).

Die **botsende** huwelikspasies van die man en die vrou is ter sake. Van der Vliet beweer dat indien vrouens die keuse het, die Westerse/stedelike/Christelike opsie vir hulle definitiewe voordele inhou bo die tradisionele. Vrouens, sowel uit die ou as uit die nuwe bedeling, voel gegrief deur die feit dat hulle onder manlike dominansie staan en as minderwaardig beskou en behandel word. Dit stuit hulle ook toenemend teen die bors om finansiële en huishoudelike hulpbronne met ander familieleden te moet deel. "All over Africa, coming to town and adopting western/Christian ways have been seen as strategies for a woman to improve her position. They represent the chance to shuck one's traditional status and enter into the joint, closed, egalitarian marriage ideals of the western world" (Van der Vliet 1982:265). Die vrou is nie langer bereid om haar waarde in terme van haar

voortplantingsvermoë te laat bepaal nie (Martey 1991:142).

Die stedelike swart vrou het die geleentheid om haar slag te wys in 'n gedifferensieerde monetêre ekonomie, waar sy nou vir die eerste keer in 'n posisie is om sosiale en ekonomiese status te verkry - onafhanklik van haar verbintenis met haar man (Steyn & Uys 1983:352). Radebe (1983:113) gee 'n kriptiese samevatting: "With westernization and urbanization, the status of a woman has been elevated from that of subordinate to that of an equal".

'n Bydraende faktor tot die rolverandering van die vrou is die toenemende aantal huishoudings waar vrouens aan die hoof staan (Van Aswegen 1988:48). Dit is die moeder wat hoofsaaklik verantwoordelikheid aanvaar om met die minimum middele haar gesin te voed en te klee. Dit is die moeder wat die versorging oorneem in tye van krisis (as gevolg van werkloosheid, siekte, ouderdom en so meer). Die moeder is die emosionele knooppunt in die gesin. Sy is raadgever, trooster en bemoediger. Sy bind bande van lojaliteit tussen gesinslede en tree as tussenganger op. "In short, it is mothers that organise the major social support networks available to working class township people under present conditions of suffering and privation that are part and parcel of working class township life" (Campbell 1990:6).

Die miskenning van die vrou se menswaardigheid, en onerkentlikheid vir haar besondere rol kulmineer as't ware in 'n psigiese **rebellie** wat deel uitmaak van 'n wêreldwye eis vir gelykheid deur alle minderheidsgroepe. Die swart vrou se ontevredenheid is veral teen die man gemik. Aangesien die vrou se verwagtings van die huwelik Westers-georiënteerd is, is ook haar emosionele en persoonlike behoeftes toenemend in pas met dié van 'n moderne westerse vrou en reken sy op haar man om hierin te voorsien. "The wife, who is now an equal to her husband, expects cooperation from him and the sharing of responsibilities" (Radebe 1983:113). Dié skrywer beweer verder dat die statusverandering en emansipasie van die vrou die huweliksverhouding kompliseer. "They [die mans] do not want to accept a reversal of roles, let alone equality" (my invoeging).

Benewens 'n verwikkelde huweliksverhouding wat aan **akkulturasie** gekoppel kan word, het die vrou ook die sekuriteit wat sy in die tradisionele gemeenskap geniet het, ingeboet. Ten spyte van die reeds genoemde voordele wat die westerse kultuur inhou, ondervind die swart vrou 'n verlies aan beskerming met die disintegrasie van die uitgebreide gesin. Waar sy voorheen in 'n krisissituasie kon aanspraak maak op die ondersteuning van 'n hele klomp familieledede, is sy binne die kerngesin dikwels op haarself aangewese. Die vrou is ook hoofsaaklik alleen verantwoordelik vir haar kind(ers) se opvoeding en kan nie meer, soos vroeër, op familieledede se hulp reken nie. In die geval van huwelikskonflik kan sy ook nie meer haar pa of broer by die probleem betrek nie. Sy moet in staat wees om na haarself om te sien of van haar man skei as hy die huwelikslewe vir haar ondraaglik maak. Die verlies aan beskerming wat binne die stamverband te vinde is, het die voorkoms van egskeiding in die stedelike gebiede verhoog (Radebe 1983:68).

Verstedeliking het 'n groter impak op die vrou as op die man. Dit is deels toe te skryf aan die feit dat haar sosiaal-ekonomiese posisie bevoordeel word deurdat sy in staat gestel word om finansieel onafhanklik te funksioneer. 'n Verdere rede is dat baie swart vrouens as huishulpe intiem betrokke is by wit huishoudings, waar hulle eerstehandse kennis opdoen aangaande die realiteit van 'n westerse huwelik. De Haas (1984:230) merk tereg op: "It is perhaps when one comes to examine those norms and values which surround the relationship between husband and wife, such as the expectations which each has of the marriage that the difference between... 'traditional' black marriage and marriage in contemporary western societies becomes most apparant, indeed, the norms and values surrounding these two models of marriage are, in many respects, opposed".

In die afdeling wat volg, sal die swart man se verwagtinge rakende die huwelik en sy belewing van dié verbintenis aangesny word.

3.3.7 Die rol van die swart man in die hedendaagse swart huwelik

Verstedeliking het 'n beduidende ommeswaai nie net in die **status** van die vrou nie,

maar ook in dié van die man meegebring. Die vrou se status het verhoog ten koste van dié van die man. Soos Direko (1994:103) opmerk: "Men have lost their status...while women have gained ascendancy through education and gainful employment".

Die man het volgens Goode (1982:140) deur die geskiedenis die posisie van **uitbouter** beklee en soos alle dominante groepe, is hy nie bereid om sy onverdiende profyt in terme van geld, mag en prestige prys te gee nie. Een van die talle knelpunte in die huwelik is juis die onwilligheid van die man om sy tradisionele rol in terme van die patriargale gesagstruktuur te laat vaar en sy weiering om die vrou se nuutgevonde status te erken (Direko 1994:104). Die man gaan dus voort om die vrou volgens haar tradisionele posisie te behandel en dit skep 'n spanningsveld binne huweliksgeledere (Sher 1992:61).

Benewens die feit dat die man nie die rolverandering wil aanvaar nie, gaan hy voort met die tradisionele sanksionering van meervoudige seksuele verhoudings en beskou hy dit as sy reg om fisiese verbintenisse buite die huwelik te hê. Van der Vliet (1982:262) en Preston-Whyte (1993:66) verbind die poligamiese neiging met die swart man se selfbeeld. In die oë van sy portuurgroep word sy manlikheid met sy seksuele vermoëns geassosieer. Ook De Haas (1984:260,261) het met haar navorsing bevind dat die kultuurgroep dit goedkeur as die man buiten sy eie vrou 'n ander, of verskeie ander vrouens in sy lewe het. "Apart from satisfying their sexual needs and building their prestige in the male sub-culture, extra-marital affairs also often offer them an escape from the harsh realities of location life" (Van der Vliet 1982:198). Hiermee stem De Haas (1984:261) saam en sy voer verder aan dat die stremming rakende huweliksrolle en die magsbalans in die huwelik net begryp kan word deur dit in die wyer sosio-ekonomiese konteks te sien.

In industriële lande is 'n man se werk van kardinale belang, aangesien daar so 'n sterk korrelasie tussen beroeps- en gesinsrolle bestaan. 'n Middelklas betrekking bevorder werksbevreëdiging wat weer die man se selfbeeld positief beïnvloed, terwyl die salaris en bedrewenheid in arbeidsterme die man se posisie as gesinshoof

versterk. Die teendeel geld ook - 'n laag besoldigde werk verskaf soms min of geen werksbevreëdiging nie. Dit gaan dikwels gepaard met 'n lae selfbeeld en manifesteer in alkoholisme en buite-egtelike verhoudings (Van der Vliet 1982:199).

In Suid-Afrika word die patriargale ideaal steeds nagestreef, maar die realiteit is in skerp konflik met die strukturele werklikheid, naamlik dat die oorgrote meerderheid swart mans sosio-ekonomies in die werkersklas val - en dit bied weinig prestige. "Working class black men are oppressed both in race and in class terms. Their socially sanctioned power over women (and minor children) is often the only arena in which they are able to exercise any dominance" (Campbell 1990:113).

Dit is derhalwe te verstane dat navorsers soos Rainwater (Radebe 1983:69) die patologie in huweliksverhoudings benadruk as hy swart mans as oneffektief in die uitvoering van hulle eggenoot-vaderrolle bestempel. Hy glo ook dat verhoudings tussen huweliksmaats dikwels baie ongesond is en beskou die jaarlikse eskalasie in die egskeidingsyfer nie as verbasend nie.

Ofskoon 'n donker prentjie van die swart huwelik geskets is, word die huwelik nog steeds as die primêre ideaal van sowel die man as die vrou gesien (Preston-Whyte 1993:68).

3.4 SLOTOPMERKINGS

Gutkind (Richter et al 1986:4) beweer dat die twee mees uitstaande kenmerke van die kontemporêre swart gesin die volgende is: Die gesin is die **sentrale** instelling van die swart samelewing en is **geknak** deur stedelike omstandighede waaronder die volgende ressorteer:

- 'n Toename in buite-egtelikheid waar moeder en kind 'n ekstra las op die reeds finansieel-geknelde gesin is.
- Geen voorsiening word gemaak vir vrouens wat deur hul mans verlaat word en dan die gesin op eie houtjie moet onderhou nie.
- Vaders is dikwels afwesig, wat die kinders sonder 'n vaderfiguur of rolmodel

laat.

- Die nukleêre gesin bied geen ondersteuningsbasis met die versorging van kinders terwyl die moeder die brood verdien nie.

"The changes that occur can be clearly seen in different communities of African peoples. Of all the effects, none are more glaring than the changes affecting **human relations**" (Asana 1990:4). Die verhouding wat die meeste benadeel word deur genoemde verandering, is die **huweliksverhouding** en dit is die gevolg van 'n waardebotsing en verskillende kulture wat aangehang word. In hierdie verband konstateer Kanjo (1994:26) dat daar 'n merkbare wanklank is tussen die tradisionele kultuur en sosiale waardes aan die een kant, en die "nuwe" milieu waarbinne die westerse kultuur sig bevind aan die ander kant. "Die hoë mate van onaanpasbaarheid van die Afrikakosmologie by Westerse kapitalistiese denke lei heel dikwels na konflik en 'n emosionele polarisasie van belangegroepe" (Malan 1992:30).

Uit die voorgaande is dit duidelik dat daar indringend aandag geskenk moet word aan die swart huweliksverhouding. Soos Mosala (1987:89,90) tereg ten opsigte van die swart man en vrou opmerk: "They entered into marriage for different reasons, unknown to each other. What they needed was counselling **before** marriage; they could then have discovered their reasons for marrying and developed a common ground".

'n **Huweliksvoorbereidingsprogram** kan derhalwe as 'n meganisme gesien word deur middel waarvan huweliksprobleme voorkom kan word, deurdat konflikareas geïdentifiseer word en gepoog word om voornemende huweliksmaats weerbaar te maak teen die aanslae van faktore soos verstedeliking, verwestersing en industrialisasie. Daar moet dus 'n konstruktiewe poging aangewend word "om te verseker dat die huwelike wat aangegaan word, die beste kans het om te slaag" (Du Preez & Van Niekerk 1988:156).

In die volgende hoofstuk sal die konsep "**huweliksvoorbereiding**" onder die soeklig

geplaas word. Daar sal ook riglyne vir 'n moontlike teoretiese benadering tot 'n huweliksvoorbereidingsprogram vir die verstedelike swart laat-adolessent neergelê word.

Hoofstuk 4

RIGLYNE VIR 'N HUWELIKSVOORBEREIDINGSPROGRAM VIR DIE SWART LAAT-ADOLESSENT

4.1 INLEIDING

"Falling in love is always at least partly an illusion" (National Conference of Catholic Bishops 1989:31).

Die eskalasie in die egskeidingsyfer is 'n wêreldwye tendens wat veral in die Suid-Afrikaanse milieu kommerwekkend is. Verskeie redes vir dié hoë syfer kan aangevoer word. Alpaslan (1994:2) noem die volgende:

- 'n Akkommoderende houding teenoor egskeiding vanuit die geledere van die gemeenskap en kerk, wat egskeiding sodoende minder stigmatiseer.
- Wysigings aan egskeidingswetgewing wat egskeiding meer toeganklik maak.
- Die afwesigheid van vaardighede om huwelikseise en -konflik te hanteer.
- Die beskouing van egskeiding as 'n "huweliksprobleemoplossende" meganisme.

Bogenoemde het tot gevolg dat die huwelik as instelling minder ernstig bejeën word, en as gevolg van die maatskaplike sanksionering daarvan, word die klimaat geskep vir voornemende huwelikspare en pasgetroudes om hulle in 'n mindere mate aan die huwelik toe te wy of daarin te belê.

Die houdingsverandering teenoor die huwelik word weerspieël in die volgende faktore (Foley 1981:6):

- As gevolg van die hoë egskeidingsyfer word die permanensie van die huwelik bevraagteken. In hierdie verband konstateer De Waal en Steyn (1992:25) dat alhoewel die meeste mense die huwelik as 'n langtermynverbintenis beskou, baie min dié instelling as onverbreekbaar sien.
- Opvattinge ten opsigte van geslagsgemeenskap binne en buite die huwelik is meer oop en liberaal.
- 'n Houdingsverandering het plaasgevind ten opsigte van die aangeleentheid

van kinders - kleiner gesinne is die norm in teenstelling met groot gesinne van 'n paar dekades gelede. Dit het aanleiding gegee tot 'n klemverskuiwing in die **verhouding** tussen huweliksmaats. Die aksent het verskuif vanaf kind-gesentreerdheid na die band tussen **man** en **vrou**. Die rolverandering veronderstel intimiteit en kameraadskap wat bepaalde vaardighede vereis om so 'n verhouding suksesvol en langdurig te hou.

Bernstein (1992:4) maak die volgende stelling rakende huwelike oor die algemeen: "The alarming increase in the divorce statistics indicate that urgent attention is essential to assist couples in coping with the pressures of marriage". Die toename in huweliksverbrokkeling en die gepaardgaande destruktiewe gevolge daarvan het aanleiding gegee tot pogings om die negatiewe effek van egskeiding op huweliksmaats en hulle gesinne te minimaliseer. Dit het ook die vraag laat ontstaan of 'n pro-aktiewe of voorkomende benadering nie die antwoord op hierdie probleem sal verskaf nie.

4.2 HUWELIKSVORBEREIDING

Vorbereiding vir die huwelik is nie 'n nuwe konsep nie. In die verlede het voorbereiding plaasgevind volgens voorgeskrewe kulturele norme asook deur spontane waarneming van rolmodelle binne die gesin. Die voornemende huwelikspaar word vandag gekonfronteer met 'n wye verskeidenheid opsies, besluite en keuses. Rolle en verantwoordelikhede word nie langer duidelik gedefinieer nie en is ook nie outomaties soos in die verlede nie. Daar word soveel moderne eise aan die hedendaagse huwelikspaar gestel dat ouer rolmodelle se voorbeeld nie meer relevant is nie (Goldman 1991:6). Ook Russel en Lyster (1992:446) huldig die standpunt as hulle sê dat "...parental models [are] insufficient in providing information or experience to cope with the complexities of present day intimate relationships" (my invoeging).

Huweliksvoorbereiding vir die tyd waarin ons leef is dus noodsaaklik om die paartjie "huweliksgeletterd" te maak en om sodoende die kanse op huweliksukses

te verhoog.

Die huweliksvoorbereidingsbeweging het ontwikkel as 'n voorkomende maatreël om pare by te staan in die uitdagende, maar tog moeilike oorgang na die getroude lewe (Bernstein 1992:1). Pretorius (1988:9) voer aan dat die rasionaal onderliggend aan voorkoming gebaseer is op die uitgangspunt dat die verandering in gedragspatrone in 'n vroeë stadium van 'n verhouding die kanse dat gedragspatrone van wanaanpassing later sal ontwikkel, sal verminder. Silliman, Schumm en Jurich (1992:89) sien weer die doel met huweliksvoorbereiding as die voorkoming van huweliksnood en die fasilitering van verskillende houdings en vaardighede wat onontbeerlik is vir huweliksukses. Markman en Hahlweg (1993:30) skryf dat die voorkomingsperspektief ten doel het om met gelukkige paartjies te begin en om hulle te help om die relatief hoë vlakke van funksionering te handhaaf.

Giblin (1994:152,153) is die mening toegedaan dat die volgende agt doelstellings in 'n **effektiewe** huweliksvoorbereidingsprogram nagestreef behoort te word:

- (1) Soos huweliksberading, behoort huweliksvoorbereiding ook pare bewus te maak van die verhouding se sterk punte, groeiareas en verwagtings.
- (2) Voornemende huweliksmaats moet 'n realistiese siening van die ontwikkelingstake en lewenstadia hê, asook van potensiële probleme wat met die verskillende stadia geassosieer word.
- (3) Die daarstelling van dialoog in 'n verhouding is 'n hoë prioriteit. Alleenlik deur jouself oop te stel vir jou maat - deur jou hart en gedagtes bloot te lê - kan die basis vir langtermynvertroue gelê word.
- (4) Paartjies moet leiding ontvang ten opsigte van die neutralisering van verskille - hulle moet bygestaan word om vanaf vooroordeel en 'n kritiese houding te beweeg na aanvaarding van verskille.
- (5) Toewyding, kommunikasie en konflikoplossing is drie kritiese vaardighede vir effektiewe maritale funksionering. Vaardigheidsopleiding in hierdie areas is dus noodsaaklik.
- (6) Suksesvolle voorbereiding verhoog 'n paar se motivering om al vroeg in die

verhouding aan hul probleme te werk. Dan sal hulle ook later meer geneë wees om huweliksberading en -verryking te ontvang.

- (7) Pare moet die huwelik in pas bring met hul geloof - hulle moet aangemoedig word om die huweliksakrament in 'n heilige konteks te sien en dienooreenkomstig te probeer optree.
- (8) Paartjies moet gelei word om die vraag te vra: "Kan hierdie verhouding beëindig word, en as dit kan, watter redes kan hiervoor aangevoer word?" Dié vraag kan twyfel, vrese en potensiële verkeerde besluite blootlê wat andersins as "normaal" beskou kan word.

Daar sal volstaan word met Alpaslan (1994:10,11) se siening van huweliksvoorbereiding. Volgens hom is huweliksvoorbereiding daarop gerig

- om misverstande en onsekerheid oor die huweliksverhouding en die huweliksmaats voor die huwelik uit die weg te ruim,
- om inligting rakende die huwelik en sy werking daar te stel,
- om vaardighede aan te leer waardeur die groeipyne in die huwelik hanteer kan word.

"Huweliksvoorbereiding wil die voornemende huwelikspaar sosialiseer vir die huwelik, huwelikstevredenheid vestig en voorkom dat die huwelik misluk" (Alpaslan 1994:11).

4.2.1 Die ontstaan van huweliksvoorbereiding

Vandag, net soos in die verlede, kan daar drie groepe hulpverleners onderskei word wat hulle met huweliksvoorbereiding bemoei:

- Geestelike leiers (pastore, predikante, priesters).
- Medici.
- Professionele hulpverleners (sielkundiges, maatskaplike werkers, huweliks- en gesinsberaders) (Stahmann & Hiebert 1987:3,4).

Dit blyk dat die geestelike leier die meeste by huweliksvoorbereiding betrokke is aangesien dit die persoon is wat die huwelikspaar moet bystaan ten opsigte van die

huweliksvoltrekking (Krömker 1994; Pretorius 1988 en Stahmann & Hiebert 1987). Bernstein (1992:1) wys ook daarop dat huweliksvoorbereiding tradisioneel die domein van kerklike leiers was.

Medici raak betrokke deur voorhuwelikse fisiese ondersoeke, waar geboortebeperking gewoonlik bespreek word, en dan is dit selde dat beide voornemende huweliksmats kom vir konsultasie. In hierdie verband merk Stahmann en Hiebert (1987:4) op dat huweliksvoorbereiding deur geestelike werkers en medici te kortstondig en gewoonlik te kunsmatig is om werklik effektief te kan wees. Volgens Senediak (1990:26,27) het daar die afgelope 10-15 jaar 'n klemverskuiwing in die tradisionele geestesgesondheidpraktyk gekom. Waar die mediese model vroeër gebruik is om menslike verhoudings te begryp en daar gevolglik op swakhede en probleme gefokus is, word individue nou beskou in terme van hulle sterk punte en bates. Terselfdertyd was daar 'n opbloei in selfhelpgroepe soos Alkoholiste Anoniem, ensovoorts. Paraprofessionele mense (soos lekeberaders) het die hulpverleningsprofessie betree en word genader om hulle interpersoonlike, eerder as hul professionele hoedanighede.

Professionele hulpverleners het, soos reeds aangedui, tradisioneel net met probleemgevalle gewerk, en dit is maar in die afgelope twee dekades dat hulpverlening uitgebrei het na huweliksvoorbereiding wat daarop gemik is om latere probleme in die huwelik te voorkom (Pretorius 1988:12).

Pretorius maak verder melding van die eerste kursus in huweliks- en gesinsvoorbereiding wat in 1924 by die Bostonse Universiteit aangebied is, terwyl Stahmann en Hiebert (1987:4) beweer dat die eerste notering van voorhuwelikse beraad in 'n artikel te vinde is wat in 1928 in 'n Amerikaanse mediese tydskrif verskyn het. Bishop (1993:294) beweer dat die eerste voorhuwelikse opvoedkundige program in 1932 by die Merrill-Palmer Instituut aangebied is.

Vanaf die middel 1950's was literatuur wat gehandel het oor voorhuwelikse beraad gefokus op die mediese dokter se taak en die voorhuwelikse fisiese ondersoek.

Daarna het die geestelike literatuur wat gemik is op die mens se godsdienstige beleving begin ontwikkel, verwysend na huweliksvoorbereiding. Gelyktydig hiermee het professionele belangstelling in hierdie verband begin bloei.

Bishop (1993:294,295) voer aan dat ten spyte van toenemende aanvraag na huweliksvoorbereiding en vooruitgang op dié gebied, daar probleme in die teorie, navorsing en praktyk rakende voorhuwelikse berading voorkom, wat aandag vereis. Die belangrikste hiervan is die feit dat daar vandag nog nie 'n omvattende teorie is wat as basis vir voorhuwelikse programme kan dien nie. "Premarital counselling issues remain maverick issues that do not seem to have a place in literature on either marriage or the family" (Bishop 1993:295). Tweedens wys hy daarop dat daar geen duidelik geïdentifiseerde tegnieke in voorhuwelikse beraad bestaan nie - die praktyk van dié beraad varieer en word bepaal deur die berader en die spesifieke populasie of teikengroep wat bedien word. Laastens is dit problematies dat die langtermyn effek van voorhuwelikse beraad nog nie aangetoon is nie.

4.2.1.1 *Die geskiedenis van huweliksvoorbereiding in Suid-Afrika*

In 1946 het Dawid Murray, Direkteur van Maatskaplike Dienste vir die stad Johannesburg, die **Matrimonial Conciliation Board** gestig wat in 1949 die **Johannesburg Society for Marriage Guidance** geword het. Die **Kaapse Buro vir Huweliksvoorligting** is in dieselfde jaar deur die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACVV) in Kaapstad gestig. Huweliksvoorligtingsrade is verder in 1950 in Port Elizabeth, in 1953 in Pretoria, en in 1954 in Durban gestig.

David Mace het Suid-Afrika in 1954 vir ses maande as gasdosent van die Universiteit van die Witwatersrand besoek en talle huweliksinstansies van advies bedien. In Mei daardie jaar is 'n Nasionale Gesinswelsynskongres in Johannesburg gehou, en in Oktober is die **Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Huweliksvoorligting** in die lewe geroep. In 1969 is die naam verander na die **Family and Marriage Society of South Africa (FAMSA)**. Op die oomblik is FAMSA die koördinerende

liggaam van 20 organisasies wat hulp aan huwelikspare verleen. Hulle dienste sluit in voorkomings- (ontwikkeling van huweliksvaardighede en huweliksverryking) en rehabilitasie- (remediërende) beraad aan huwelikspare of individue wat spanningsdruk beleef wanneer verhoudings verbrokkel tydens egskeidings, by enkelouers, of in die geval van tweede huwelike, en so meer. **FAMSA** neem geregistreerde maatskaplike werkers in diens en maak van opgeleide vrywilligers gebruik vir beraad. Hierdie vrywilligers se opleiding word geskoei op die PREPARE - ENRICH program van Fournier, Olson en Druckman (Goldman 1991:31,32).

In die verlede is beraad hoofsaaklik deur predikante, maatskaplike werkers, welsynsorganisasies en gesinsorganisasies behartig. Tans bestaan daar gespesialiseerde instansies soos **FAMSA** in die groot sentrums, en talle psigiaters, sielkundiges en maatskaplike werkers in privaat praktyk bied ook sulke dienste aan (Louw 1990:3,4).

4.2.1.2 *Huweliksvoorbereiding vanuit die tradisionele swart kultuur*

Radebe (1983:91-94) beweer dat huweliksvoorbereiding in die tradisionele gesin 'n aanvang neem wanneer die kind nog klein is. Die pligte en gedrag eie aan die kind se geslag word aan hom voorgehou. Voorligting is 'n spontane en gemaklike ervaring omdat die gesin 'n ekonomiese eenheid vorm waarbinne gesinslede die meeste van hulle tyd saam deurbring.

Met die bereiking van adolessensie, word die huweliksvoorbereidingstaak deur die inisiasieskool onderneem, wat veral op geslagsvoorligting gemik is. Die kind word gesosialiseer in terme van sy rol as volwassene, asook die verwagte huweliksrol. "Die harmonieuse verhoudings binne die groep is 'n primêre waarde binne die swart gemeenskap en om dit te verseker word die jongmense ingelyf in die volwasse lewe" (Du Preez & Van Niekerk 1988:156).

Met verstedeliking en gepaardgaande verwestering, het die tradisionele inisiasieskool uitgesterf en word formele geslagsopvoeding nie meer aangetref nie

(Rip 1960:109). Ook Longmore (1959:41) verwys daarna dat kinders in stedelike gebiede nie voorberei word op die huwelik nie omdat die verantwoordelikhed nou op die skouers van die ouers rus en die ouers dit nie altyd opneem nie. In die meeste gevalle is die ouers bedags by die werk en keer eers saans terug huis toe. In hierdie verband konstateer Du Preez en Van Niekerk (1988:157) dat binne die moderne swart gemeenskap die ouers nie met die kinders kommunikeer oor hulle verhoudingslewe of toekomstige huwelikslewe nie. Die vraag ontstaan of dié gebrek aan kommunikasie te wyte is aan onvoldoende tyd en of geslagsvoorligting dalk 'n taboe onderwerp is. Gevolglik kry kinders hierdie inligting by oningeligte bronne soos vriende, bure en die portuurgroep (Edwards 1994 en Van Rooyen 1991).

Die behoefte aan huweliksvoorbereiding word soos volg deur Radebe (1983:94) verwoord: "With the dying of the initiation schools, there is a need for a carefully planned system of general education for marriage, parenthood, and family, so as to prevent further breakdown and false expectations". Een van die voorkomingsmaatreëls om disintegrasie in die huweliks- en gesinslewe hok te slaan, is om die potensiele huweliksmaat aan die hand van sekere inhoudelike huweliksweerbare te maak deur hom of haar vir die huwelik voor te berei.

4.3 HUWELIKSVORBEREIDINGSPROGRAMME

4.3.1 Die inhoudelike van huweliksvoorbereidingsprogramme

Volgens Senediak (1990:26) word voorhuwelikse opvoedkundige programme die beste gedefinieer as 'n vaardigheidsopleidingsprosedure wat ten doel het om pare van inligting te voorsien rakende maniere om hulle verhouding gesond te vestig en toenemend te verbeter as hulle getroud is.

Die programme het gewoonlik 'n tydslimiet en is inhoud-spesifiek. Dit is geskik vir "nie-kliniese" eerder as problematiese of disfunksionele pare. Die doelstellings van sulke programme is inliggend en verrykend georiënteerd.

Die inhoud van sulke programme word gewoonlik bepaal deur probleemareas in huwelike te identifiseer en dan vaardighede vir voornemende huweliksmaats aan te leer om potensiële konflik op hierdie gebiede te kan hanteer. Alhoewel hierdie metode gekritiseer word (vgl. 4.3.2), is ervaring tog die beste leermeester, deurdat die realiteit van huweliksprobleme as basis vir die inhoudelike dien.

Hahlweg, Baucom en Markman (Renick, Blumberg & Markman 1992:142) merk op dat voorhuwelikse ingryping op een van drie werkswyses fokus:

- Die verbetering van die selfbewussyn en kommunikasie.
- Verbetering van kommunikasie en die versterking van die verhouding.
- Verbetering van beide kommunikasie- en probleemoplossingsvaardighede.

Alpaslan (1994:51) voer aan dat inhoudelike ooreenkomste tussen huweliksvoorbereidingsprogramme opvallend is. Die aanleer van kommunikasievaardighede geniet in feitlik al die programme voorrang, terwyl die aanleer van konflikhanteringsvaardighede ook in al die programme beklemtoon word. Pretorius (1988:64) gaan hiermee akkoord as sy verwys na navorsing oor die etiologie van huweliksverbrokkeling waaruit dit blyk dat swak kommunikasie- en konflikhanteringsvaardighede van die belangrikste oorsake vir onbevredigende huwelike is. Navorsing onderneem deur Williams (1992:508) ondersteun ook hierdie bevindinge. Hy het 'n oop vraag aan respondente gestel oor watter onderwerpe aangespreek behoort te word in huweliksvoorbereidingsprogramme en die resultaat was soos volg:

- Konflikhantering (50%).
- Kommunikasie (40%).
- Kinders (24%).
- Godsdiens (19%).
- Beroepe (15%).
- Die seksuele aspek (14%).
- Familie en skoonfamilie (12%).

Hierdie resultate stem ooreen met die literatuur in verband met voorhuwelikse beraad.

Volgens Senediak (1990:28) het voorhuwelikse opvoeding twee breë doelstellings:

- Om praktiese inligting rakende die huwelik te verstrek (oor sake soos seksualiteit, finansies, ensovoorts).
- Om leiding en aanmoediging omtrent kommunikasievaardighede te gee.

Die navorsing gedoen deur Naudé (1990:18), waarin sy indikatore vir huweliksbevrediging vasgestel het, kan as 'n geldige basis dien vir die inhoud van 'n huweliksvoorbereidingsprogram. Sy noem die volgende breë temas:

- Kommunikasie.
- Konstruktiewe hantering van konflik.
- Die seksuele aspek van die huweliksverhouding.
- Sosio-ekonomiese beveiliging.
- Karaktereienskappe van die man en vrou (egas).
- 'n Relatief ooreenstemmende waardestelsel.
- Voorhuwelikse faktore.
- Die invloed van kinders.
- Die invloed van familie en skoonfamilie.
- Gemeenskaplike belange, die kwaliteit en kwantiteit tyd wat saam deurgebring word, en die rol van maatskaplike netwerke.

Dit wil dus voorkom asof kommunikasie- en konflikhanteringsvaardighede die basis van alle huweliksvoorbereidingsprogramme vorm. Ander aspekte wat aangespreek behoort te word, is meer vloeibaar, en 'n behoeftepeiling van die populasie of teikengroep vir wie die program beoog word, kan die res van die inhoud bepaal. Russel en Lyster (1992:449) onderstreep ook die belangrikheid daarvan dat huweliksvoorbereidingsprogramme vir **spesifieke** behoeftes opgestel behoort te word en dat dit nie sonder meer veralgemeen kan word nie. Waar daar met hierdie studie riglyne vir 'n huweliksvoorbereidingsprogram vir die swart laat-adolessent beplan word, sal die inhoude vanuit 'n kulturele konteks bepaal moet word. Die rede hiervoor is dat die verwesterende swart persoon se denkpatrone verskil van die Westerse model (vgl. hoofstuk twee). Die stedelike swart mens is nog as't ware in 'n akkulturasieproses gewikkel en het nog nie 'n vaste waardestelsel

gevestig nie (Du Preez & Van Niekerk 1988:161). Senediak (1990:30) sluit hierby aan as sy sê: "For a course to be valuable, the information provided needs to be applicable to the participants' experiences and situations". Inhoude wat in 'n huweliksvoorbereidingsprogram vir swart laat-adolescente ingesluit kan word, sal in hoofstuk ses bespreek word.

Die leemtes van bestaande huweliksvoorbereidingsprogramme sal vervolgens onder die soeklig kom.

4.3.2 Leemtes in bestaande huweliksvoorbereidingsprogramme

Verskeie navorsers maak daarvan melding dat huweliksvoorbereiding nog met baie agterdog bejeën word (Bishop 1993; Silliman, Schumm & Jurich 1992; Naudé 1990; Senediak 1990; Wright 1990 en Pretorius 1988). Redes wat hiervoor aangevoer word, is onder andere:

- Dit blyk dat die doelstellings van die programme verkry word van probleme wat huwelikspare in die huwelik ondervind - dit gee die programme 'n negatiewe vertrekpunt.
- Die inhoud van programme word deur die verskaffers of aanbieders van huweliksvoorbereidingsprogramme bepaal eerder as deur die behoeftes van die kliënte (Silliman & Schumm 1989:199).
- Ook Senediak (1990:28) is skepties wanneer sy sê dat voorhuwelikse berading as professie nog nie sy slag gewys het deur te bevestig dat dit wel huweliksharmonie bevorder nie.
- Daar word betreklik min oor die praktyk van huweliksvoorbereiding geskryf en nog minder navorsing oor die doeltreffendheid van huweliksvoorbereidingsprogramme gedoen.
- Die inhoudelike (vaardighede, verwagtings, houdings en optredes) wat in die literatuur gerapporteer word, berus op meningspeilings en nie op meer indringende empiriese navorsing nie (Pretorius 1988: 11).
- Huweliksvoorbereiding het nie 'n teoretiese grondslag nie en daar is ook nie geïdentifiseerde tegnieke om so 'n program aan te bied nie (Bishop

1993:295; vgl. ook 4.2.1)

Al is huweliksvoorbereiding nie 'n nuwe konsep nie, word relatief min navorsing sowel internasionaal as in Suid-Afrika gedoen (Alpaslan 1994; Goldman 1991; Naudé 1990 en Pretorius 1988). Huweliksvoorbereiding vir die swart bevolking is 'n onontginde veld en net een artikel kon in die literatuur opgespoor word oor hierdie onderwerp. Hierin lewer die skrywers 'n pleidooi dat die aangeleentheid binne die kulturele konteks aandag moet geniet (Du Preez & Van Niekerk 1988:157).

Ten spyte van die talle voorbehoude rakende huweliksvoorbereiding, word die noodsaaklikheid daarvan as sosiale reddingsgordel wêreldwyd onderskryf.

4.4 TEORETIESE BENADERINGS WAT HUWELIKSVOORBEREIDINGS-PROGRAMME TEN GRONDLAG KAN LÊ

James en Wilson (1986:60) voer aan dat drie teoretiese benaderings die ontwikkeling en praktyk van huweliksvoorbereiding in Engeland en Amerika beïnvloed het. Dit is die psigodinamiese, sistemiese en behavioristiese benaderings.

Een van die geldigste aanklagte teen huweliksvoorbereiding as professie, is dat dit geen teoretiese uitgangspunt het nie en dat tegnieke lukraak toegepas word (vgl. ook 4.3.2). Deur die bespreking van die drie benaderings, sal gepoog word om 'n teoretiese grondslag vir 'n huweliksvoorbereidingsprogram vir die swart laat-adolescent neer te lê.

4.4.1 Die psigodinamiese benadering

Erikson (1977:237) in sy bespreking van die interaktiewe en opponerende kragte wat in werking is tydens emosionele ontwikkeling, beskryf die emosionele taak van vroeë volwassenskap as **intimiteit versus isolasie**. Gedurende vroeë volwassenskap moet die ontwikkelingstaak om intimiteit te bemeester prioriteit geniet, anders

verval die persoon in isolasie. Naudé (1990:5) meen dat intimiteit as ontwikkelingsstaak dermate prominent geag word dat dit deur Erikson beskryf word as 'n noodsaaklike lewensinhoud en terselfdertyd 'n menslike vermoë. Naudé beweer verder dat byna alle jong volwassenes die behoefte aan intimiteit wil bevredig deur 'n huweliksverbintenis. In hierdie verband verwys Preston-Whyte (1993:68) spesifiek na die swart persoon.

Twee sentrale konsepte wat uit hierdie teorie van Erikson na vore tree, vorm die basis van die psigodinamiese benadering tot huweliksprobleme:

- Die eerste is die idee van die **self** as sentrale organisatoriese kern van die persoonlikheid wat sekere take moet bemeester om bevredigend te kan funksioneer.
- Die tweede is die idee dat die huwelik funksioneel is deurdat dit aan 'n doel moet beantwoord in terme van die voorsiening in behoeftes van die betrokke individu. In hierdie verband sê Naudé (1990:6) dat die huweliksverhouding oorwegend gekenmerk word deur **intimiteit**. Intimiteit word geassosieer met selfopenbaarmaking (self disclosure) en is noodsaaklik vir innige interpersoonlike verhoudinge.

James en Wilson (1986:61) voer aan dat Erikson se siening van persoonlikheidsontwikkeling gesetel is in die objek-verhoudingsteorie (object relations theory) wat ten doel het om die ontwikkeling van die persoonlikheid binne die konteks van interpersoonlike verhoudings te bestudeer. Die "objek" is 'n algemene term wat verwys na 'n bron wat behoeftebevrediging bied, maar nie noodwendig 'n persoon hoef te wees nie. Hierdie objek-verhoudingsteorie sien die interaksie in die huwelik vanuit die perspektief dat die keuse van 'n huweliksmaat beïnvloed word deur 'n onbewuste behoefte van 'n individu om in aanraking te kom met onderdrukte aspekte van sy persoonlikheid. Die verkose persoon moet aan daardie vereiste voldoen. Die mate waarin die huwelik as bevredigend of konflikvry ervaar word, hang af van die mate waarin hierdie behoeftes bevredig word.

Die basis van die psigodinamiese benadering is die veronderstelling dat

huweliksprobleme byna nooit deur net één persoon in die verhouding veroorsaak word nie. Dit is omtrent altyd 'n gevolg van kollusie (collusion) - 'n onbewuste samewerking tussen die twee partye. Die probleem is dus nie eensydig nie. As die een party byvoorbeeld seksueel koud is, is dit ook 'n probleem vir die ander party. 'n Probleem of tekortkoming in die een huweliksmaat suur deur na die ander huweliksmaat en dit word as 'n wedersydse kwessie ervaar.

James en Wison (1986:63,64) verwys ook na Dick se drie vlakke wat operasioneel is by die keuse van 'n huweliksmaat en wat ook uiteindelijke huweliksgeluk beïnvloed:

- **Vlak een** (sosio-ekonomiese norme en waardes) - waar twee persone uit dieselfde agtergrond kom, is die kans op huweliksukses groter.
- **Vlak twee** (persoonlike norme en waardes) - bewuste vooroordele, verwagtings, ensovoorts het betrekking op die keuse.
- **Vlak drie** (onbewuste objek-verhoudingbehoefte) - die persoon wat 'n sterk behoefte aan liefde en vertroeteling het, sal byvoorbeeld trou met 'n baie demonstratiewe persoon, wat in die bepaalde behoefte voorsien.

In voorhuwelikse beraad versamel die terapeut lewenstylinligting (life style information) en maak dan relevante interpretasies vir elke lid in die verhouding. Dié inligting verskaf die basis vir 'n omvattende bespreking en verkenning wat die paartjie help om die basiese verwagtings omtrent die ontwikkelende verhouding te begryp. Geslagsriglyne (gender guiding lines), dit wil sê, geslagsrolverwagtings, is 'n voorbeeld van 'n element van die lewenstyl en het direkte implikasies vir voorhuwelikse en huweliksverhoudings. Die veronderstellings waarop hierdie riglyne berus, word in die vroeë lewensjare gevorm en bly onderbewus, totdat dit deur analise en interpretasie van die lewenstyl na die bewussynsoppervlak gebring word. Hierdeur word die persoon dan gekonfronteer met die rasionaal agter sy huidige gedrag/houdings/verwagtings. "The couple may then evaluate areas of similarity and differences, and attempt to diffuse potential conflicts at this early stage in the relationship" (Bishop 1993:296,297).

Wright (1990:400) beweer dat twee fundamentele aannames waarop psigodinamies-gebaseerde terapie berus, die volgende insluit:

- Individue is **onbewus** van sekere gevoelens en oortuigings.
- Daar is **onderbewuste** konflikte wat nog uitgeklaar moet word.

Die taak van die psigodinamiese berader is om die kliënt by te staan, sodat hy bewus kan raak van die konflik, dit as probleemarea kan identifiseer en dan bereid sal wees om die konflik te konfronteer in die konteks van die verhouding.

James en Wilson (1986:70) beskou die leemte in hierdie benadering as die onvoldoende aandag wat aktuele en teenswoordige probleme in die huwelik geniet, terwyl die klem eerder op onderbewuste behoeftes en vergange gebeurtenisse geplaas word. Probleme waarmee die egpaar worstel, word dus nie aangespreek nie, maar daar word dieper gedelf na oorsake, wat nie altyd ter sake is nie.

Vervolgens sal die behavioristiese benadering onder die soeklig kom.

4.4.2 Die behavioristiese benadering

Volgens James en Wilson (1986:79) is die behavioristiese benadering tot huweliksprobleme gebaseer op sosiale leerbeginsels en word **wedersydse gedrag** as bepalend vir die welstand van die huweliksverhouding beskou. Die klem in hierdie benadering val op **huidige gedrag**, in teenstelling met die psigodinamiese klem op die verlede.

Die behavioristiese benadering tot huweliksdifunksie is op operante kondisionering geskoei. Die aanname word dus gemaak dat pare in nood **negatiewe versterking** gebruik om gedrag te probeer verander. Pretorius (1988:79) stem hiermee saam as sy sê dat huweliksverbrokkeling volgens die behavioristiese perspektief die resultaat is van beide huweliksmaats se gebruik van negatiewe versterking om mekaar se gedrag te verander. "'n Sentrale aspek binne die behavioristiese perspektief is die klem wat geplaas word op die huwelikspaar se interaksie as 'n determinant van huweliksongeluk".

James en Wilson (1986:79-83) beweer verder dat **positiewe versterking** volgens operante kondisioneringsbeginsels as 'n meer effektiewe veranderingsmeganisme beskou word. Wat hierdie benadering kompleks maak, is die aanname dat in 'n verhouding die een persoon die ander persoon se gedrag gedeeltelik beheer, dit wil sê, verantwoordelik is vir die wyse waarop die ander persoon optree. Terapeutiese sukses met verhoudingsprobleme is dus net moontlik indien beide vennote verander.

Addisioneel tot foutiewe versterkingsgedrag, ontstaan huweliksprobleme as gevolg van 'n kommunikasiekortsluiting - dit is wanneer kommunikasie op 'n ander manier ontvang word as wat die bedoeling was.

Die doel van die behavioristiese benadering met huweliksprobleme is:

- Om **pare werkswyse in positiewe versterking** aan te leer - met ander woorde, om gedragsverandering teweeg te bring deur 'n beloningsstelsel, wat die volgende kan insluit: om saam te ontspan, te gesels en so meer.
- Om **foutiewe kommunikasiepatrone** te verbeter deur die aanleer van kommunikasievaardighede. Pretorius (1988:80) maak ook melding van die aanleer van interpersoonlike vaardighede met die klem op kommunikasie- en konflikthanteringsvaardighede. Hierdie twee aspekte van interpersoonlike verhoudings vorm die fokus van die meeste voorhuwelikse programme (Russel en Lyster 1992:446).

Pretorius (1988:80,81) noteer die volgende strategieë om kommunikasie- en konflikthanterings-vaardighede te verbeter en sodoende verhoudingsbevrediging te verhoog:

- Huiswerk - in die vertroude omgewing van die huis word sekere vaardighede ingeoefen.
- Didaktiese tegnieke (lesings) - deur lesings by te woon, vermeerder die persoon sy kennis en begrip aangaande die kuns in kommunikasie- en konflikthanteringsvaardighede.
- Rollespel - twee persone op dieselfde vlak is hierby betrokke en spesifieke

rolle word ingeoefen. Sodoende word nuwe gedragspatrone aangeleer.

- Terugvoer - deur oop te wees vir kritiek, kan die persoon terugvoer as positiewe versterking ervaar.
- Modelling - twee persone is ook hierby betrokke. Die een persoon is 'n spesialis wat dan die voorbeeld "voorleef", en die ander persoon moet dan die voorbeeld "naleef".

Bogenoemde behavioristiese beginsels kan sinvol binne die breë konteks van die algemene sisteemteorie aangewend word. Hierdie teorie sal nou beskou word.

4.4.3 Die sisteembenadering

"But it is illusory to believe that a man and a woman are two separate people who come together to form a more perfect union. They are simply scapegoats sent out by their families to reproduce their kind" (Whitaker in Wood 1990:111).

Die studie van lewende organismes in Biologie het aan die lig gebring dat die organismes nie eenvoudige eenhede is wat in isolasie bestaan nie. Hulle is eerder komplekse komponente in dinamiese wisselwerking met ander organismes en met hulle omgewing. Hierdie bevinding deur Van Bertalanffy wat as die vader van die sisteemteorie beskou kan word, vorm die basis wat gesinsterapeute gebruik om na individue te kyk teen die agtergrond van 'n groter, komplekse sisteem (Bernstein 1992:13).

Die idee van die gesin as 'n sisteem is gebaseer op die opvatting dat die gesin 'n organisasie is wat mettertyd sy eie patrone, gewoontes en gedragreëls ontwikkel het. Die huwelik word as 'n sub-sisteem van die gesin beskou. Teoretici fokus op twee of drie generasies as daar van 'n familiesisteem gepraat word (James & Wilson 1986:72). Die gesin kan dus gesien word as 'n aantal verbinde dele in konstante interaksie. Die gedrag van elke individu in die familie/gesin het betrekking op en is afhanklik van die gedrag van andere. Verandering in een

sisteem het verandering in ander dele van die sub-sisteem tot gevolg.

Om 'n wisselwerkende sisteem te verstaan, moet die interrelasie tussen die elemente bepaal word (James en Wilson 1986:74). 'n Sisteem kan nie deurgrond word as dit eers in onderskeie dele afgebreek is nie. Dit is waar die term "onverdeeldheid" (wholeness) vandaan kom - die dinamiese elemente binne 'n bepaalde geheel het 'n entiteit tot gevolg wat groter is as die som van die gekombineerde elemente. "'n Huweliksverhouding kan dus nie verklaar word in terme van twee afsonderlike sub-sisteme (individue) nie, maar in terme van die dinamiese verhouding of wisselwerking tussen die individue as basis van die huweliksgeheel (Pretorius 1988:22).

Die sisteemteorie het die volgende aannames as uitgangspunt:

- Verandering in een deel affekteer of beïnvloed die ander dele.
- **Sirkulêre oorsaaklikheid (circular causality)** - die gedrag van een party in 'n interpersoonlike verhouding soos die huwelik, word gesien as 'n reaksie op of aanpassing by die gedrag van die ander party. As die vrou byvoorbeeld by die man sanik omdat hy homself onttrek en op 'n afstand hou, sal die man homself juis onttrek na aanleiding van die vrou se aanhoudende gemor en gekla.
- Enige sisteem met komponente wat voorkom in 'n konsekwente verhouding moet afgebaken word deur grense. Hierdie grense het ten doel om die instelling se identiteit te omskryf en dit ook te onderskei van ander sisteme sowel as die eksterne omgewing. Die huwelik as sub-sisteem moet dus gedefinieerde grense hê om dié instelling te beskerm teen die indringing van kompeterende sub-sisteme soos kinders of die familie.
- **Homeostasis** beskryf die onveranderende toestand van die gesin. Die sisteemteorie gebruik hierdie konsep om die herhaalde voorkoms van wisselwerkende patrone wat in families voorkom, aan te toon. Hiermee saam kan die reëls en norme eie aan 'n familie genoem word wat eksplisiet en implisiet die familiesisteem reguleer. Huweliksmaats stel 'n reeks reëls vas, gewoonlik tradisioneel gefundeerd, wat bepaal wie in watter situasie in

beheer is, ensovoorts. Konflik rakende die reëls kan op drie vlakke geskied:

- ◆ Die reël self.
 - ◆ Wie die reg het om reëls neer te lê.
 - ◆ Die afdwingbaarheid van onversoenbare reëls of dubbelsinnige kommunikasie rakende die reëls.
- Die sisteem kan oop of geslote wees. 'n Oop sisteem is ontvanklik vir beïnvloeding van eksterne faktore, terwyl 'n geslote sisteem nie daarvoor toeganklik is nie. Aangesien die gesin uit lewende sisteme bestaan, kompliseer dit die aard van die sisteem, deurdat 'n blote oop-geslote indeling nie sonder meer gemaak kan word nie. Die familie as sisteem kan derhalwe as 'n kontinuum gesien word wat beweeg tussen 'n relatief oop tot relatief geslote familiesisteem (James & Wilson 1986:72-79).

4.4.3.1 *Die sisteembenadering as voorgestelde teoretiese basis vir 'n huweliksvoorbereidingsprogram vir die swart laat-adolesent*

Wood (1990:112) voer aan dat gedurende die eerste huweliksjaar 'n bloudruk gevorm word vir die toekomstige patrone in die huweliksverhouding. Sonder dat die paar dit so beplan, word gedragcodes neergelê wat bepaal hoe hulle mekaar behandel, hulle verhouding met skoonfamilie, vriende, ensovoorts.

Hierdie bloudruk word bepaal deur die gesin van herkoms (family of origin). Dié gesin van herkoms het nie net 'n invloed op die identiteit van die persoon nie, maar het ook 'n geweldige invloed op die huwelik en die gesin in wording (family of creation). "Each spouse brings with him/her a *legacy* which has been taught, reinforced, refined, and integrated into the very character of each individual's personality. Consequently, many of the adjustments, tensions, and conflicts that arise in the marriage are not merely the result of personality differences but more likely than not are the result of legacy" (Trotzer & Trotzer 1986:97).

Krömker (1994:63) beweer dat al doen 'n persoon alles in sy vermoë om van die invloed van die gesin van herkoms af weg te kom, laasgenoemde in 'n groot mate

die persoon se intieme verhoudings bepaal.

Trotzer en Trotzer (1986:100) voer verder aan dat dié bloudruk die individu op twee basiese wyse beïnvloed wat positief of negatief kan wees. Namate die persoon in 'n gesinsopset opgroei, doen hy/sy eerstehandse kennis op van die realiteit van die huwelik (die ouers) asook die gesin self. Dié twee bronne verskaf die inligting waaruit die huweliks- en gesinslewe bestaan en bewustelik of onbewustelik besluit die individu waarop hy/sy wil voortbou in 'n eie huwelik en wat uitgeskakel moet word.

Alpaslan (1994:24) sluit ook hierby aan as hy sê dat hoe die huweliksmaat gaan wees en hoe hy/sy binne interpersoonlike verhoudings sal optree, sterk beïnvloed word deur sy persepsie en belewenisse vanuit die **gesin van herkoms**. Die afleiding kan dus gemaak word dat die **gesin van herkoms** intensief bestudeer moet word as basis vir 'n huweliksvoorbereidingsprogram. Volgens Alpaslan (1994:24-30) behoort so 'n bestekopname die volgende in te sluit:

■ **Die verhouding met die ouers**

Elkeen van die voornemende huweliksmaats moet die verhouding met sy/haar ouers beoordeel en hom/haarself vrae afvra soos: Aan watter ouer was hy/sy die naaste/verste? Wat is die redes hiervoor? Hier word voorgestel dat die paartjie aan mekaar vertel watter inligting direk of indirek aan hulle oorgedra is rakende byvoorbeeld liefde, geslagsomgang, mans, vrouens, finansies, ensovoorts.

■ **Die verhouding tussen die ouers**

Hier moet die voornemende huwelikspaar elkeen individueel die verhouding tussen sy/haar ouers omskryf in terme soos liefdevol, demonstratief, koud, afsydig, ensovoorts. "Hoe die verhouding tussen ouers daar uitsien, bepaal heel moontlik hoe die maats in die verhouding teenoor mekaar optree" (Alpaslan 1994:25). Vrae wat ook hier gevra kan word, is byvoorbeeld:

- ◆ Hoe lyk die rolverdeling, kinderopvoeding en seksuele lewe as aspekte van hul ouers se huweliksverhouding?
- ◆ Wat is die aard van hulle ouers se sosiale lewe?
- ◆ Hoe is woede uitgedruk en konflik hanteer?

■ **Die aard van die opvoeding en die huislike atmosfeer**

Hier moet kwessies uitgeklaar word soos byvoorbeeld of opvoedingspraktyke en dissiplinering regverdig was. Voornemende huweliksmaats moet ook met mekaar kommunikeer oor die gebruike en gewoontes vanuit die onderskeie gesinne van herkoms wat hulle wil voortsit in hul eie gesin.

■ **Onvervulde behoeftes**

Die voornemende huwelikspaar moet aan mekaar kan erken watter behoeftes onvervuld gebly het of net gedeeltelik vervul is in hulle kinderdae.

■ **Kritieke gebeure in die gesin van herkoms**

Daar moet ook besin word oor ingrypende aanslae op die gesin in een of ander vorm, byvoorbeeld seksuele molestasie, die dood van 'n gesinslid, egskedding, bankrotskap, ensovoorts. Daar moet gekyk word hoe dit die individu beïnvloed het en in watter mate hy/sy dit verwerk het.

■ **Broer- en/of susterverhoudings**

Broers en susters het ook 'n belangrike invloed op die vorming van persoonlikheid. Hier word veral gedink aan die plek wat die individu in die gesinshiërargie beklee het - as oudste, middelste of jongste kind. Alpaslan verwys (1994:26) na verskeie navorsers wat die belang van plek in die gesinsamestelling benadruk en dit aan sekere gedragspatrone koppel.

"As each person responds to these kinds of questions a clear picture of the family culture emerges for the person and the partner" (Wood 1990:51). Holman, Larson en Harmer (1994:51) beweer dat alhoewel die agtergrond waaruit 'n individu kom nie verander kan word nie, individue bewus raak van disfunksionele patrone in die gesin van herkoms en dat hulle hierdie kwessies al voor die huwelik kan konfronteer en begin uitklaar.

4.4.3.2 *Die genogram as hulpmiddel om inligting oor die gesin van herkoms te bekom*


Die genogram of gesinsdiagram is 'n vorm van 'n stamboom - 'n visuele kaart waarin die besonderhede van 'n persoon se familiesisteem asook die aard van

verhoudings binne die sisteem vervat is en wat oor geslagte heen strek. "As facts and details of individual stories are gathered, their feelings, meanings, and influence on the present are examined" (Giblin 1994:155).

Volgens James en Wilson (1986:134) is die grootste voordeel van die genogram dat dit inligting verskaf oor die "bagasie" wat pare in hulle huwelike en gesinne inbring. Dié navorsers stel dit dat dit 'n proses is "...of making the invisible more visible".

Inligting rakende die huweliksmats moet eerste op die genogram aangeteken word, byvoorbeeld hulle ouderdomme en huweliksdatum. Dan moet die name van die kinders van die gesin ingevul word, oudste aan die linkerkant, met elk se ouderdomme. Die genogram word dan vergroot om elke huweliksmat/voornemende huweliksmat se gesin van herkoms in te sluit. Soos elke individu aangeteken word op die genogram, moet daardie persoon bespreek word en belangrike inligting rakende die persoon moet op die genogram aangedui word. "During the process of making the genogram, both the couple and the worker will often gain new knowledge and fresh insights into their experiences and relationship, which will suggest possible avenues for future work with the couple" (James & Wilson 1986:136).

Voorbeeld van 'n genogram (figuur 4.1)



4.5 DIE RASIONAAL ONDERLIGGEND AAN 'N HUWELIKSVOORBEREIDINGS-PROGRAM VIR DIE SWART LAAT-ADOLESCENT

Suid-Afrika is die afgelope vyf jaar geskud deur veranderings op alle vlakke van die samelewing. Internasionale en plaaslike applous het opgegaan vir gelyke beregtiging op politieke en ekonomiese gebied - apartheid is afgeskaf en regstellende aksie het ekonomiese beleid geword. Ironies genoeg, neem maatskaplike verval nou epidemiese afmetings aan en manifesteer dit veral in die verbrokkeling van die huweliks- en gesinslewe.

'n Westerse utopie is skielik vir die swart persoon oopgegooi - waar hy voorheen net selektief aan dié "moderne" kultuur blootgestel is, het hy nou vrye toegang tot alles wat die Westerse samelewing bied. In hoofstuk een is ook aangetoon dat verstedeliking en die gepaardgaande blootstelling aan die Westerse kultuur, veroorsaak het dat die tradisionele norme en waardes op die agtergrond geskuif is en dat die Westerse kultuur deels aangehang word in die plek daarvan. Op grond van die navorsing waarna in die vorige hoofstukke van hierdie studie verwys is, kan die afleiding gemaak word dat die swart persoon oor die algemeen nie kultureel weerbaar is om optimaal te funksioneer in die "nuwe" samelewing nie. Daar is onsekerheid ten opsigte van eie kultuurgoedere - dit wil voorkom asof beide die tradisionele en Westerse kulture selektief aangehang word. Die swart persoon is in terme van 'n Westerse tegnokratiese samelewing dus nog in 'n akkulturasieproses betrokke met geen ondersteunende waardestelsel nie (Du Preez & Van Niekerk 1988:161).

Dit is veral hierdie aspek, naamlik die voorkoms van bikulturaliteit, wat stremming in die swart huwelik tot gevolg het. Die swart man klou vas aan die verroude, tradisionele kultuur, terwyl die vrou uitreik na die moderne Westerse kultuur (vgl. 3.3.4). Man en vrou in die swart huwelik verteenwoordig onderskeidelik die twee kulture. Van der Vliet (1992:229,230) verwoord haar navorsingsbevindinge só: "The research suggested that amidst the confusing array of optional marriage styles, a major cleavage was developing between the aspirations of men and

women; that where men tend to favour the more open, segregated and polygynous style associated with the traditional model, the women, particularly the younger and more educated ones were more likely to want the closed joint monogamous style associated with the 'modern' style". Die rede onderliggend hieraan is dat die man meer voordeel trek uit 'n tradisionele lewenswyse in terme van mag en gesag, terwyl die moderne Westerse lewenstyl onder andere gelyke regte en ekonomiese onafhanklikheid vir die vrou meebring.

Van der Vliet (1992:230) beweer verder dat konflik ontlok word waar die twee huweliksvorme in die huwelik teen mekaar afgespeel word met die doel om die ander party te manipuleer en om gedragsveranderinge af te dwing. So byvoorbeeld kan 'n vrou op getrouheid aandring en haar op haar predikant beroep, terwyl die man weer onderdanigheid kan eis op grond van tradisionele reëls.

Alpaslan (1994:3,4) vergelyk die tradisionele en moderne huwelike met behulp van 'n tabel.

Tabel 4.1

'N VERGELYKING TUSSEN DIE TRADISIONELE EN MODERNE HUWELIK

Tradisionele huwelik	Moderne huwelik
<ul style="list-style-type: none"> ♦ Die huwelik is 'n middel tot 'n doel, byvoorbeeld 'n stabiele milieu vir die opvoeding van kinders. 	<ul style="list-style-type: none"> ♦ Die huwelik is die doel op sigself, naamlik kameraadskap, liefde en die bevrediging van die emosionele behoeftes van die egmaats
<ul style="list-style-type: none"> ♦ 'n Hoër mate van sekuriteit en minder vryheid word ervaar. ♦ 'n Outokratiese bestuurstyl. Die vrou is ondergeskik aan die man. 	<ul style="list-style-type: none"> ♦ Minder sekuriteit, maar meer vryheid en kreatiwiteit word ervaar. ♦ Demokratiese bestuurstyl. Die man en vrou is gelyk.

Tradisionele huwelik	Moderne huwelik
<ul style="list-style-type: none"> ♦ Minimale emosionele en persoonlike betrokkenheid en feitlik geen openlike kommunikasie nie. ♦ Rigiede rolle. Man - 'n uitwaartse fokus; vrou - 'n na binne gerigte fokus. 	<ul style="list-style-type: none"> ♦ Maksimale emosionele en persoonlike betrokkenheid en openlike kommunikasie. ♦ Buigsame rolle - sowel die man as die vrou beweeg in- en uitwaarts.
<ul style="list-style-type: none"> ♦ Seksuele gemeenskap ter wille van voortplanting. ♦ Seks word beskou as 'n manlike voorreg en 'n vrou se verpligting teenoor die man. Van die vrou word verwag om seksuele gemeenskap nie te geniet nie. 	<ul style="list-style-type: none"> ♦ Seksuele gemeenskap as blyk van liefdesuiting en vir genot. ♦ Die behoefte en begeerte na seksuele gemeenskap by beide geslagte word erken, en die fokus is op wederkerige seksuele behoeftebevrediging van beide geslagte.
<ul style="list-style-type: none"> ♦ Groot gesinne. Gesinsbeplanning nie hoofprioriteit nie, en waar gesinsbeplanningsmetodes wel gebruik word, word dit beskou as die vrou se plig en verantwoordelikheid. ♦ Die uitgebreide gesin pertinent betrokke by die keuse van 'n huweliksmaat. 	<ul style="list-style-type: none"> ♦ Klein gesinne. Gesinsbeplanning 'n belangrike prioriteit en die gebruik van gesinsbeplanningsmetodes 'n gedeelde verpligting en verantwoordelikheid. ♦ Die keuse van 'n huweliksmaat is 'n persoonlike aangeleentheid.
<ul style="list-style-type: none"> ♦ Egskeiding vir baie nie aanvaarbaar nie. ♦ Verwagtings omtrent die huwelik laag, en so ook die moontlikhede vir mislukkings en teleurstellings. 	<ul style="list-style-type: none"> ♦ Egskeiding word beskou as 'n geldige alternatief in die geval van onherstelbare verbrekking. ♦ Verwagtings omtrent die huwelik is hoog en so ook die moontlikhede vir mislukkings en teleurstellings.

Uit bogenoemde vergelyking tussen die tradisionele en moderne huwelik, is die duidelikste waarneembare verskil geleë in die **rolverandering** wat beide geslagte ondergaan het. In hierdie verband voer Naudé (1990:3) aan dat rolfunksionering, rolvervulling en rolgedrag sentraal figureer in die huweliksverhouding, ook in die sin dat die status 'getroud wees' bepaalde rolle impliseer. In die huwelik het elke persoon wat die status 'getroud' het, bepaalde rolle. "Die rolbesetting in die huwelik sluit onder meer die man-, vrou-, moeder-, vader-, minnaar-, broodwinner-, kameraad- en tuisteskepperrol in" (Naudé 1990:4). Dié navorser sê verder dat aangesien elke rol 'n kontrarol impliseer, daar in die huwelik verwagtings gekoester word en dat huweliksukses gemeet word aan die mate waarin daar aan hierdie verwagtinge voldoen is.

Die feit dat die man en vrou se onderskeie rolverwagtinge in die swart huwelik nie vervul word nie, bring baie konflik mee. Met die verbokkeling van die uitgebreide gesin het die emosionele ondersteuningsstelsel ook meegegee. Waar geskille in die verlede besleg is deur die familienetwerk, word die man en vrou nou self met dié netelige saak gekonfronteer. As gevolg van gebrek aan kommunikasie in die deursnee swart huwelik, soos aangetoon deur Du Preez en Van Niekærk (1988:159) is daar ook geen geïnternaliseerde konflikhanteringsvaardighede by die huwelikspaar teenwoordig nie.

Huweliksvoorbereiding vir swart laat-adolessente is dus van kardinale belang om die volgende redes:

- Om hulle "huweliksgeletterd" te maak - dit wil sê om hulle bewus te maak van die eise wat 'n moderne huwelik stel.
- Om konflikhanteringsvaardighede aan te leer.
- Om kommunikasie te verbeter.

Vervolgens sal die verloop en bevindinge weergegee word van 'n empiriese ondersoek wat onderneem is om te bepaal watter aspekte in 'n huweliksvoorbereidingsprogram ingesluit behoort te word. Dié inhoud sal noodwendig in pas moet wees met die swart laat-adolessent se behoeftes en verwagtings.

Hoofstuk 5

NAVORSINGSMETODIEK

5.1 INLEIDING

In die vorige hoofstukke is verslag gedoen oor die literatuur wat handel oor die swart huwelik. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die swart huwelik as instelling in nood verkeer en indringende aandag moet geniet ten einde huwelikspatologie die hoof te bied.

Ngesi (1994:83) noem die volgende oorsake van huweliksdisorganisasie in swart geledere:

- Seksuele faktore, met spesifieke verwysing na ontrouheid in die huwelik.
- Alkoholmisbruik deur die man.
- Persoonlikheidsprobleme by beide huweliksgenote.
- Gebrekkige kommunikasie.
- Emosionele faktore by die mans soos aggressie, asook koudheid teenoor hul vrouens.
- Kinderloosheid.
- Onvoldoende finansiële onderhoud vir die gesin soos verskaf deur die man.
- Sosio-kulturele faktore soos die behandeling van die vrou as minderwaardige persoon.
- Sosio-ekonomiese faktore wat ekonomiese onafhanklikheid van die vrou insluit en wat daartoe lei dat die man se gesag bedreig word.
- Die afwesigheid van godsdiensoefening in die lewe van die swart persoon, wat meebring dat die huwelik as instelling nie meer so hoog geag word nie.

Genoemde faktore kan beskou word as manifestasies van **verwestering**. Dié proses het tot gevolg dat tradisionele norme en waardes verwater het en in sekere opsigte verruil is vir plaasvervangende inhoude. Die literatuurstudie wys ook daarop dat die Westerse kultuur 'n uiteenlopende impak op swart mans en vrouens het (vgl. 3.3.4). Die vrou bevind haar as gevolg van verwestering in 'n baie gunstiger

posisie, en daarom is die Westerse lewenstyl vir haar 'n baie aanloklike substituu vir die tradisionele lewenstyl van vroeër.

Verwestering het meegebring dat die man baie moes prysgee in terme van status en gesag, en daarom bly hy in 'n groot mate waarde heg aan die tradisionele kultuur wat vir hom soveel voordele inhou. Hierdie spanning tussen die tradisionele en Westerse gebruike het tot gevolg dat die man en vrou die huwelik met verskillende verwagtings betree. Huweliksonmin ontstaan deurdat die **realiteit** van die huwelik in stryd is met **verwagtings** wat die man en vrou onderskeidelik van die huwelik koester. Vrouens meet hul mans aan Westerse standarde en voel ontevrede as hul mans nie daaraan voldoen nie. Mans weer, stel tradisionele eise aan hul vrouens en is onvergenoegd as daar nie aan hulle verwagtings voldoen word nie.

Literatuur wat vir die doel van hierdie studie bestudeer is, het grotendeels verwys na die swart persoon sonder om **graad van opleiding** as veranderlike in ag neem. Ooreenkomstig die probleemstelling vir die ondersoek (vgl. 1.2) en na aanleiding van navorsingsbevindinge uit die teoretiese studie (vgl. 2.4.5), kan die vraag gevra word of die swart persoon wat formele tersiêre opleiding ontvang het, die dilemma van kulturele verskeurdheid in dieselfde mate ondervind as wat in tersaaklike literatuur voorgehou word. Met ander woorde - is die persoon wat formele opleiding ontvang dalk meer verwesters, aangesien hy deur die kurrikula van die tersiêre inrigtings aan Westerse inhoude blootgestel word? Wat die huwelik betref, ontstaan die volgende vrae: ondervind die swart persoon wat formele opleiding ontvang steeds dat sy **verwagtings** van die huwelik en die **realiteit** daarvan mekaar weerspreek? In watter mate geld hierdie teenstrydigheid vir mans en vrouens onderskeidelik?

Ten einde hierdie vrae te kan beantwoord, is 'n empiriese ondersoek onderneem. Die navorsingsmetodes word vervolgens bespreek.

5.2 NAVORSINGSMETODES

Gay (1992:209) onderskei tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing deur dié twee metodes respektiewelik te definieer op grond van die aard van metodologie. Kwalitatiewe navorsing word gekenmerk deur waarneming en in-diepte onderhoude, terwyl kwantitatiewe navorsing gebruik maak van ewekansige seleksie van deelnemers en gestandaardiseerde meetinstrumente, soos byvoorbeeld die vraelys. In hierdie studie is daar ter wille van kruisvalidasie besluit op 'n kwalitatiewe sowel as 'n kwantitatiewe komponent. Wat die kwalitatiewe komponent betref, is gebruik gemaak van onderhoudvoering waarby tien getroude studente betrek is. Die doel met die onderhoudvoering was om na aanleiding van die getroude persoon se huweliksbelewenis, hipoteses te genereer vir gebruik in die kwantitatiewe komponent van die empiriese studie, naamlik 'n vraelysondersoek. Die vraelyste is aan laat-adolessente uitgedeel met die doel om hulle verwagtings van die huwelik vas te stel. Meer spesifieke besonderhede van die navorsingsopset word later gegee (vgl. 5.3.2 en 5.4.2).

Vervolgens word die verloop en bevindinge van die onderhoudvoering weergegee.

5.3 ONDERHOUDVOERING

Gay (1992:202) definieer 'n onderhoud soos volg: "An interview is essentially the oral, in-person, administration of a questionnaire to each member of a sample". Daar kan onderskei word tussen drie tipes onderhoudvoering (Sadie 1990:60):

- **Kwalitatiewe onderhoude** wat merendeels ongestruktureerd is en wat grootliks op 'n ondersoekende gesprek geskoei is. Volgens Louw en Edwards (1994:38) neem dié tipe onderhoud die vorm van 'n taamlik informele gesprek aan en kan enige voor die hand liggende onderwerp bespreek word soos dit "toevallig" opduik. Die nadeel hieraan verbonde is dat dit onmoontlik mag wees om twee persone met wie daar onderhoude gevoer is, met mekaar te vergelyk, omdat hul onderhoude heeltemal verskillend verloop het.

- **Streng gestruktureerde onderhoud** waar vrae vir alle respondente in dieselfde vorm en volgorde gevra word sonder enige afwyking van die volgorde van vrae of die inhoud waarop vooraf besluit is. Alhoewel dié tipe onderhoud minder persoonlik is, verseker dit dat die onderhoudvoerder vergelykbare inligting kan verkry van almal met wie daar onderhoud gevoer word (Louw en Edwards 1994:39).
- **Onderhoude wat ook kwalitatief van aard is**, maar waar daar gebruik gemaak word van 'n onderhoudskedule. Inligting word oor spesifieke items ingewin, maar die onderhoudvoerder word toegelaat om die vraag te herformuleer of 'n verdere ondersoekende vraag te vra indien daar 'n behoefte tot groter duidelikheid ontstaan het.

Schumacher en McMillan (1993:251,252) onderskei weer die onderhoud in terme van die tipes vrae wat gevra word. Hulle identifiseer drie verskillende vrae:

- **Gestruktureerde vrae** (ook genoem vrae met beperkte response) dui op vrae wat gevolg word deur 'n stel alternatiewe, waarvan die respondent een moet kies.
- **Semi-gestruktureerde vrae** bevat geen keuses waaruit die respondent moet kies nie. Die vraag word eerder op so 'n wyse gestel dat daar voorsiening gemaak kan word vir individuele response.
- **Ongestruktureerde vrae** laat vir die onderhoudvoerder baie speling toe deurdat breë vrae gevra kan word in enige volgorde wat toepaslik blyk te wees.

Onderhoudvoering het verskeie voor- en nadele. Die voordele sluit die volgende in (Schumacher en McMillan 1993:251,252):

- Die tegniek is buigbaar en aanpasbaar.
- Dit kan vir verskeie probleme en tipes persone gebruik word, byvoorbeeld ongeletterdes en voorskoolse kinders wat nog nie kan lees nie.
- Vraagstelling kan noukeurig ontleed, opgevolg, duidelik gemaak of uitgebrei word om spesifieke en akkurate response te verkry.
- Verbale en nie-verbale gedrag is duidelik waarneembaar, en die onderhoudvoerder het die geleentheid om die respondent te motiveer.

Gay (1992:203) meld ander voordele soos dieptepeiling, wat nie moontlik is met 'n vraelys nie. Verder is die onderhoud gepas in gevalle waar persoonlike of sensitiewe vrae gevra word.

Enkele nadele van onderhoudvoering word egter ook deur Schumacher en McMillan (1993:252) en Louw en Edwards (1994:39,40) geboekstaaf:

- Moontlike subjektiwiteit en vooroordeel.
- Hoë koste.
- Tydrowendheid.
- Dit openbaar slegs inligting wat die respondent wil openbaar - daar is dus geen waarborg dat die persoon met wie die onderhoud gevoer word, die waarheid vertel nie.

Nieteenstaande hierdie punte van kritiek, is onderhoudvoering vir die doeleindes van die onderhawige ondersoek as 'n goeie vertrekpunt beskou om inligting in te win.

5.3.1 Doel

Die doel van die onderhoudvoering was om inligting in te win oor die getroude persoon se belewing van die huwelik met die oog op die formulering van hipoteses oor laat-adolessente se verwagtings van die huwelik. Tien studente is genader om onderhoude toe te staan om sodoende hul houdings en persepsies oor die huwelik vas te stel.

5.3.2 Metode

5.3.2.1 *Die selektering van die ondersoekgroep*

In die selektering van die respondente is daar besluit op vyf manlike en vyf vroulike studente van Vista Universiteit. Daar is geoordeel dat vyf verteenwoordigers van elke geslag genoegsame bruikbare data sou oplewer om literatuurbevindinge te verifieer wat rapporteer dat daar wel beduidende verskille bestaan in die

huweliksbeleving van die twee geslagte (vgl. 3.3.6 en 3.3.7).

Die studente wat die onderhoud toegestaan het, was almal getroud en hulle ouderdomme het gewissel van 32-54 jaar. Voorkeur is verleen aan ouer studente aangesien hulle oor meer huwelikservaring beskik het. Daar is op studente van Vista Universiteit besluit aangesien die navorser 'n lektrise aan die instelling is en alreeds 'n vertrouensverhouding met die studente opgebou het. Aangesien studente bo 30 jaar 'n klein persentasie van Vista Universiteit se studentesamestelling beslaan, is die deelnemers in 'n klassituasie geïdentifiseer en gevra om 'n onderhoud toe te staan.

5.3.2.2 *Onderhoudskedule*

Vir die doeleindes van die onderhawige navorsing, het die keuse geval op onderhoude wat kwalitatief van aard is, maar waar gebruik gemaak word van 'n onderhoudskedule (vgl. 5.3). 'n Semi-gestruktureerde benadering is gevolg waarvolgens vrae herformuleer kon word of 'n verdere ondersoekende vraag gevra kon word indien daar 'n behoefte tot groter duidelikheid na vore sou kom.

Die semi-gestruktureerde onderhoudskedule het bestaan uit 77 items (vgl. bylae A). Die afdelings waaroor die vrae gehandel het, was:

- **Graad van verwestering:** Hierdie onderwerp is ingesluit om te bepaal in watter mate die respondent hom/haarself as verwesters of tradisioneel beskou. Daarna is na verdere response gekyk om te sien of die student dan op 'n Westerse of tradisionele wyse reageer - dit wil sê, of daar 'n verband is tussen lewensfilosofie en lewenswyse.
- **Godsdiens:** Hierdie komponent is ingesluit om te bepaal of godsdiens tot konflik in die huwelik aanleiding gee, aangesien literatuurgegewens daarop dui dat godsdiens 'n potensiële konflikarea in die huwelik kan wees (vgl. 5.1).
- **Gesin:** Volgens die literatuurstudie (vgl. 3.3.3) is die duidelikste weerspieëling van verwestering te vinde in die nukeleêre gesin wat die plek

van die uitgebreide gesin ingeneem het. Deurdat die respondente moes aandui uit watter een van die twee gesinsopsette hulle kom, kon afgelei word in watter mate hulle ouers ook verwesters het. Respondente se gesingsagtergrond het ook 'n bepalende rol gespeel met betrekking tot hul beantwoording van die vraag oor die ideale gesin.

'n Vraag oor die verantwoordelikheid van die vader is ingesluit omdat die literatuur dit as een van die belangwekkendste knelpunte in die huwelik bestempel. Die vrou voel dat sy as mede-broodwinner moet kan staatmaak op die man se hulp en bystand met die kinders. Hierdie bevindinge, asook mans se houding ten opsigte van betrokkenheid as vaders, moes geverifieer word, om vas te stel of die swart man wat formele opleiding ontvang het sy huweliksverantwoordelikhede (in die Westerse sin) in dieselfde mate ontduik as wat in die literatuur gerapporteer word (vgl. 3.3.7).

- **Geskiedenis van die huwelik:** Hierdie onderwerp is ingesluit om weer eens die tradisionele of Westerse aard van die huweliksverbintenis te bepaal. Dié inligting het ook verdere insae gegee in die dinamiek van die swart huwelik.
- **Huweliksverwagtings:** Hier was die oogmerk om verwagtings met betrekking tot die huwelik vas te stel. Die respondente was alreeds getroud en het dus eerstehandse ondervinding van die huwelik gehad. Dié vraag het dus hulle siening van die ideale huwelik getoets - dit wil sê, die huwelik wat hulle nastreef. Die doel met hierdie vraag was ook om spesifiek die verskil tussen mans en vrouens se response te bepaal en dit te vergelyk met literatuurbevindinge in dié verband wat toon dat vrouens Westerse aspekte hoog ag, terwyl mans minder waarde daaraan heg (vgl. 3.3.4).

Nog 'n item wat onder hierdie afdeling voorkom, is die vraag na aspekte wat probleme in die huwelik veroorsaak (vgl. bylae A, 8.3). 'n Hele aantal probleme soos geïdentifiseer uit die literatuur is gelys, en die respondent moes die prominensie daarvan in sy/haar huwelik gradeer.

Die vraag na probleemoplossingsmetodes het ten doel gehad om die

respondent se houding teenoor konflikthantering te bepaal. Literatuurbevindinge dui daarop dat swart huweliksmaats geneig is om probleme nie met mekaar te bespreek nie, maar hulle nog tot die familie wend om konflik te help oplos. Die doel met hierdie item was drieledig, naamlik om

- ◆ die mate van verwestering met betrekking tot probleemoplossing te bepaal;
 - ◆ inligting te verkry rakende huweliksmaats se metodes om onderlinge probleme op te los, dit wil sê, om agter te kom of hulle die probleme met mekaar bespreek, en om
 - ◆ die bereidwilligheid van huweliksmaats om na 'n professionele berader te gaan, te bepaal.
- **Buite-egtelike verhoudings:** Dié item is ingesluit omdat dit ook een van die belangrikste konflikareas in die huwelik is (vgl. 3.3.5). Die onderhoudvoering het daarvoor voorsiening gemaak dat mans en vrouens die afdeling oor buite-egtelike verhoudinge apart kon beantwoord. Die rede hiervoor is dat literatuurbevindinge daarop dui dat swart mans en vrouens uiteenlopende sienings omtrent buite-egtelikheid huldig (vgl. 3.3.5). Die vraag het ontstaan of die Westerse en tradisionele man en vrou huweliksontrou verskillend beleef. 'n Vraag oor die redes vir huweliksontrou is ook gestel - hieruit kon ook afgelei word of die man agter tradisionele redes skuil, en of "westerse" response gegee word.

Die vraag oor die hantering van huweliksontrou is gevra met die doel om weer eens navorsingsbevindinge te toets, naamlik die gerapporteerde onverdraagsaamheid teenoor 'n vrou se ontrou, teenoor die kondonering van die man se ontrouheid (vgl. 3.3.5). Veral in die geval van die vrou is op haar respons gelet, om te bepaal of ook sy dit as die man se prerogatief beskou om ander vrouens in sy lewe te hê.

5.3.2.3 *Die onderhoudsituasie*

Gedurende die onderhoudsituasie is gebruik gemaak van 'n bandopnemer om die inligting vas te lê en wel om die volgende redes:

- Daar kon met volle aandag na respondente geluister word. As 'n mens aantekeninge moet maak, is dit nie moontlik nie.
- Tyd is op dié manier bespaar, aangesien die maak van aantekeninge baie meer tyd in beslag neem.
- Later kon die navorser weer na die onderhoude luister, die inligting transkribeer en kortliks saamvat.
- 'n Opname waarborg volledigheid; die maak van aantekeninge, nie.

Nie een van die respondente het besware gehad teen die gebruik van 'n bandopnemer nie. Volgens die navorser se waarneming was die respondente nie geïnhibeer daardeur nie en is die vrae met groot eerlikheid en openhartigheid beantwoord.

5.3.2.4 *Ontleding van data*

Al die onderhoude op band is getranskribeer en ontleed. Die doel van hierdie stap was om die betrokke respondente se ervarings, insigte, denke en belewing ten opsigte van tersaaklike vrae weer te gee, asook om hipoteses te genereer op grond waarvan 'n vraelys vir laat-adolessente opgestel kon word.

5.3.3 *Bevindinge*

Die response op die vrae word vervolgens per afdeling bespreek (vgl. 5.3.2.2).

Graad van verwestering:

Drie studente (een man en twee dames) het aangedui dat hulle heeltemal verwesters is, terwyl vyf gesê het dat hulle beide die tradisionele en Westerse kulture aanhang. Twee mans het aangetoon dat hulle net tradisioneel leef. Dié

inligting stem ooreen met literatuurbevindinge wat aantoon dat sowel die Westerse as die tradisionele kultuur aangehang word (vgl. 3.3.1).

Godsdiens:

Die meeste respondente het aangetoon dat hulle en hul huweliksmaats aan dieselfde kerke behoort. Nie een respondent het dié veranderlike as probleemarea in die huwelik geïdentifiseer nie. Dit weerspreek die uitspraak van Ngesi (vgl. 5.1) en gevolglik is die item nie in die vraelys ingesluit nie.

Gesin:

Sewe uit die tien respondente het aangetoon dat hulle uit 'n voltallige nukleêre gesin afkomstig is. Op die vraag watter gesin die ideale gesin is, het al die respondente, sonder uitsondering, se keuse op die voltallige nukleêre gesin ("complete nuclear family") geval. Literatuurbevindinge wat aandui dat die kerngesin in die geïndustrialiseerde samelewing die ideale gesinsvorm is, word ook in hierdie geval bevestig (vgl. 3.3.3).

Geskiedenis van die huwelik:

Die respondente het by die item wat handel oor die wyse van huweliksluiting uiteenlopend gerespondeer. Dit wil voorkom of daar nog heelwat tradisionele gebruike en rituele aanwesig is. Die helfte van die studente het aangedui dat hulle op tradisionele wyse in die huwelik getree het en by die meerderheid is lobola ook betaal. Hierdie bevindinge strook met literatuurgegewens wat rapporteer dat die deursnee swart persoon, wat huweliksluiting betref, nog steeds (sommige) tradisionele gebruike handhaaf (vgl. 3.3.1).

Huweliksverwagtings:

Na aanleiding van die terugvoer wat verkry is, blyk dit dat die volgende aspekte deur die swart persoon as kenmerkend van die ideale huwelik beskou word:

- Kommunikasie.
- Die bespreking van probleme deur huweliksmaats.
- Wedersydse emosionele ondersteuning.

■ Gelykheid en vennootskap in die huwelik.

Die voorgenoemde eienskappe is verteenwoordigend van die Westerse huwelik en is in direkte teenstelling met die tradisionele swart huwelik, waar daar nie sprake is van 'n intieme emosionele verhouding tussen huweliksmaats nie, maar waar die klem op voortplanting val (vgl. 3.2.1). Dit was opvallend dat vier uit die vyf mans ook aangetoon het dat die genoemde aspekte die ideale huwelik verteenwoordig. Hierdie bevinding strook nie met literatuurbevindings nie. 'n Moontlike verklaring is dat tersaaklike literatuuruitsprake hoofsaaklik op die **onopgeleide swart persoon** betrekking het (vgl. Steyn et al 1987; Radebe 1983; Van der Vliet 1982) en dat die swart persoon wat **formele onderrig** ontvang (of ontvang het), dalk meer ingestel is op emosionele aspekte, soos dit die geval is in die Westerse huweliksverhouding.

In antwoord op die vraag oor hoe probleme in die huwelik opgelos word (vgl. bylae A, item 8.2), het nege uit die tien respondente te kenne gegee dat hulle self (die huweliksmaats) die probleme bespreek, maar die helfte van die respondente betrek ook die breër familie wanneer konflik ontstaan. Dit is ook van belang om daarop te wys dat net twee van die respondente (vrouens) aangedui het dat hulle na 'n kerkleier gaan vir berading, terwyl die manlike respondente heeltemal afwysend daarteenoor gestaan het. Dit bevestig ook literatuurbevindinge dat veral die man nie sommer bereid is om vir hulp na 'n professionele of lekeberader te gaan nie (vgl. Burtch, Wachtel & La Prairie 1985:375).

Verskeie probleemareas is uit die literatuur geïdentifiseer (vgl. bylae A, item 8.3). Die respondente is gevra om die probleme te prioritiseer. As gevolg van die uiteenlopende response kon geen probleem hier uitgesonder word in terme van frekwensie of belangrikheid nie.

Buite-egtelike verhoudings:

Die vraag oor buite-egtelike verhoudings het ook 'n baie "westerse" respons ontlok deurdat die meerderheid respondente ontrouheid binne die huwelik afgekeur het. Net die twee manlike respondente wat aangedui het dat hulle die tradisionele

kultuur aanhang, het dit ook as 'n man se prerogatief beskou om buite-egtelike verhoudings aan te knoop. Dié respons kom ooreen met literatuurbevindinge dat die man wat die tradisionele kultuur aanhang, buite-egtelike verhoudings voorstaan (vgl. 3.3.5). Die feit dat die meerderheid respondente buite-egtelike verhoudings afkeur, stem nie ooreen met literatuurbevindinge nie (vgl. 3.3.5). Ook in hierdie geval kan die rede wees dat die **formeel opgeleide swart persoon** in hierdie opsig 'n Westerse huweliksverwagting van getrouheid binne die huwelik koester.

5.3.4 Opsomming

Op grond van die inligting wat uit die onderhoudvoering verkry is, kon 'n oorsigtelike beeld gevorm word van die getroude swart persoon se siening van die huwelik. Aan die een kant is die realiteit van huweliksbeleving geskets, en aan die ander kant is die swart persoon se verwagtings van die huwelik blootgelê.

Die bevindinge van die onderhoudvoering het aan die lig gebring dat die verwestering van swartmense op 'n kontinuum lê. Al beskou 'n persoon homself ook as geheel en al tradisioneel in sy lewenswyse en denke, is daar tog Westerse invloede te bespeur (vgl. byvoorbeeld die terugvoer aangaande huweliksverwagtings (5.3.3)). Aan die ander kant kan die swart persoon wat homself as heeltemal verwesters beskou ook nog tradisionele gebruike aanhang, veral waar daar van rituele gebruike sprake is, soos byvoorbeeld ilobolo.

'n Insiggewende tendens wat uit die onderhoudvoering na vore gekom het, is dat huweliksbeleving en huweliksverwagtings baie homogeen is. Hierdie bevinding is in teenstelling met die literatuur wat suggereer dat huweliksbeleving en verwagtings dikwels teenstrydig is (vgl. 3.3.6). 'n Verdere afwyking van literatuurgegewens is gevind in die wyse waarop die twee geslagte die huwelik bejeën. Waar daar in die literatuur gerapporteer word dat die swart vrou na die Westerse huwelik strewe in terme van die behoeftes aan kommunikasie, emosionele binding, vennootskap en positiewe konflikthantering, en die swart man in 'n groot mate bly vasklou aan die tradisionele huwelik wat die teenoorgestelde

aspekte voorstaan, is in die onderhoude bevind dat sowel die swart man as vrou merendeels die Westerse huwelik verkies.

Die diskrepanse tussen literatuurbevindinge en dié van die onderhoudvoering, word (by wyse van aanname) toegeskryf aan die feit dat die respondente formele opleiding ontvang het en op dié wyse aan Westerse inhoude (as invloede) blootgestel is.

5.3.5 Voortvloeiende hipoteses

Op grond van die inligting wat verkry is uit die onderhoudvoering, is die volgende hipoteses geformuleer met betrekking tot die vraelysondersoek (vgl. 5.4):

1. Laat-adolessente beskou hulself deurgaans as verwesters.
2. Die voltallige nukleêre gesin, wat die man en vrou (met of sonder kinders) insluit, word as die mees ideale gesinsvorm beskou.
3. Laat-adolessente is deurgaans begerig dat hul voorgenome huwelik op 'n gedeeltelik tradisionele manier voltrek moet word, met ander woorde, dat die ilobolo-transaksie deel sal vorm van die huweliksluiting.
4. Die meerderheid laat-adolessente verwerp die opsie om kinderloos in die huwelik te bly.
5. Kenmerke van die Westerse huwelik, naamlik
 - kommunikasie;
 - die bespreking van probleme deur huweliksmaats;
 - emosionele ondersteuning, en
 - gelykheid en vennootskap in die huwelik,
 geniet hoë prioriteit in die laat-adolessent se verwagtinge.
6. Die meerderheid laat-adolessente meen dat familieledede in 'n groot mate betrek behoort te word by die oplossing van huweliksprobleme.
7. Getrouheid in die huwelik word verwag. Die meerderheid laat-adolessente reken op altwee geslagte se getrouheid.
8. Die manlike laat-adolessent is deurgaans nie geneë om 'n huweliksvoorbereidingsprogram by te woon nie.

In die bespreking van die bevindinge van die vraelysondersoek (vgl. 5.4.3) word aangetoon in welke mate die genoemde hipoteses bevestig is. Vervolgens word die vraelysondersoek in meer besonderhede bespreek.

5.4 DIE VRAELYSONDERSOEK

Om die kwantitatiewe komponent van die empiriese ondersoek uit te voer, is op 'n vraelysondersoek as navorsingsmetode besluit. Strydom (1994:163) definieer die vraelys as 'n stel vrae wat oor 'n onderwerp of 'n groep onderwerpe handel wat verband hou met mekaar en wat so saamgestel is dat dit skriftelik deur 'n respondent beantwoord kan word.

Schumacher en McMillan (1993:238) voer aan dat die vraelys die tegniek is wat die wydste gebruik word om inligting van proefpersone in te win. Dié navorsers wys verder op die voordele van die vraelys as hulle die volgende noem:

- Die vraelys is relatief ekonomies.
- Dit bevat gestandaardiseerde vrae.
- Anonimiteit word verseker.
- Dié tegniek is buigbaar deurdat vrae in pas gebring kan word met spesifieke doelstellings.

Volgens De Wet et al (1989:163) kan daar tussen **gestruktureerde** en **ongestruktureerde** vraelyste onderskei word. Die gestruktureerde vraelys bestaan uit vrae met gegewe keuse-items. Die ongestruktureerde vraelys daarteenoor, maak voorsiening vir 'n vrye keuse van response op vrae, wat die respondent die geleentheid gee om sy eie opinies te gee. Hierdie "oop vrae" bemoeilik egter die analisering en kwantifisering van die vraelys en word as rede aangevoer waarom daar meer dikwels van gestruktureerde as ongestruktureerde vraelyste gebruik gemaak word. In dié verband sê Gay (1992:197) ook dat die nadele verbonde aan die ongestruktureerde vraelys die voordele verreweg oortref. Hier noem hy byvoorbeeld dat respondente oor die algemeen nie daarvan hou om geskrewe

response te gee nie. Daarby word daar dikwels ook ontoepaslike inligting verskaf.

Uit hoofde van die voorgenoemde oorwegings, is daar in die onderhawige ondersoek van 'n **gestruktureerde vraelys** gebruik gemaak.

5.4.1 Doel

Die doel met die vraelysondersoek was om die bevindinge en hipoteses wat deur die onderhoudvoering gegenereer is, te verifieer ten einde die laat-adolesseent se houding teenoor en verwagtinge van die huwelik vas te stel. Dit gaan hier om 'n **selfbeoordelingsvraelys** (Smit 1991:235) deurdat dit hoofsaaklik nie-intellektuele aspekte van gedrag soos houdings, persepsies, verwagtinge en so meer meet.

5.4.2 Metode

5.4.2.1 *Ondersoekgroep*

Studente van die Fakulteit Opvoedkunde aan Vista Universiteit het die ondersoekgroep gevorm. Die navorser het op grond van haar nagenoeg tien jaar lange onderrigervaring aan Vista Universiteit en haar kennis van die studente-samestelling geoordeel dat die studente 'n geskikte ondersoekgroep is om die verlangde inligting te verskaf. Die respondente moes binne die ouderdomsgroep 18-22 jaar val, wat volgens die literatuurondersoek die laat-adolessentefase beslaan (vgl. 2.1). 'n Verdere kriterium waaraan die respondente moes voldoen, was dat hulle ongetroud moes wees. Aangesien **geslag** 'n baie belangrike verdeler in die studie vorm, is daar gepoog om vroulike en manlike studente in gelyke mate by die ondersoek te betrek.

5.4.2.2 *Vraelysontwerp*

Daar is 57 items in die vraelys (vgl. bylae B) opgeneem, wat die volgende onderwerpe dek:

- Graad van verwestering.
- Gesin.
- Huweliksverwagtings.
- Egskeiding.
- Buite-egtelike verhoudings.
- Huweliksvoorbereiding.

Aangesien die onderwerpe en items wesenlik dieselfde is as dié van die onderhoudskedule, word verwys na 5.3.2.2 vir die rasionaal onderliggend aan die keuse van die items.

Twee onderwerpe wat in die vraelys voorgekom het, maar nie in die onderhoudskedule nie, is **egskeiding** en **huweliksvoorbereiding**.

■ **Egskeiding**

Hierdie onderwerp is ingesluit om die laat-adolessent se agting van die huwelik as instelling te bepaal, en ook om vas te stel watter probleemareas volgens die oordeel van die respondente 'n egskeiding regverdig. Benoemde probleemareas is ontleen aan geïdentifiseerde konfliktsituasies wat in die literatuur vermeld word en wat ook in die onderhoudskedule ingesluit is.

■ **Huweliksvoorbereiding**

Ooreenkomstig die doel van die navorsing, naamlik om riglyne vir 'n huweliksvoorbereidingsprogram daar te stel, is dit noodsaaklik geag om die laat-adolessent se houding teenoor huweliksvoorbereiding, sy gereedheid vir die huwelik en bereidheid om so 'n program by te woon, te ondersoek.

5.4.2.3 *Verloop van die vraelysondersoek*

Die vraelys is gedurende verskillende klasperiodes uitgedeel aan eerste-, tweede-, derde- en vierdejaarstudente wat aan die ouderdomskriterium voldoen het (vgl. 5.4.2.1). In al die gevalle is gepoog om die verhouding manlik-vroulik eweredig te hou.

Altesaam 261 vraelyste is uitgedeel. Die navorser was self by die uitdeel en afneem van die vraelyste betrokke. Die studente is eers deeglik ingelig oor die doel van die studie, en die noodsaaklikheid van die navorsing is onder hulle aandag gebring. Daarna is die vraelyste uitgedeel. Die vraelys is vraag vir vraag bespreek en voltooi om sodoende enige onduidelikheid uit te skakel.

Die navorser het 180 vraelyste terugontvang. Slegs 60 van die 180 vraelyste is deur manlike studente voltooi - presies 'n derde van die totale aantal respondente. Dié verskynsel, naamlik die ooglopende teensin onder manlike studente om die vraelys te voltooi, word later bespreek (vgl. 5.4.3). Op grond van die navorser se ervaring van die ondersoekgroep is geoordeel dat die aantal beperkte manlike studente wat wel aan die ondersoek deelgeneem het, nietemin bruikbare en genoegsaam verteenwoordigende data sou oplewer.

5.4.2.4 *Data-ontleding*

Die vraelyste is by die Departement Rekenaardienste aan UNISA ingegee vir kodering en verwerking. Data-ontleding volgens frekwensies is vir die doeleindes van die ondersoek as genoegsaam beskou. Die bevindinge word vervolgens weergegee en bespreek.

5.4.3 Bevindinge

5.4.3.1 *Agtergrondgegevens*

In die volgende tabelle word die agtergrondgegevens oor geslag, ouderdom, studiejaar, graad van verwestering en werklike/ideale gesinsverbintenis aangetoon. Daarna word enkele samevattende opmerkings aangaande die gegevens gemaak.

a) Tabel 5.1: Geslag

Geslag	N	%
Manlik	60	34
Vroulik	119	66
Totaal	179	100
Nonrespons = 1		

b) Tabel 5.2: Ouderdom

Ouderdom	N	%
19 jaar	10	6
20 jaar	31	17
21 jaar	54	30
22 jaar	85	47
Totaal	180	100

c) Tabel 5.3: Studiejear

Studiejear	N	%
1	36	20
2	96	54
3	30	17
4	17	9
Totaal	179	100
Nonrespons = 1		

d) **Tabel 5.4: Graad van verwestering**

Verwestering	Manlik		Vroulik		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Verwesters	25	42	49	42	74	42
Westers/Tradisioneel	29	48	56	48	85	48
Tradisioneel	6	10	11	10	17	10
Totaal	60	100	116	100	176	100
Nonrespons = 4						

e) **Tabel 5.5: Gesinstipe**

Gesinstipe	N	%
Volledig nukleêr	95	53
Multi-generasie	39	22
Onvolledig nukleêr	43	24
Poligamies	1	1
Totaal	178	100
Nonrespons = 2		

Die kategorieë in tabel 5.5 is soos volg in die vraelys omskryf:

- **Volledige nukleêre gesin:** Man en vrou (met of sonder kinders).
- **Multi-generasie (uitgebreide) gesin:** Man en vrou/ man sonder vrou/ vrou sonder man met kleinkinders/grootouers.
- **Onvolledige nukleêre gesin:** Moeder en kinders/vader en kinders.
- **Poligamiese gesin:** Man met meer as een vrou, met of sonder kinders.

f) **Tabel 5.6: Ideale gesin**

Ideale gesin	N	%
Volledig nukleêr	121	67
Multi-generasie	24	13
Onvolledig nukleêr	6	4
Poligamies	4	2
Nonrespons	25	14
Totaal	180	100

Interpretasie:

Alhoewel vraelyste aan ewe veel mans- en damestudente uitgedeel is, het net 'n derde van die manlike respondente hul vraelyste terugbesorg (vgl. 5.4.2.3). 'n Moontlike verklaring is dat manlike respondente die vraelysondersoek as sensitief beskou het, vandaar die onwilligheid om die vraelys in te vul. Literatuurgegewens bevestig hierdie tipe weerstand (vgl. 5.3.3).

Die respondente het oorwegend binne die ouderdomsgroep 21/22 jaar geval en hulle was oorwegend in hul tweede studiejaar.

Met geslag as verdeler, is 'n eweredige verspreiding betreffende graad van verwestering bevind. Waar die literatuur rapporteer dat mans hoofsaaklik die tradisionele kultuur aanhang en vrouens meer na die Westerse gebruike strew, is daar in hierdie studie 'n bykans identiese verspreiding ten opsigte van graad van verwestering gevind. Soos alreeds genoem (vgl. 5.3.4), kan as moontlike rede aangevoer word dat die perspektiewe van swart persone wat formele opleiding ontvang meer verwesters is as dié van hulle onopgeleide eweknieë.

Wat die gesinstipe betref, was die grootste gedeelte van die respondente uit volledige nukleêre gesinne afkomstig, wat ook 'n verklaring vir die "westerse" response op die vrae kan wees. Die vraag oor die ideale gesinstipe het ook 'n meerderheid response ten gunste van die volledige nukleêre gesin ontlok. Dié gegewens dui ook op die mate waarin verwestering alreeds plaasgevind het.

Die aantal nonresponse (25) wat in tabel 5.6 aangetoon word, is moontlik te wyte aan die wyse waarop die vraelys ingebind was. Heelwat respondente kon die opdrag vermoedelik nie volledig lees nie en het daarom nie die vraag voltooi nie.

5.4.3.2 *Bevindinge volgens geslag as verdeler*

Literatuurbevindinge dui op opponerende houdings, persepsies, belewings en verwagtings tussen die twee geslagte rakende die huwelik (vgl. hoofstukke 1 en 3). Die doel met die onderhoudvoering, sowel as die vraelysondersoek, was om te bepaal in watter mate dié diskrepansie by die formeel opgeleide getroude persoon en laat-adolescent voorkom. Die vraag wat beantwoord moes word, was of die twee geslagte ook in die geval, van die laat-adolescent sulke uiteenlopende opvattinge omtrent die huwelik as instelling huldig.

Die struktuur van die resultate is in ooreenstemming met dié van die kwalitatiewe ondersoek:

- Huweliksverwagtings.
- Huweliksprobleme.
- Egskeiding.
- Buite-egtelike verhoudings.
- Huweliksvoorbereiding.

Wat die volgende tabelle betref, sal opgemerk word dat die getalle waaruit die persentasies bereken is, meestal in 'n geringe mate afwyk van die totale aantal respondente in die ondersoek (vgl. tabel 5.1). Hierdie afwykings is te wyte aan die aantal nonrespondente wat vir die doeleindes van die tabelgegewens buite rekening

gelaat is.

a) **Huweliksverwagtings**

i) **Tabel 5.7: Huweliksverwagtings**

Vraagitems		Manlik		Vroulik	
		N	%	N	%
1.	Wil u graag in die huwelik tree?	57	100	115	100
	Ja	53	93	105	91
	Nee	4	7	10	9
2.	As u in die huwelik tree, sal dit wees volgens:	57	100	110	100
	■ Tradisionele gebruike	12	21	10	9
	■ Christelike gebruike	26	46	46	42
	■ Burgerlike praktyke	4	7	14	13
	■ Gemene reg	15	26	40	36
3.	Sal daar 'n lobolatransaksie wees?	55	100	111	100
	Ja	44	80	99	89
	Nee	11	20	12	11
4.	Hoe belangrik ag u die volgende met betrekking tot die ideale huwelik? (Slegs reponse ten opsigte van "baie belangrik")	60	100	119	100
	■ Uitruil van intieme gedagtes/gevoelens	34	57	83	70
	■ Probleemoplossing	38	63	86	72
	■ Wedersydse emosionele steun	32	53	74	62

Vraagitems	Manlik		Vroulik	
	N	%	N	%
■ Beide kan beroepe beoefen	20	33	40	34
■ Beide moet besluite kan neem	24	40	63	53
■ Deel van huishoudelike take	15	25	44	37
■ Gesamentlike vryetydsbesteding	22	37	45	38
5. Stem u saam met die volgende stellings:				
■ Die man is hoof van die huis en verdien die vrou se respek	56	100	112	100
Ja	48	86	65	58
Nee	8	14	47	42
■ Die vrou se plek is tuis: huishouding behartig en kinders grootmaak	55	100	112	100
Ja	4	7	2	2
Nee	51	93	110	98
6. Wil u graag kinders hê?	58	100	114	100
Ja	58	100	107	94
Nee	0	0	7	6
7. Beskou u dit as 'n sinvolle opsie dat 'n huwelik kinderloos bly?	57	100	109	100
Ja	18	32	33	30
Nee	39	68	76	70

(ii) Interpretasie

Die huwelik as instelling is deur beide geslagte hoog aangeslaan, en die oorgrote meerderheid respondente het aangedui dat hulle wil trou. Dié bevinding stem ooreen met literatuurbevindinge (vgl. 3.3.7). Die meerderheid respondente het ook aangedui dat hulle volgens Christelike gebruike en gemene reg in die huwelik wil tree, wat ook dui op 'n beduidende mate van verwestering.

'n Beduidende aantal respondente het aangetoon dat hulle van die ilobolo-transaksie gebruik wil maak by huweliksvoltrekking. Dié resultaat bevestig ook navorsingsbevindinge dat daar nog tradisionele aspekte in die swart persoon se lewenswyse voorkom (vgl. 3.4).

By item 4 wat handel oor die ideale huwelik, is beide geslagte se response naastenby homogeen. Die vroulike respondente het kommunikasie, emosionele steun, gesamentlike besluitneming en die deel van huishoudelike take verhoudingsgewys belangriker geag as die manlike respondente. Dié bevinding kan moontlik dui op die toenemende emansipasie van die vrou en word ook deur literatuurbevindinge gestaaf (vgl. 3.3.6).

Item 5 rakende die man se status in die huis en die respek wat hy verdien, het 'n sterk gunstige reaksie by die manlike respondente ontlok. Die gegewens bevestig literatuurbevindinge dat die man steeds in tradisionele sin as hoof van sy gesin beskou wil word.

Nie een van die twee geslagte het in enigsins beduidende mate die tradisionele siening van die vrou gehuldig nie - naamlik dat haar plek by die huis is waar sy die huishouding moet behartig en kinders grootmaak. Hierdie respons is 'n duidelike weerspieëling van verwestering.

Oorsigtelik beskou, dui die bevindinge aangaande huweliksverwagtings op 'n strewe na 'n huwelik met Westerse kenmerke. Tog is daar nog duidelike tradisionele ondertone te vind in die huweliksverwagtings, soos byvoorbeeld die

ilobologebruik by huweliksluiting, die betekenisvolheid van die man as gesagsfiguur en die belangrikheid van kinders in die huwelik.

b) Huweliksprobleme

i) Tabel 5.8: Huweliksprobleme

Vraagitems		Manlik		Vroulik	
		N	%	N	%
8.	Hoe sou u en u huweliksmaat moontlike huweliksprobleme oplos?	58	100	115	100
■	Ons sal die probleme bespreek	34	58	50	43
■	Ons families sal bymekaarkom en die probleem bespreek	5	9	3	3
■	Ons sal 'n kerkleier raadpleeg	3	5	5	4
■	Ons sal 'n sangoma of tradisionele geneser raadpleeg	1	2	2	2
9.	Stem u saam dat huweliksprobleme met ervare familieleden bespreek moet word?	59	100	117	100
	Ja	45	76	80	68
	Nee	14	24	37	32
10.	In welke mate kan die volgende aspekte probleme in 'n huwelik veroorsaak? (Slegs response ten opsigte van "in 'n groot mate")	60	100	119	100
■	Alkoholmisbruik	36	60	91	76
■	Fisiese aanranding	36	60	88	74
■	Finansies	17	28	26	22
■	Kinderloosheid	17	28	34	29
■	Verhouding met skoonfamilie	7	12	22	18

Vraagitems	Manlik		Vroulik	
	N	%	N	%
■ Eggenoot help nie met huishoudelike take nie	7	12	28	24
■ Geen gesamentlike vryetydsbesteding nie	17	28	41	34
■ Huweliksmaats verkies geselskap van vriende bo dié van man of vrou	17	28	54	45
■ Gebrekkige kommunikasie	34	57	82	69
■ Gebrekkige emosionele ondersteuning by probleme	27	45	75	63
■ Seksuele probleme	27	45	64	54

ii) Interpretasie

Die response rakende probleemoplossing toon dat die formeel opgeleide laat-adolossent sou verkies om probleme met die huweliksmaat te bespreek of om professionele hulp te kry. Hierdie bevinding stem nie ooreen met literatuurbevindinge nie - literatuurgegewens beklemtoon dat konflikthantering in die huwelik die familienetwerk insluit (vgl. 3.2.4). 'n Moontlike verklaring is dat die opgeleide swart persoon 'n meer Westerse benadering tot probleemoplossing het, maar in hierdie verband moet die response ten opsigte van item 9 ook in aanmerking geneem word, wat daarop dui dat die betrokkenheid van ervare familieleden wel hoog aangeslaan word in terme van hul vermoë om van hulp te wees (vgl. tabel 5.11(20)).

Item 10 handel oor potensiële probleemareas in die huwelik en het hoë responsfrekwensies ten opsigte van alkoholmisbruik en fisiese aanranding ontlok, veral by vroulike respondente. Gebrekkige kommunikasie en gebrekkige emosionele ondersteuning is ook as belangrike spanningsvelde geag deur vroulike

sowel as manlike respondente. Die manlike respons is hier relatief hoog, wat weer eens daarop dui dat die manlike respondente oorwegend Westers-georiënteerd in hulle benadering tot die huwelik is.

Die respondente se standpunte en persepsies aangaande potensiële konflikareas in die huwelik gee 'n aanduiding van die aspekte waarop daar in 'n huweliksvoorbereidingsprogram vir die swart laat-adolescent gekonsentreer moet word. Bykans al die gegewens in tabel 5.8 dui op die sentrale rol van **kommunikasie** in die huwelik en onderstreep die belangrikheid daarvan as een van die basiselemente van 'n huweliksvoorbereidingsprogram (vgl.4.3.1).

c) Egskeiding

i) Tabel 5.9: Egskeiding

Vraagitems	Manlik		Vroulik	
	N	%	N	%
11. Glo u dat die huwelik 'n lewenslange	56	100	111	100
Ja	43	77	79	71
Nee	13	23	32	29
12. Watter van die volgende beskou u as	60	100	119	100
■ Vrou kinderloos	16	27	42	35
■ Man ontrou	29	48	87	73
■ Vrou ontrou	39	65	65	55
■ Man het drankprobleem	26	43	60	50
■ Vrou het drankprobleem	25	42	54	45

Vraagitems	Manlik		Vroulik	
	N	%	N	%
■ Man slaan vrou	27	45	86	72
■ Vrou slaan man	26	43	37	31
■ Ander redes	6	10	17	14

ii) Interpretasie

Die oorgrote meerderheid respondente het aangedui dat hulle die huwelik as lewenslange instelling beskou wat nie verbreek mag word nie. Dié bevinding weerspreek die bestaan van 'n sogenaamde huwelikskrisis in Suid-Afrika (vgl. 4.1), alhoewel ongeveer 'n kwart van die respondente aangedui het dat hulle die huwelik nie as 'n lewenslange instelling beskou nie.

By die item wat handel oor kinderloosheid sou 'n mens kon verwag dat die persentasie onder mans (uit 'n tradisionele oogpunt) veel hoër sou wees - in elk geval hoër as by vroue. Die resultate is egter omgekeerd, wat ook as aanduiding van verwestering vertolk kan word.

'n Rede tot egskeiding wat vroulike respondente as van wesenlike belang geag het, is fisiese aanranding deur die man. Alhoewel die literatuur wat vir die doeleindes van dié studies geraadpleeg is, nie fisiese aanranding as spesifieke probleemarea in die huwelik uitsonder nie, bevestig die resultate van die onderhoudvoering dat dié aspek in beduidende mate tot disfunksionele huwelike kan lei.

Dit blyk dat huweliksontrou deur beide geslagte as die geldigste rede vir egskeiding beskou word. Dié resultaat dui ook op die verwestering van waardes aangesien buite-egtelike verhoudings binne huweliksverband volgens die Westerse waardestelsel onaanvaarbaar is.

d) Buite-egtelike verhoudings

i) Tabel 5.10: Buite-egtelike verhoudings

Vraagitems	Manlik		Vroulik	
	N	%	N	%
13. Is dit belangrik dat 'n getroude paar getrou aan mekaar moet bly?	58	100	114	100
Ja	56	97	110	96
Nee	2	3	4	4
14. Is dit meer aanvaarbaar as 'n man 'n buite-egtelike verhouding het?	58	100	113	100
Ja	16	28	19	17
Nee	42	72	94	83
15. Is dit meer aanvaarbaar as 'n vrou 'n buite-egtelike verhouding het?	58	100	113	100
Ja	2	3	6	5
Nee	56	97	107	95
16. Is dit aanvaarbaar dat 'n man meer as een vrou het?	58	100	114	100
Ja	13	22	14	12
Nee	45	78	100	88
17. Is dit aanvaarbaar dat 'n vrou meer as een man het?	58	100	112	100
Ja	1	2	4	4
Nee	57	98	108	96

ii) Interpretasie

Hierdie kategorie handel oor morele kwessies. Dit is opvallend in hoe 'n groot mate die respondente alreeds Westerse waardes en norme geïnternaliseer het. Die bevindinge rakende buite-egtelike verhoudings weerspieël 'n oorwegend Westers-georiënteerde waardestelsel wat getrouheid in die huwelik hoog aanslaan (vgl. tabel 5.9(11)). Veral die response rakende die vrou se "reg" op buite-egtelike verhoudings was oorwegend negatief. Wat van besondere betekenis is binne die konteks van die studie, is die beduidende persentasie (28 %) manlike respondente wat dit wel as hul prerogatief beskou om buite-egtelike verhoudings aan te knoop en die feit dat 22 persent manlike respondente die poligamiese huweliksvorm voorgestaan het. Dié response dui daarop dat tradisionele gebruike steeds 'n nie-onbeduidende faktor is.

Literatuurbevindinge bevestig resultate verkry uit die vraelysondersoek dat buite-egtelikheid die grootste knelpunt in die huwelik verteenwoordig.

e) Huweliksvoorbereiding

i) Tabel 5.11: Huweliksvoorbereiding

Vraagitems	Manlik		Vroulik	
	N	%	N	%
18. Dink u dat u voorbereid is vir die huwelik?	58	100	111	100
Ja	31	53	72	65
Nee	27	47	39	35
19. Indien ja, tot watter mate?	35	100	82	100
■ Glad nie	5	14	5	6
■ Tot 'n sekere mate	12	34	37	45
■ Tot 'n groot mate	18	52	40	49

Vraagitems	Manlik		Vroulik	
	N	%	N	%
20. Watter van die volgende persone, organisasies of media beskou u as die geskikste vir huweliksvoorbereiding?	56	100	110	100
■ Moeder	4	7	33	30
■ Vader	3	5	1	1
■ Grootouers	9	16	6	5
■ Familie	16	29	40	36
■ Universiteitstudies	3	5	1	1
■ Kerk	5	9	1	1
■ Televisie	1	2	1	1
■ Boeke	0	0	1	1
■ Tydskrifte	0	0	0	0
■ Professionele beraders	15	27	26	24
21. Dink u dit is nodig dat 'n persoon voorberei word op 'n huwelik?	56	100	112	100
Ja	54	96	98	88
Nee	2	4	14	12
22. Sal u 'n huweliksvoorbereidingsprogram bywoon?	56	100	112	100
Ja	48	86	100	89
Nee	8	14	12	11

ii) Interpretasie

Die meerderheid respondente het aangetoon dat hulle wel op die huwelik voorbereid

is - die vroulike respondente het die mate van eie voorbereidheid egter hoër aangeslaan as die manlike repondente.

Oorsigtelik beskou, dui die resultate rakende huweliksvoorbereiding aan dat daar tog 'n wesenlike behoefte aan huweliksvoorbereiding bestaan. Op die vraag wie of wat die aangewese bron vir huweliksvoorbereiding is, het die respondente merendeels die familie en professionele beraders verkies. Wat ook van belang is, is die aangetoonde gewilligheid van die respondente om 'n huweliksvoorbereidingsprogram by te woon. Die bereidwilligheid van die respondente om 'n huweliksvoorbereidingsprogram by te woon, asook die prioriteit wat voorbereiding op die huwelik geniet, soos aangetoon deur die respondente, dui op die haalbaarheid van 'n huweliksvoorbereidingsprogram vir swart laat-adolessente.

5.4.4 Hipotesetoetsing

Die doel met die vraelysondersoek was om hipoteses wat deur middel van onderhoudvoering gegenereer is (vgl. 5.3.4), te toets. Vervolgens word 'n verband gelê tussen die hipoteses en die vraelysbevindinge.

Hipotese 1: Laat-adolessente beskou hulleself deurgaans as verwesters.

Hierdie hipotese is deur die vraelysondersoek bevestig deurdat die meerderheid respondente aangedui het dat hulle verwesters is. Hierbenewens het response op die meerderheid items Westerse perspektiewe en standpunte getoon.

Hipotese 2: Die voltallige nukleêre gesin, wat die man en vrou, met of sonder kinders insluit, word as die mees ideale gesinsvorm beskou.

Dié hipotese is ook deur die vraelysondersoek bevestig en dui ook op verwestering in die sin dat die uitgebreide gesin, wat kenmerkend van die tradisionele kultuur is, ondergeskik gestel word aan die nukleêre gesin, wat die ideale Westerse

gesinsvorm verteenwoordig.

Hipotese 3: Laat-adolessente is deurgaans begerig dat hul voorgenome huwelik op 'n gedeeltelik tradisionele manier voltrek moet word - met ander woorde, dat die ilobolotransaksie deel sal vorm van die huweliksluiting vorm.

Hierdie hipotese is afdoende bevestig. Die meerderheid repondente het aangetoon dat lobola 'n deel van huweliksvoltrekking moet vorm.

Hipotese 4: Die meerderheid laat-adolessente verwerp die opsie om kinderloos in die huwelik te bly.

Dié hipotese is ook bevestig deurdat die meerderheid repondente aangetoon het dat kinders baie belangrik in die huwelik is. Dié respons hou verband met literatuurbevindinge wat rapporteer dat kinders die fondament van die swart huwelik vorm.

Hipotese 5: Kenmerke van die Westerse huwelik, naamlik

- kommunikasie;
- probleme wat onderling deur huweliksmats bespreek word;
- emosionele ondersteuning, en
- gelykheid en vennootskap in die huwelik, geniet hoë prioriteit in die laat-adolessent se verwagtings.

Gegewens verkry uit die vraelysondersoek het ook hierdie hipotese bevestig. Beide manlike en vroulike respondente het dié Westerse huwelikskenmerke ondersteun. Wat dié respons vir die ondersoek veral betekenisvol maak, is die feit dat die manlike respondente ook hierdie Westerse houdings weerspieël, wat in direkte teenstelling met literatuurbevindinge is (vgl. 3.3.4, 3.3.7). Dit dui ook op die mate waarin die manlike laat-adolessent wat formele opleiding ontvang, alreeds verwesters is.

Hipotese 6: Die meerderheid laat-adolessente meen dat familieledede in 'n groot mate betrek behoort te word by die oplossing van huweliksprobleme.

Hierdie hipotese is slegs gedeeltelik bevestig deurdat uiteenlopende response rakende die wyse waarop huweliksprobleme hanteer moet word, verkry is (vgl. tabel 5.8, items 8 en 9).

Hipotese 7: Getrouheid in die huwelik word verwag. Die meerderheid laat-adolessente reken op altwee geslagte se getrouheid.

Hierdie hipotese is bevestig. Volgens die inligting verkry uit die vraelysondersoek, plaas swart laat-adolessente oorwegend 'n hoë premie op getrouheid in die huwelik, alhoewel 'n minderheid manlike laat-adolessente dit klaarblyklik nog steeds as 'n man se voorreg beskou om meer as een vrou te hê, en hulle die reg op buitewettelike verhoudings voorbehou.

Hipotese 8: Die manlike laat-adolessent is deurgaans nie geneë om 'n huweliksvoorbereidingsprogram by te woon nie.

Die vraelysgegewens dui op die teenoorgestelde, derhalwe moet die hipotese verwerp word. Manlike respondente oorweeg bywoning van 'n huweliksvoorbereidingsprogram gunstig.

5.4.5 Opsomming

Die vraelysondersoek kan as geslaagd beskou word. Die data en bevindinge is onteenseglik van waarde vir die neerlê van riglyne vir 'n huweliksvoorbereidingsprogram vir die formeel opgeleide swart laat-adolessent. Nogtans moet daarop gewys word dat die vraelysondersoek aan enkele beperkinge onderhewig was. Daar is reeds gewys op die feit dat die terugvoer van manlike respondente net 'n derde van die totale aantal vraelyste beslaan het (vgl. 5.4.3.1). Nog 'n probleemarea was die algemene houding van die studente wat in 'n klassituasie

genader is om die vraelyste te voltooi. Transformasie wat tans aan tersiêre inrigtings plaasvind, kweek soms 'n negatiewe houding teenoor blanke personeel, en gevolglik is samewerking nie altyd na wense nie.

5.5 SAMEVATTING

Uit hoofde van die kwalitatiewe en kwantitatiewe komponent van die empiriese ondersoek, kan gestel word dat die swart persoon wat formele opleiding ontvang se huweliksingesteldheid 'n **beduidende** mate van verwestering toon. Die empiriese ondersoek het aan die lig gebring dat die swart laat-adolescent behoefte het aan 'n eiesoortige huweliksvoorbereidingsprogram wat geskoei is op **Westerse** sowel as **tradisionele** inhoude. Dit is dus noodsaaklik dat 'n huweliksvoorbereidingsprogram ontwerp word wat afgestem is op die unieke behoeftes van die formeel opgeleide swart persoon. Wat die ontwikkeling van so 'n huweliksvoorbereidingsprogram kompliseer, is die feit dat literatuurgegewens en inligting verkry uit die empiriese studie sekere potensiële spanningsvelde in die huwelik identifiseer soos alkoholisme, fisiese geweld en huweliksontrou. Hierdie spanningsvelde vereis spesiale aandag, en wel van **inliggende**, sowel as **opvoedkundige** aard.

In die volgende hoofstuk word 'n samevatting van die studie gegee en enkele gevolgtrekkings gemaak.

Hoofstuk 6

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS, RIGLYNE EN AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING

Suid-Afrika se samelewingstrukture beleef tans 'n grootskaalse morele aanslag wat manifesteer in patologiese verskynsels soos kindermolestering, geweld, die hoë misdadaatsyfer en vele ander. Aan die wortel van hierdie vernietigende aspekte lê gebrekkige huweliksverhoudings en die gepaardgaande verbrokkeling van die gesin.

Die primêre oorsaak onderliggend aan disfunksionele huweliksverhoudings in swart geledere is deur middel van 'n literatuurstudie geïdentifiseer as **verwestersing** wat die tradisionele gewoontes en gebruike toenemend verdring het en ook 'n wig tussen die swart man en vrou ingedryf het. Literatuurbevindinge wys daarop dat die swart man dikwels nie die tradisionele kultuur wil prysgee nie, terwyl die swart vrou die Westerse gebruike aanhang.

In die onderhawige studie gaan dit oor die vraag of die swart persoon wat formeel opgelei is ook hierdie diskrepansie tussen die Westerse en tradisionele kultuur in sy huweliksverwagtings ondervind.

By wyse van samevatting word die ondersoekbevindinge aan die hand van die eerste ses neweskikkende doelstellings van die studie (vgl. 1.4.2) weergegee.

6.2 SAMEVATTING

6.2.1 Doelstelling 1

Om 'n profiel van die laat-adolessent wat aan 'n tersiêre inrigting studeer saam te stel en hom in terme van vier gesigspunte te deurgrond, naamlik sy

- ◆ kognitiewe ontwikkeling
- ◆ identiteitsvorming

- ◆ **interpersoonlike verhoudings**
- ◆ **morele ontwikkeling.**

Laat-adolessensie beslaan die ouderdomsgroep 18-22 jaar. Die laat-adolescent wat aan 'n tersiêre inrigting studeer, bevind hom in 'n tussenstadium, dit wil sê tussen adolessensie en volwassenheid (vgl. 2.1). Die laat-adolescent moet homself deur die bemeestering van sekere ontwikkelingstake toenemend as volwassene aktualiseer. Vier van die ontwikkelingstake wat die laat-adolescent moet bemeester, is: kognitiewe ontwikkeling, identiteitsvorming, interpersoonlike verhoudings en morele ontwikkeling.

■ **Kognitiewe ontwikkeling**

Die swart student kom na die tersiêre inrigting uit 'n leeromgewing wat gekenmerk word deur 'n onstabiele skoolsisteem waar boikotte, wegbly-aksies, protesaksies deur onderwysers, geweld en 'n gebrek aan gesag die botoon voer. Dit is derhalwe 'n milieu wat mank gaan aan 'n leerkultuur. Met dié "bagasie" betree die swart laat-adolescent sy tersiêre studies.

Bepaalde kognitiewe verwagtings word gekoester van die laat-adolescent wat tot 'n tersiêre inrigting toegang verkry. Volgens Piaget word die hoogste vlak van intellektuele ontwikkeling gedurende adolessensie bereik en word daar van die student verwag om op die vlak van formeel-operasionele denke te funksioneer. Dié vlak behels onder andere abstrakte denkvermoëns, hipoteties-deduktiewe denkvermoëns, inter-proposisionele logika, antipersipering van moontlike gevolge en die vermoë om kritiese self-evaluering te openbaar (vgl. 2.3.3).

Die swart laat-adolescent voldoen meestal nie aan hierdie intellektuele vereistes nie. Dié kognitiewe onvermoë kan deels toegeskryf word aan onvoldoende toegang tot leergeleenthede weens die vroeëre apartheidsbeleid, en deels aan die kultuur waaruit die swart laat-adolescent kom (vgl. 2.3.3). Die tradisionele swart kultuur gee nie voorkeur aan die bevordering van formeel-operasionele denke nie. Dit impliseer dat die Westerse aard van die kognitiewe take waaraan die swart laat-

adolessent aan tersiêre inrigtings blootgestel word, 'n beperking kan plaas op kognitiewe prestasie (vgl. 2.3.3).

■ Identiteitsvorming

Die deurslaggewende ontwikkelingstaak van laat-adolessensie word gereken as **identiteitsvorming**, waar die laat-adolessent die inhoud van sy kultuur bevraagteken, sekere waardes verwerp en ander internaliseer wat deur sy nuwe ervarings aan hom voorgehou word (vgl. 2.4.4). Die swart laat-adolessent se identiteit het 'n **kollektiewe onderbou**, wat beteken dat dit eerstens 'n sosiale identiteit is, gewortel in die groep waaraan die swart laat-adolessent behoort. Identiteitsvorming by die swart laat-adolessent in tersiêre opleiding behels blootstelling aan die dominante (Westerse) kultuur, asook die taak om die sosiale identiteit en die individuele identiteit sinvol te integreer.

Literatuurgegewens wys daarop dat identiteitskonflik hoogty vier by die swart laat-adolessent, deurdat hy enersyds deur die Westerse en tradisionele kultuur gekonfronteer word en derhalwe 'n identiteit moet vorm wat inpas by die moderne eise wat aan hom gestel word, maar andersyds nog steeds kontak behou met sy kultuur van oorsprong (vgl. 2.4.5).

■ Interpersoonlike verhoudings

Geslagsgemeenskap vorm die kern van intieme verhoudings by die swart laat-adolessent. Dit blyk ook uit literatuurbevindinge dat die seksuele dimensie 'n ander konnotasie in die swart kultuur het as in Westers-georiënteerde denke. Vir die vroulike swart laat-adolessent gaan geslagsomgang nie bloot om fisieke saamwees of die verkonkretisering van 'n verhouding nie, maar is dit 'n bevestiging van haar begeerlikheid - dit wil sê, dat sy as vrou aanvaarbaar is. Vir die manlike swart laat-adolessent is sy seksuele prestasie direk eweredig aan sy manlikheid, en dit is 'n belangrike maatstaf waarmee sy status onder sy vriende bepaal word (vgl. 2.5.4).

■ Morele ontwikkeling

Literatuurbevindinge wys daarop dat daar 'n noue verband tussen kognisie en

morele ontwikkeling is. Volgens die teorie van Kohlberg word daar van die laat-adolescent verwag om alreeds op die derde vlak van morele ontwikkeling, naamlik **postkonvensionele beredenering**, te wees. Dit beteken dat die individu, deur sy blootstelling aan ander kulture en waardesisteme, in staat is om deur middel van morele beredenering sy eie lewensfilosofie te vorm (vgl. 2.6).

In die Suid-Afrikaanse konteks kan die morele ontwikkelingstand van die swart laat-adolescent dikwels gesien en gepeil word aan studente-aktivisme aan tersiêre inrigtings. Dit wil sê, aktivisme is die "resultaat" van 'n student se morele peil, deurdat dit 'n emosiebelaaide verskynsel is en spesifieke waarde-oordele weerspieël. Literatuurgegewens dui daarop dat die swart laat-adolescent se morele identiteit geskoei is op 'n **kollektiewe morele identiteit** wat impliseer dat die swart laat-adolescent genoodsaak is om uit empatie op te tree omdat hy hom vereenselwig met die groep waaraan hy verbonde is (vgl. 2.6.2).

6.2.2 Doelstelling 2

Om ondersoek in te stel na die tradisionele swart huwelik en dan ook die kontemporêre swart huwelik onder die soeklig te plaas om te bepaal hoe die twee huwelike verskil in terme van:

- Ilobolo.
- Huweliksvorm.
- Gesinstipes.
- Die rol van die man en vrou in die huwelik.

■ Ilobolo

Die tradisionele huwelik is 'n instelling wat deur die ilobolotransaksie sy beslag kry. Deur dié gebruik knoop twee familienetwerke 'n verbintenis aan wat vergestalt word in die huweliksluiting tussen twee individue. Ilobolo is ook ryk aan betekenis deurdat dit byvoorbeeld die man se maritale reg ten opsigte van sy vrou bevestig, die kinders wat moontlik uit die voorhuwelikse verhouding gebore is by die patriargale linie insluit, en status, asook beskerming aan die vrou verleen.

In die kontemporêre swart huwelik is ilobolo die tradisionele gebruik wat seker nog die meeste in dié deurgaans meer Westers-georiënteerde instelling voorkom. Vanweë verwestersing het die oorspronklike ilobolotransaksie egter verwater tot 'n gebruik wat op winsgejag ingestel is en wat sy betekenisvolheid in die proses prysgegee het. Die hedendaagse ilobolo veronderstel nie meer 'n verbintenis tussen twee families nie; dit "wettig" ook nie meer kinders nie en dit verleen geen status of beskerming aan die vrou nie. Dit het vervlak tot 'n ekonomiese meevaller vir die bruid se ouers en tot 'n finansiële las wat op die bruidegom se skouers geplaas word (vgl. 3.3.2). Tog toon die empiriese bevindinge dat die formeel opgeleide laat-adolescent nog steeds dié gebruik wil behou by huweliksluiting (vgl. 5.4.3.2).

■ **Huweliksform**

Alhoewel poligamie as huweliksform nie algemeen onder die tradisionele swart bevolking voorgekom het nie, was dit in hulle waardesisteem ingebed en daarom aanvaarbaar. Die moderne swart huwelik, meer geskoei op Westerse waardes, het 'n monogame onderbou wat poligamie onaanvaarbaar maak. Literatuurgegewens wys daarop dat die voortsetting van poligamiese elemente in die moderne swart huwelik gestalte kry in buite-egtelike verhoudings wat een van dié knellendste probleemareas in die kontemporêre swart huwelik vorm. Die swart man beskou dit merendeels nog steeds as sy reg om verhoudings met ander vrouens buiten sy eie aan te knoop. Dit is ook een van die redes onderliggend aan die toename in die egskeidingsyfer onder swart huwelike (vgl. 3.3.5). Alhoewel die empiriese ondersoek getoon het dat die swart laat-adolescent getrouheid in die huwelik vooropstel, het 'n relatief beduidende aantal manlike respondente nog steeds 'n akkommoderende houding teenoor buite-egtelike verhoudings getoon.

■ **Gesinstipe**

Die algemeenste kenmerk van die tradisionele swart huwelik was die uitgebreide gesin: 'n instelling met 'n ondersteunende emosionele, fisiese en sekuriteitsbasis vir al sy lede. Deur verstedeliking moes hierdie gesinstipe noodgedwonge plek maak vir die nukleêre gesin: 'n kerngesin wat grootliks geïsoleerd van die breë

familie bestaan en waaraan die lede op alle vlakke self die mas moet opkom.

As gevolg van die nuklearisering van die gesin, het die huweliksverhouding ook drastiese veranderings ondergaan. Waar die verbintenis tussen man en vrou vroeër ter wille van voortplanting bestaan het en onderskryf is deur die verlening van status en fisiese versorging (vgl. 3.2.1), is die moderne huweliksverhouding in terme van verwagtings afgestem op kommunikasie, kameraadskap en emosionele intimiteit.

■ Die rol van die man en die vrou in die huwelik

Volgens tradisionele definisie was die rol van die man gegrond op gesag. As hoof van die huis is die man deur vrou en kinders gerespekteer en gehoorsaam. In stamverband het hy sy familie verteenwoordig en deur sy vrou se versorging en aantal kinders het hy agting verdien. Die verstedelike swart man word dikwels deur die literatuur uitgebeeld as 'n persoon wat volgens Westerse standaarde minderwaardig geag word in terme van sy posisie in die arbeidsmark. Deurdat hy dikwels ongeskoolde arbeid moet verrig en gevolglik laag besoldig word, het die swart man baie prysgegee in terme van aansien (vgl. 3.3.7). Ook in sy huis is hy nou in vennootskap met sy vrou en moes hy sy gesag inboet. Die swart man beleef die Westerse kultuur dus dikwels negatief en hy hunker dan terug na die tradisionele kultuur waar hy geag is op grond van sy statuur as man.

Die tradisionele vrou was die ondergeskikte party in die huwelik. Haar taak en haar trots was die versorging van haar man en kinders, en sy moes onderdanig wees aan haar man en hom gehoorsaam. In die moderne bestel word die vrou as gelyke huweliksgeenoot beskou met dieselfde regte as die man. As gevolg van haar toetrede tot die arbeidsmark, kan sy nou ook ekonomies onafhanklik funksioneer. Sy is 'n mens in eie reg en nie meer uitsluitlik funksioneel ter wille van haar man en kinders nie. Sy streef na 'n Westerse huwelik waar gesamentlike vryetydsbesteding, kommunikasie, kameraadskap en emosionele intimiteit die norm is (vgl. 3.3.6).

Die empiriese ondersoek het die formeel opgeleide swart man bevind as 'n geëmansipeerde persoon met 'n hoofsaaklik Westerse ingesteldheid wat vergestalt word in sy strewe na die Westerse huwelik, insluitend die beskouing van die vrou as gelyke vennoot in die huwelik wat die reg het op haar eie beroep, en die aanvaarding van die verantwoordelikheid wat die moderne huwelik stel in terme van die versorging van kinders en hulp in die huishouding. Tog toon die empiriese ondersoek dat daar nog tradisionele gedragspatrone en persepsies by die man teenwoordig is. Die response van die manlike respondente laat blyk naamlik dat die swart man minder waarde heg aan kommunikasie as die swart vrou, en dat hy buite-egtelike verhoudings en poligamie onder mans in 'n mindere mate onaanvaarbaar vind as die vrou (vgl. 5.4.3.2).

6.2.3 Doelstelling 3

Om huweliksvoorbereiding as hulpverlening te bestudeer en vas te stel watter inhoude 'n huweliksvoorbereidingsprogram beslaan.

Die eskalerende egskedingsyfer in Suid-Afrika het opnuut belangstelling in huweliksvoorbereiding as teenvoeter vir huweliksverbrokkeling laat ontwaak. Die huweliksvoorbereidingsbeweging het ontwikkel as voorkomende optrede en is gebaseer op die uitgangspunt dat verandering in gedragspatrone in 'n vroeë stadium van 'n verhouding die kanse op 'n suksesvolle huwelik sal verhoog (vgl. 4.2).

Huweliksvoorbereiding het ook ten doel om potensiële huweliksmaats bekend te stel aan die realiteit van die huwelikslewe en hulle daarop voor te berei deur die aanleer van sekere vaardighede. Volgens literatuurbevindinge is die basis van alle huweliksvoorbereidingsprogramme kommunikasie- en konflikthanteringsvaardighede. Die inhoud van so 'n program word gewoonlik bepaal deur probleemareas in die huwelik te identifiseer en remediërende meganismes ten opsigte van die probleemareas in die huweliksvoorbereidingsprogram in te sluit (vgl. 4.3.1). Die empiriese ondersoek het die volgende probleemareas as die wesenlikste

geïdentifiseer:

- Buite-egtelike verhoudings.
- Fisiese geweld in die huwelik.
- Alkoholmisbruik (vgl.5.4.3.2).

Literatuurgegewens benadruk die belangrikheid van 'n **behoeftebepaling** by die teikengroep vir wie die program beoog word en ook dat 'n huweliksvoorbereidingsprogram vanuit die **kulturele konteks** waarin lede van die teikengroep hulle bevind, bepaal moet word (vgl. 4.3.1).

6.2.4 Doelstelling 4

Om in die lig van die literatuurstudie wat onderneem is, 'n teoretiese vertrekpunt daar te stel wat as basis kan dien vir 'n huweliksvoorbereidingsprogram vir die swart laat-adolesent.

Die literatuur onderskei drie benaderings wat huweliksvoorbereidingsprogramme ten grondslag kan lê, naamlik die psigodinamiese, behavioristiese en sistemiese benaderings. Die **psigodinamiese benadering** gaan van die veronderstelling uit dat albei partye in die huwelik 'n aandeel het aan huweliksprobleme en nie net een nie. Die onderbewuste speel 'n belangrike rol by 'n psigodinamies-gebaseerde benadering en sodanige terapie is merendeels gerig op die verlede (vgl. 4.4.1). Die **behavioristiese benadering** is gebaseer op sosiale leerbeginsels en plaas die klem op die huwelikspaar se **interaksie** as 'n determinant van huweliksongeluk (vgl. 4.4.2). Die **sisteembenadering** is gebaseer op die opvatting dat die gesin 'n instelling is wat mettertyd sy eie patrone, gewoontes en gedragreëls ontwikkel het. Die terapie fokus gevolglik op die huwelik as 'n subsisteem van die gesin (vgl. 4.4.3).

Die onderhawige studie het die swart laat-adolesent in sy partikuliere leefwêreld geïdentifiseer as 'n mens met 'n **kollektiewe** eerder as 'n individuele ingesteldheid. Groepsbelange geniet selfs vir die verwesterse swart persoon voorrang bo

individuele belange (vgl. 2.6.2). Dit was ook 'n dure les wat die Suid-Afrikaanse ekonomie sowel as tersiêre inrigtings die afgelope paar jaar moes leer deur byvoorbeeld die voorkoms van massa-aksies wat instellings en produksie kan lam lê.

Die swart persoon kom ook deurgaans uit 'n kultuur waar die uitgebreide gesin die fondament was. Noue familiebetrekkinge is trouens vandag nog kenmerkend van die verwesterse swart persoon.

Teen hierdie agtergrond word die sisteembenadering as die mees gepaste teoretiese vertrekpunt vir 'n huweliksvoorbereidingsprogram vir die swart laat-adolessent voorgestel (vgl. 4.4.3). Die sisteembenadering is gebaseer op die aanname dat die gesin bestaan uit 'n aantal verbonde lede wat in konstante interaksie met mekaar is. Die gedrag van elke individu in die familie/gesin het betrekking op en is afhanklik van die gedrag van andere. As 'n persoon in die huwelik tree, betree hy die huweliksverhouding as 'n produk van sy gesin van herkoms. Derhalwe is dit nie net twee individue wat trou nie, maar hul onderskeie gesinne van herkoms word ook deel van die verbintenis.

Die gesin van herkoms moet dus intensief bestudeer word om as basis te dien vir 'n eiesoortige huweliksvoorbereidingsprogram vir die swart laat-adolessent. As hulpmiddel word die **genogram** voorgestel - 'n visuele kaart waarin die besonderhede van 'n persoon se familiesisteem, asook die aard van verhoudings wat binne die sisteem geld en wat oor geslagte heen strek, vervat is (vgl.). Aan die hand hiervan kan potensiële konflikareas vroegtydig geïdentifiseer word en kan vaardighede vir voornemende huweliksmaats aangeleer word om probleme die hoof te bied. Wat die benadering ook uiters geskik maak vir die swart laat-adolessent, is dat daar met behulp van die genogram op individuele behoeftes en probleme gefokus kan word. Die benadering maak dus nie net voorsiening vir 'n spesifieke kultuur nie, maar ook vir eiesoortige behoeftes (vgl. 4.4.3.1; 4.4.3.2)

6.2.5 Doelstelling 5

Om deur middel van onderhoudvoering hipoteses te genereer aangaande swart laat-adolessente in tersiêre opleiding se huweliksverwagtings.

Die volgende hipoteses is gegenereer na aanleiding van die onderhoudvoering en het betrekking op laat-adolessente in tersiêre opleiding (vgl. 5.3.5):

1. Laat-adolessente beskou hulself deurgaans as verwesters.
2. Die voltallige nukleêre gesin, wat die man en vrou (met of sonder kinders) insluit, word as die mees ideale gesinsvorm beskou.
3. Laat-adolessente is deurgaans begerig dat hul voorgename huwelik op 'n gedeeltelik tradisionele manier voltrek moet word, met ander woorde, dat die ilobolotransaksie deel sal vorm van die huweliksluiting.
4. Die meerderheid laat-adolessente verwerp die opsie om kinderloos in die huwelik te bly.
5. Kenmerke van die Westerse huwelik, naamlik
 - kommunikasie;
 - probleme wat onderling deur huweliksmaats bespreek word;
 - emosionele ondersteuning, en
 - gelykheid en vennootskap in die huwelik,
 geniet hoë prioriteit in die laat-adolessent se verwagtings.
6. Die meerderheid laat-adolessente meen dat familieledede in 'n groot mate betrek behoort te word by die oplossing van huweliksprobleme.
7. Getrouheid in die huwelik word verwag. Die meerderheid laat-adolessente reken op beide geslagte se getrouheid.
8. Die manlike laat-adolessent is deurgaans nie geneë om 'n huweliksvoorbereidingsprogram by te woon nie.

Hierdie hipoteses is grotendeels bevestig deur die vraelysondersoekbevindinge (vgl. 5.4.4; 6.2.6). Slegs die laaste hipotese moes verwerp word, naamlik dat die manlike laat-adolessent nie geneë is om 'n huweliksvoorbereidingsprogram by te woon nie.

6.2.6 Doelstelling 6

Om deur middel van 'n vraelysondersoek swart laat-adolessente in tersiêre inrigtings se huweliksverwagtings te bepaal.

Die vraelysondersoek het die volgende aan die lig gebring in verband met swart laat-adolessente se verwagtings van die huwelik (vgl. 5.4.3):

1. Die ideale gesin

Die nukleêre of kerngesin (in teenstelling met die uitgebreide gesin) is dié gesinstipe waarna die oorgrote meerderheid swart laat-adolessente streef.

2. Die huwelik

Faktore soos die volgende verteenwoordig die verwagtings van die swart laat-adolessent in tersiêre opleiding:

- Kommunikasie - die uitruil van persoonlike gedagtes en gevoelens.
- Gelyke rolverdeling in die huwelik - waar man en vrou albei betrokke is by die huishouding en in die arbeidsmark.
- Emosionele ondersteuning.
- Gesamentlike vryetydsbesteding.

verteenwoordig die swart laat-adolessent se huweliksverwagtings.

3. Huweliksprobleme

Die swart laat-adolessent in tersiêre opleiding verkies dat probleme onderling tussen huweliksmaats bygelê word, anders word 'n professionele berader verkies. Ervare familieledes word ook beskou as 'n bron van hulp met konflikthantering.

4. Egskeiding

Die meerderheid swart laat-adolessente beskou die huwelik as 'n onverbreekbare instelling. Nogtans word onder meer die volgende as geldige redes vir egskeiding

beskou:

- ◆ Fisiese aanranding deur die man.
- ◆ Drankmisbruik deur die man.
- ◆ Buite-egtelike verhoudings by albei geslagte.

5. Buite-egtelike verhoudings

Getrouheid in die huwelik word as 'n vereiste gestel deur sowel manlike as vroulike laat-adolessente. Die meerderheid respondente glo dat dit nie aanvaarbaar is vir 'n man of vrou om buite-egtelike verhoudings aan te knoop nie, of dat 'n man of vrou meer as een huweliksmaat kan hê nie.

6. Ander verwagtings

Ander verwagtings wat die swart laat-adolescent met betrekking tot die huwelik koester en wat duidelike raakpunte met die tradisionele kultuur toon, is:

- Dat kinders uit die huwelik gebore sal word. Slegs 'n baie geringe persentasie swart laat-adolescent het aangetoon dat hulle nie kinders wil hê nie en dat die besluit om kinderloos te bly 'n opsie in die huwelik kan wees. Dit is duidelik dat kinders nog in 'n groot mate as die fondament van die swart huwelik beskou kan word (vgl. 3.2.1).
- Dat die ilobolo-transaksie deel sal vorm van die voorgenome huwelik, ondanks die feit dat dié tradisionele gebruik 'n groot deel van sy oorspronklike betekenis verloor het.

6.3 GEVOLGTREKKINGS

Die volgende is as teoretiese hipotese vir die ondersoek gestel (vgl. 1.3):

Die diskrepansie tussen die tradisionele en Westerse kultuur wat by die huweliksbeskouings en -verwagtings van die swart persoon (soos beskryf in die literatuur) voorkom, geld nie ten opsigte van die huweliksverwagtings van die formeel opgeleide swart laat-adolescent nie.

Hierdie hipotese word deur die ondersoekbevindinge bevestig. Alhoewel die

formeel opgeleide swart laat-adolescent se huweliksverwagtings. Westerse én tradisionele elemente vertoon, weerspieël dit nie dieselfde mate van diskrepanse tussen die twee kulture as wat die literatuur daaromtrent te kenne wil gee nie. Die formeel opgeleide swart laat-adolescent word deur die ondersoekbevindinge uitgebeeld as 'n persoon met 'n oorwegend Westerse lewenstyl, wat tog ook tradisionele aspekte akkommodeer na aanleiding van die feit dat hy uit 'n agtergrond kom wat talryke tradisionele inhoude bevat.

Dié stand van sake impliseer dat die formeel opgeleide swart laat-adolescent 'n eiesoortige huweliksvoorbereidingsprogram benodig wat hom toerus vir Westerse huwelikseise wat binne die huwelik aan hom gestel gaan word, maar wat ook voorsiening maak vir tradisionele insprake wat steeds 'n appél tot hom rig.

6.4 RIGLYNE

Die sewende en laaste navorsingsdoelstelling (vgl. 1.4.1) geld as uitgangspunt vir die neerlê van toepaslike riglyne:

Doelstelling 7

Om met behulp van bevindinge van die literatuurstudie en die empiriese ondersoek riglyne neer te lê vir 'n huweliksvoorbereidingsprogram vir die swart laat-adolescent in tersiêre opleiding.

Die drastiese veranderinge wat die swart Suid-Afrikaanse samelewing die afgelope paar jaar ondergaan het, het baie swart persone onkant betrap deurdat hulle nie voorbereid was/is op die deure wat vir hulle oopgegaan het nie. Regstellende aksie skep 'n snelgroeiende swart middelklas wat formeel opgeleide swartmense in bestuursposisies plaas waar Westers-georiënteerde eise aan hulle gestel word. Ook op interpersoonlike vlak word grootliks Westerse verwagtings gestel, voortvloeiend uit die Westerse ideologie waarop samelewingsverbande berus. Dit het wesenlike implikasies vir die huwelikslewe. Literatuurgegewens dui daarop dat die swart

persoon meestal uit 'n milieu kom waar daar invloed vanuit die Westerse én tradisionele kulture is/was. In die lig van die empiriese bevindinge wat toon dat die formeel opgeleide swart laat-adolescent grotendeels verwesters is, is dit duidelik dat ouer rolmodelle (soos ouers of ander familieleden) nie meer geheel en al geskik is om huweliksrolle voor te leef nie. 'n Eiesoortige huweliksvoorbereidingsprogram is derhalwe noodsaaklik om die formeel opgeleide swart persoon voor te berei vir die huwelik.

Literatuurbevindinge toon dat die sukses van 'n huweliksvoorbereidingsprogram afhang van die bepaalde behoeftes van die groep vir wie die program beoog word (vgl. 4.3.1). In hierdie verband het die onderhawige ondersoek aan die lig gebring dat die formeel opgeleide swart laat-adolescent sou kon baat vind by 'n huweliksvoorbereidingsprogram wat Westerse, sowel as bepaalde tradisionele inhoude insluit.

6.4.1 Riglyne ten opsigte van die verrekening van tradisionele faktore in 'n huweliksvoorbereidingsprogram vir die formeel opgeleide swart laat-adolescent

Gebruik vanuit die tradisionele kultuur wat nog steeds 'n invloed op die hedendaagse swart huwelik uitoefen, het te make met die volgende: poligamie, die rol van die man, ilobolo, die hantering van probleme en die aard van die huweliksverhouding.

1. **Poligamie:** Poligamie is die huwelik van een man met meer as een vrou. Alhoewel dié gebruik merendeels onder die hoofmanne en welgesteldes voorgekom het, was dit ingebed in die tradisionele waardestelsel van die swart persoon en is dit daarom as aanvaarbaar beskou (vgl. 3.2.3). In 'n huweliksvoorbereidingsprogram sal die poligamiese erfenis, wat kan manifesteer in buite-egtelike verhoudings byvoorbeeld soos volg aangespreek moet word:

- Die swart laat-adolescent moet ingelig word aangaande Westerse

waardes wat getrouheid in die monogame huwelik hoog aanslaan.

- Negatiewe gevolge van buite-egtelike verhoudings, naamlik gesinsverbrokkeling, disfunksionele rolmodelle, onstabiliteit in die huwelik en so meer moet met die swart laat-adolessent bespreek word.
- Die gesondheidsrisiko's wat buite-egtelike verhoudings inhou, moet ook by hernuwing onder hulle aandag gebring word.

2. **Rol van die man:** Op grond van sy status as man, was die man tradisioneel met gesag en aansien bekleed. Hy was die onbetwisbare hoof van sy familie, met volkome gesag oor sy vrou en kinders (vgl. 3.2.5.1). 'n Huweliksvoorbereidingsprogram het ook die taak om die kliënte op te voed in die aanvaarding van nuwe rolle. In die man se geval hoef die statusverhoging van vroue nie noodwendig te lei tot die vermindering van aansien by die man nie. Albei partye kan betrek word by die bespreking van rolverandering, en nuwe rolle kan met behulp van rollespel en modellering ingeoefen word.
3. **Ilobolo:** Hierdie gebruik was tradisioneel ryk aan betekenis en het gewoonlik die oordrag van beeste deur die aspirant-bruidegom aan die bruid se familie behels. Dit het geldigheid aan die huwelik verleen; dit het aansien en sekuriteit aan die vrou verleen; kinders is daardeur by die vader se linie ingeskakel, en dit het gedien as kompensasie vir die vrou se familie vir die verlies van haar dienste (vgl. 3.2.2). Die huweliksvoorbereidingsprogram kan in die behandeling van hierdie tema voorsiening maak vir die bespreking van die voor- en nadele van dié gebruik. Bespreking in hierdie verband impliseer die aktiewe deelname van die kliënte en die berader. Die ouers kan desnoods betrek word om 'n verdere dimensie aan die bespreking te verleen. Insette van albei voornemende huweliksmaats en die ouers moet verkry word om ook die finansiële implikasies van ilobolo op die tafel te lê.
4. **Die hantering van probleme:** Tradisioneel is verskille in die huwelik besleg

deur die familie te betrek (vgl. 3.2.4). Die onderskeie families het bymekaar gekom en die probleem bespreek. **Konflikhantering in familieverband** is derhalwe 'n baie belangrike area wat 'n huweliksvoorbereidingsprogram moet aanspreek. Lesings, rollespel en modellering is strategieë wat met vrug as didaktiese hulpmiddels ingespan kan word om hierdie vaardigheid aan te leer.

5. **Die aard van die huweliksverhouding:** Tradisioneel was die huwelik 'n familieverbintenis, met sterk klemplasing op die feit dat die twee onderskeie families deur middel van die huwelik verenig is. Die familie is as deel van die huweliksverhouding beskou en het ook gegeld as 'n mag wat intimiteit in die huwelik teëwerk (vgl. 3.2.5). In 'n huweliksvoorbereidingsprogram behoort die klem te val op effektiewe kommunikasie wat intimiteit en emosionele betrokkenheid by die voornemende huwelikspaar in die hand werk. Hier kan metodes soos lesings, besprekings van individuele behoeftes, rollespel en modellering ook ingespan word om kommunikasievaardighede aan te leer en in te oefen.

'n Integrale deel van 'n huweliksvoorbereidingsprogram wat ontwerp is vir die swart laat-adolescent, behoort besondere klem op die individuele behoeftes van die swart laat-adolescent te plaas, deur toe te sien dat die behoeftes verwoord en dan aangespreek word. Aktiewe deelname van persone wat so 'n program bywoon, is dus van kardinale belang. Die aktiewe deelname van die persone wat aan so 'n program deelneem, is van deurslaggewende belang.

6.4.2 Enkele praktykrylyne vir 'n huweliksvoorbereidingsprogram vir die formeel opgeleide swart laat-adolescent

Op grond van die ondersoekbevindinge kan (sonder aanspraak op volledigheid) die volgende praktykrylyne vir die **ontwerp en ontwikkeling** van 'n huweliksvoorbereidings-program vir formeel opgeleide swart laat-adolescente neergelê word:

6.4.2.1 Programontwerp

Die volgende voorstel vir die ontwerp van 'n huweliksvoorbereidingsprogram word gegee na analogie van 'n voorhuwelikse waardebepalingsprogram (*premarital assessment program*) soos ontwikkel deur Buckner en Salts (1985:514-519). Die program word om die volgende redes as geskik vir die formeel opgeleide swart laat-adolescent beskou:

- Die program volg die sisteembenadering. Hierdie benadering word as die ideale teoretiese uitgangspunt vir 'n huweliksvoorbereidingsprogram vir die formeel opgeleide swart laat-adolescent beskou (vgl. 4.4.3.1).
- Russel en Lyster (1992:450) stel tereg dat elke verhouding kognitiewe en affektiewe komponente bevat en daarom moet 'n huweliksvoorbereidingsprogram **inliggend** sowel as **onderriggesentreerd** wees om albei komponente aan te spreek. Die genoemde program voldoen aan hierdie vereiste.
- Laastens maak die genoemde program ook voorsiening vir die spesifieke behoeftes van die swart laat-adolescent, soos die empiriese ondersoek dit aangedui het (vgl. 5.4.3.2). Die spesifieke behoeftes sluit in:
 - ◆ Skoling in die hantering van konflik.
 - ◆ Die aanleer van kommunikasievaardighede ten einde op 'n hoë intimiteitsvlak te kan funksioneer.
 - ◆ Inligting en onderrig aangaande die voorkoming en hantering van
 - * buite-egtelike verhoudings;
 - * fisiese geweld in die huwelik;
 - * alkoholmisbruik.
 - ◆ Onderrig in finansiële beplanning, wat ook die ilobolotransaksie sal aanspreek.

Die program het die volgende doelstellings:

1. **Eerstens** om voornemende huweliksmaats in staat te stel om hulself, mekaar en hul onderlinge verhouding te ondersoek om sodoende te bevestig dat die ander party die persoon is met wie hulle in die huwelik wil tree. Die doel

word bereik deur die vaardighede te evalueer wat die paartjie aanwend om die verhouding in stand te hou. Dié vaardighede sluit onder meer in: effektiewe kommunikasie, die vermoë om probleme op te los en konflikthantering. Individuele en gesamentlike verwagtings, doelstellings, rolle en behoeftes word verken sodat die paar hulle verskille in oënskou kan neem.

2. Die tweede doel van die program is om te fokus op die probleemareas wat die paar in hul verhouding ondervind. Dié areas kan die volgende insluit: vriende, familie, godsdiens, waardes, finansies, kinders en seksualiteit.
3. 'n Derde doel is om die paar aan te spoor tot bereidwilligheid om in die toekoms professionele hulp te soek as huweliksprobleme sou opduik.

Ten einde die genoemde doelstellings te bereik, moet 'n aantal temas behandel word in opeenvolgende sessies. Na die inleidende sessie wat die program aan die paartjie bekendstel, volg die eerste sessie wat konsentreer op die geskiedenis van die verhouding. Daar word ook kortliks na die huweliksreëlings gekyk om vas te stel of die paar en die onderskeie families tevrede is met die reëlings tot dusver.

Die tweede sessie dek verwagtings, doelstellings, rolle en die behoeftes van elke individu en van die paar. In die derde sessie word aspekte soos familie, kinders, finansies, vriende en voortplanting bespreek. Die vierde sessie behels 'n ontmoeting met die onderskeie ouers. Die doel daarvan is om vas te stel hoe die familiesisteem in aksie lyk en om moontlike bestaande probleme op te klaar.

In die vyfde sessie word kommunikasie- en konflikthanteringsvaardighede behandel. Die laaste sessie se fokuspunte is waardes en seksualiteit.

Die volgorde en tyd wat aan elke onderwerp afgestaan word, sal bepaal word deur die paar se behoeftes. Daar word ook van 'n huiswerksisteem gebruik gemaak waar oefeninge wat by die huis gedoen word, die inligting verskaf vir die volgende

werkopdrag. Die formaat van elke sessie behels 'n opsomming van die vorige sessie, bespreking van die huiswerk, bekendstelling van die nuwe onderwerp en 'n opdrag vir verdere huiswerk.

Die program kan as deel van gemeenskapsdiens saans of oor naweke aangebied word by tersiêre instellings of gemeenskapsentrums. So 'n program kan in die plaaslike koerant geadverteer word en belangstellendes kan dan inskryf. Lekeberaders kan ook die program bywoon en sodoende opleiding ontvang in hulpverlening aan voornemende huweliksmaats. Geestelike leiers, maatskaplike werkers, beraders en dosente kan die program aanbied. Bepaalde gedeeltes van die program kan ook ingesluit word in die inhoud van kursusse wat op tersiêre vlak aangebied word. As voorbeelde kan hier verwys word na 'n diploma in gesins- en seksualiteitsopvoeding, of 'n module in seksualiteitsopvoeding wat deel kan uitmaak van 'n B.Ed-kursus.

6.4.2.2 *Programontwikkeling*

'n Huweliksvoorbereidingsprogram behoort aan die hand van 'n kurrikuleringsmodel ontwikkel te word. Mostert (1985:13-23) gee 'n oorsig oor die kurrikulumontwikkelingsmodelle van Tyler, Wheeler, Nicholls, Hunkins, Oliva en Jansen en kom tot die gevolgtrekking dat sekere handeling redelik algemeen in gesofistikeerde kurrikulumontwikkeling aanvaar word. Daar word voorgestel dat dié handeling ook in die ontwerp van 'n huweliksvoorbereidingsprogram vir die formeel opgeleide swart laat-adolescent gevolg word, naamlik:

- **Situasie-analise:** Die handeling is verwant aan **behoeftebepaling** en veronderstel die identifikasie van die behoeftes van die swart laat-adolescent wat die inhoud van so 'n program sal bepaal (vgl. 4.3.1).
- **Doelstellingformulering:** Nadat die situasie-analise voltooi is, kan die doelwitte wat die huweliksvoorbereidingsprogram onderlê, geformuleer word.
- **Seleksie en ordening van inhoud:** Soos reeds genoem, sal 'n behoeftebepaling die inhoud rig; die ordening daarvan sal op prioriteitsgrondslag geskied.

- **Bepaling van suggesties met betrekking tot didaktiese riglyne:** Die inhoud van die program sal bepaal watter didaktiese strategieë (rollespel, lesings, modellering, ensovoorts) aangewend sal word om die verlangde resultate te verkry.
- **Evaluering:** Deur middel van 'n vraelys aan die einde van die huweliksvoorbereidingsprogram, kan bepaal word of die doelwitte bereik is.

6.5 AANBEVELINGS

Op grond van die ondersoekbevindinge en die daaruit voortvloeiende gevolgtrekkings en riglyne word die volgende aanbevelings gemaak:

- Potensiële gebruikers van die navorsingsresultate (heweliksberaders, maatskaplike werkers, sielkundiges, opvoedkundiges en geestelike leiers) behoort deeglik kennis te neem van die bevindinge - dit is ook in die besonder aan te bevele dat die frekwensietabelle (soos vervat in hoofstuk 5) vir partikuliere toepassings geraadpleeg en gebruik word.
- Daar behoort deeglik kennis geneem te word van, en uitvoering gegee te word aan die riglyne met betrekking tot die ontwikkeling en aanbieding van 'n huweliksvoorbereidingsprogram vir formeel opgeleide laat-adolessente (vgl. 6.3). Van besondere belang is die betrokkenheid van swart kundiges in die programontwikkeling en -aanbieding.
- Hierdie studie behoort beskou te word as 'n breë algemene basis waarop ander navorsers in dié veld kan voortbou. In dié verband word die volgende aan die hand gedoen:
 - ◆ Die empiriese ondersoek wat in die onderhawige studie onderneem is, behoort herhaal te word in ander tersiêre instellings, asook in ander toepaslike opleidingsomgewings. Sodoende kan die huweliksverwagtings van 'n groter grós laat-adolessente geïdentifiseer en gebruik word om die inhoud en aanbieding van 'n huweliksvoorbereidingsprogram te bepaal en te (her)evalueer.

- ◆ Daar behoort 'n vergelykende ondersoek onderneem te word na die huweliksverwagtings van formeel opgeleide swart laat-adolessente en dié van swart laat-adolessente wat nie formele opleiding ontvang het nie.
- ◆ Ter wille van effektiewe huweliksberading in die veranderende maatskaplike opset in Suid-Afrika, is dit aangewese dat 'n vergelykende studie aangaande die huweliksverwagtings van swart en wit formeel opgeleide laat-adolessente onderneem word.

6.6 SLOTOPMERKING

Met die ontwikkeling en implementering van so 'n huweliksvoorbereidingsprogram, sal daar op die pleidooi van Malao (1994:14) ag gegee word: "Urgent solutions are needed to stem the slide towards a moral disintegration and social fragmentation especially in the African society".

BYLAE A

ONDERHOUDSKEDULE

1. SEX

Male

☐

Female

☐

2. AGE

3. MARITAL STATUS

Divorced

☐

Married

☐

4. DEGREE OF WESTERNISATION

☐ I live in a westernised manner☐ I live in a westernised and traditional manner to the same extent☐ I live in a more traditional manner

